KIELHAAL

(roman)

T.P. KAPP

Literêre teks voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
M.A. Kreatiewe Afrikaanse skryfkunde

"I'm real."

- J-Lo

Dag 5

"I like to look good, and feel good."

- Billy Blanks

Daar is min dinge so mooi soos ŉ Hollywood einde.

Simon sien die doodskis stadig en geruisloos voortrol op die titaniumspoor. Hy voel die vibrasies deur die dek van die *Fantasy*, en gril. Die luukse passasierskip is geanker, iewers tussen Port Elizabeth en Oos-Londen. Net anderkant ŉ klein robeiland hang seevoëls in die lug, en duik-duik agter die oorskiet van slagtings aan.

Die gaste, verenig in droefheid, staan op iTshona, die agterste dek. Swart traanspore op Gatineau gesigte. Die dominee praat houterige woorde deur die guanoreuk van die middag.

"Vloog was vir ons almal ŉ broer, ons sekere vesting, ons kaptein op die woeste waters…"

Vloog se brandstof was Mills en Red Heart. Een van daardie amper uitgestorwe skepsels wat nie sy labels gekies het nie – hulle't hom gekies. En die nag voor laasnag het Vloog ŉ laaste huldeblyk aan die Red Heart gebring, voor hy sy middeljarige lyf vir die visse gevoer het. Die bottel op ŉ moeë tafel in die Cruelty Lounge, ŉ kwartsluk oor. En die stuk vleis in die water wat die kaptein van die *Fantasy* was.

Oomblikke tevore was die kis nog bedek met die amptelike vlag van die *Fantasy* – ŉ retrostermotief in swart, goud, groen, rooi, wit en blou. Dennis kon nog nooit nee sê vir seremonie nie. Stel jou voor, een van die min kere wat jy *The last salute* kan speel! Vanaand gaan die tromboonspeler jazz speel in die skip se nagklub, Beautiful Strangers. Nou staan hy swart gepak en lek sy vet lippe voor hy die instrument daarteen druk, en die eerste note uitblaas.

Die kis is leeg. Vloog se lyk, dit wat oor is, is in ŉ boksie gepak en weggestuur vir forensiese toetse. Dennis moes voortgaan met die seebegrafnis. Die somber atmosfeer was besig om alles te ruïneer: die samesyn aan boord, die kykers se gemoedere, sy persoonlike fortuin, die insetsel oor sy Harley-Davidson.

Soos almal weet hoort ŉ opgevoude vlag tog saam met ŉ huilende vrou. Hoeveel clichés kan mens in ŉ halfuur aanmekaarryg? Alfie, voortaan kaptein Alfie, of dan

kaptein Cowie, staan met die vlag, gevou in ’n driehoek, en die tromboon kerm al harder, en Alfie weet dis amper die einde van die liedjie, en hy kan nie verward lyk nie maar vir wie gee hy die vlag? Vloog het geen naasbestaandes gehad nie. Die enigste een wat ooit met hom gepraat het was Dennis. En Dennis is nie ’n huilende vrou nie. Maar hy is wel die argitek van kunsmatigheid. Simon sien hoe hy met ’n goed gekamoefleerde gebaar sy Kristina vorentoe stoot. Kristina. Simon weet dis verkeerd om jags te wees by ’n begrafnis, maar o, Kristina. Sy ontvang die vlag, surrogaat wenende weduwee, terwyl Williams so amper op maat van die saluut omstap, die PD150 op sy skouer.

It's a wrap. Dennis se skapies staan klompies-klompies om die kis, hulle Bambi-oë grond toe gerig, drup-drup, die goeie natriumchloriedwatertjie. Sy gastelys is so gebalanseerd soos ’n Kauai toebroodjie:

Daar’s die Engelse Club – old boys verbintenisse en onrusbarende hoflikheid in die ouer garde. Die intimiderende, hip jonges. Die Xhosa-kraal. Ou swart mans in die ongemaklike lywe van die nouveau riche. En die jonges, of ten minste dié op die *Fantasy*, met die selfvertroue van die toekoms. Dan is daar die Nuwe Afrikaner Afvaardiging. Die oues met plomp onderlippe vol melk, heuning en strategiese beplanning. Kobus Vos, Anton Bothma. En die jonges in die waas van onsekere skuldgevoelens. Die Samantha le Roux’s, die Jacques Kallis’e. Hy kry hulle jammer. Hy kry enige generasie jammer wat Kurt Darren en Patricia Lewis as hul ikone moet aanvaar. En dan is daar natuurlik die Indiërs, Zulu’s, Sotho’s, Wes-Afrikane, Oos-Afrikane. En die coloureds of course. Onder-offisier Cupido, kelner Cyril. Lotto-girl Yvonne Arendse. Harold, die projeksieman in Dennis se retroteater. En Simon Afrika.

Tussen en bo al hierdie groepe staan Dennis en Kristina: Dennis is Dennis Devilliers. Afrika se eerste volwaardige mediamagnaat, eienaar van die *Fantasy*, die versamelaar van die manies depressiewe daalders van die Suid-Afrikaanse TV-kyker, die towenaar met sy hande in Armani, die toutjies van ’n poppespel in sy harsings. En agter uit die harsings groei die wit bokstert wat saam met die delikate beenstruktuur ’n bekende gesig in elke gesonde huishouding geword het. Die besturdende direkteur en meesterbrein van *VTV*. Aan sy sy is Kristina Wielich, die soel, dwelmverslaafde tierin. Die meesteres van die vraende blik, die dominatriks op die stilettos van die liberale kapitalisme.

En Vloog. Wat nie in die kis lê nie. Die stuurman wat die pad byster geraak het. En al die ander gaste, wat bietjie anders is, maar baie dieselfde is, en almal saamborrel in die bouillabaisse van die *Fantasy*.

Terwyl die dominee sy afsluitingsgebed doen, komponeer Simon gou die kitsch frases van rou. 'We mourn the passing of…', 'With fond remembrance we…', 'Where your soul rests…' Want die *Fantasy* is nie net 'n skip nie. Die *Fantasy* is nie net 'n plesiervaart vir al die planete om Dennis se son nie. Die *Fantasy* is 'n realiteitsreeks, 'n skouspel, ononderbroke, en daar's kykers by die huis. Op *VTV*: een kanaal voltyds en hoogtepunte op die ander. Op *V.co.za* voltyds, en 'n klomp gunstelingtonele wat herspeel kan word.

Ready to go in five, four, three…

Ná die seremonie moet iemand die kodes ontsyfer, en woordversiersel vind vir die prentjies wat deur die lug vlieg na die honger oë van die publiek. Williams staan met sy lens gerig op die dominee. Vernon, hulle regisseur, wys vir Simon twee vingers.

It's got to be ripping, it's got to be bursting with life.

Simon is die stem van die *Fantasy*.

Hy kyk hoe die kis stadig kantel en gly, wil-wil bolmakiesie, en die see tref. Surface tension, dink Simon, en maak sy keel skoon.

Pectora roborant cultus recti

&

Met die val van die kis voel Faye nóg 'n opwelling in haar. Sy vroetel tussen die opgefrommelde Twinsavers na een wat nog nie so erg gebruik is nie, en blaas haar neus. Die dominee het so mooi gepraat, van al die helde in die geskiedenis wat moes doodgaan.

Die mense begin sing. Sy ken nie die woorde nie, maar dis op die wysie van "Ek sien 'n nuwe hemel kom" so sy kan saamneurie. Sy haal die Huisgenoot uit en soek die foto van almal saam op die boot. Daar agter staan hy. Trots in sy kapteinsuniform, die goud op die skouers. En van ver af kan mens glad nie sien dat hy 'n glasoog gehad het nie.

Sy't só gestem vir hom. Om die prys te wen. Die twee miljoen wat een van die mense op die skip kan wen, as hulle die meeste SMS-stemme kry. Maar nou's hy weg. Sy kyk op na die woonstel se plafon. Daar, net daar bo, het hy gebly. Lynne

Heights nommer 38, Brightonweg, Milnerton. Sy's in nommer 28. Reg onder hom. So lank en sy't hom nooit eers geken nie. Hallo by die deur, hou vriendelik die sekuriteitshek oop, maar nooit gepraat nie.

Waar die amberkleurige lamp uit die dak hang, sien sy die verf afpeul. Sy kyk af, vas in die mat vol sigaretbrandmerke. Moet nog aartappels skil vir tjips maak vanaand. Sy kyk terug na die skerm, waar daai kommentatorman begin praat. Wat is sy naam nou weer? Simon? Hy lyk soos ŉ baster. Maar hy's OK, wat.

"We bemoan the loss of our dear friend and captain, Vloog van Dyk. Oh captain, my captain, we say today. For you the burden was a heavy one. We wish you peace ever after."

Ai, die dag toe hulle geseil het. Klop aan die deur en toe sy oopmaak staan hý daar, in sy kapteinsuniform! En sy't gedog hy werk op die visserskuite!

Sy weet hy't nooit bedoel om kortaf te wees nie. Maar hy was. Met die een oog wat anderkant toe kyk.

"Skuus. Mevrou. Uhm.. kan u miskien na my plant kyk, terwyl ek weg is? En, as daar miskien ŉ pyp bars, of iets."

Snaakse kyk in sy lewendige oog gehad. So half … verveeld of iets. Hy't ŉ stukkie reghoekige leer, met ŉ sleutel daaraan, na haar toe uitgehou. Dis mos nou nie ŉ probleem nie, het sy gesê. Enige tyd.

Dis tyd dat bure weer bure raak, het sy gesê.

En toe't sy gaan sit en dit was nie vyf sigarette later nie toe stap hy waaragtigwaar op die TV op. Daar met die groot boot, en die oulike Matuwe-meisietjie, juffrou Suid-Afrika, wat sukkel om die sjampanjebottel gebreek te kry, en daai Dennis wat sy hande in die lug gooi met sy glimlag.

Sy't haarself belowe – sy sal nét na die plant kyk. Sy sal elke keer ŉ beker vol water in haar éié huis volmaak, opstap, en dit by die plant ingooi en nie links of regs kyk nie. Sy respekteer mense se privaatheid.

Maar die dae het so lank geraak! Heeldag by die huis en dan's die TV mos nou maar aan, en elke dan en wan is dit weer Vloog wat vir die ander bevele gee, Vloog wat staan en rook op daai torinkie waar almal met die uniforms is.

Sy sal nou regtig by die aartappels moet uitkom, anders is Hannes weer moeilik as hy moet wag vir sy kos. Sy gaan haal die sak langs die groenterak.

En toe is daar die keer toe die arme plant se blare so vol stof is. En daar lê toe die lap byderhand, simpel soos sy is nie raakgesien die fotoraampie wat so een punt op dit rus nie. En sjoe het sy nie geskrik toe die raampie skielik aftuimel en stukkend breek op die grond nie! Sy kon haar hare uittrek! Sy't geweet sy moes haar eie lap gaan haal!

Versigtig eers haar éié skoppie en besempie gaan haal in die woonstel onder. En toe eers die groot stukke glas opgetel, toe die raampie. En die foto'tjie. Lyk of hy op 'n bootjie staan, met 'n groot vis in sy arms. En op sy pet, 'n gele wat hoog sit op sy kop, lees sy "West Coast Fishing Challenge" en "1987".

Sy't die laaste glassplinters skoon opgevee, en uitgestap. Een keer teruggekyk. Soveel laaie, sy't gewonder watse klere in die kaste hang, watse foto's in daai albums is… En toe besef sy maar sy sal mos die raampie moet vat as sy die glas wil vervang. Om die grootte te sien. Sy't dit in haar sak gesteek, die foto vasgehou op die hardboard.

En wat gaan sy nou maak?

Sy sal die stukkie glas koop, die foto terugsit. Sy familie sal dit wil hê.

Terwyl sy begin skil kom die trane weer. Op die skerm speel daai 'Taps'-liedjie, en die mense staan maar so rond. En sy huil. Oor alles. Oor die sofa wat stink, en oor die verf wat afpeul. Oor Hannes wat 'n goeie man vir haar is al is hy die laaste tyd so anders en Roland wat 'n goeie seun is al het hy probleme en oor die weet nie hoe lank sy vir die plant gaan moet sorg nie.

Sy gaan sit weer by die TV met die pot en die groenteplank en die aartappels. Sy skil en sy sing die woorde vir die wysie wat sy nou uit haar kindertyd onthou

> "Day is done
>
> From the sun
>
> From the skies, from the sea, from the land
>
> All is well
>
> Safely rest

God is nigh..."

&

It's a wrap.

Simon gee die mikrofoon vir 'n assistent aan, en druk sy hand, so ondersteunend as moontlik, teen die naaste rug. Jissustog hy wil net by sy kamer uitkom, 'n Ransom aansteek en 'n lang straal pis.

Voor die spieël trek hy die swart knoophemp uit en kyk na die man in sy katoenbroek en wit T-hemp. Simon Simon simple Simon, sy hare vol keratien en guar hidroksiepropieltrimoniumchloried. Sy wange wat plomper raak. Sy maag wat bult, sodat Biko se gesig op die T-hemp skeeftrek hier na onder toe. Time for a shake up, dink hy. Hoe't ma altyd gesê? Vyf meals voor en drie kakke agter. Hy wil voel soos die Special K-girl, wat met 'n huppel in haar stap op nasionale TV praat oor hardlywigheid.

Die sigaret is sleg, al proe hy lankal nie meer die smaak nie. Gelukkig ook nie meer die chemikalieë nie. Dis 'n wen-wen. Of 'n Catch-22. Of iets. Hy't altyd gedink hy gaan 'n skrywer word, maar was nooit heeltemal skerp genoeg nie. Skerp genoeg vir morone met skemerkelkies, maar nie vir die uitgewers nie. Miskien moet hy net regkom. Soos 'n gebreekte radio, twee draadjies wat weer konnekteer as jy hom hard genoeg klap. Miskien moet hy die regte plek op sy agterkop kry, en homself regklap.

Hy onthou eerste sigarette in vriende se huise. Hy was altyd die kleinste. Selfs sy klein boetie Roger was groter as hy. En sterker. Groter bek. Party ouens het drank by die sjebeens gekry. Dan praat hulle. Groot stories. Oor die land, oor die Youth League. Oor 'n nuwe sokkerklub waarby hulle gaan aansluit. Simon het net gesit en geluister. Hy wou nie in die kak kom nie. Sy ma't hom al van kleins af gewaarsku – hy's haar slim kind, hy moet gaan leer en eendag vir die familie sorg. En vir Roger ook werk gee, want 'godwiet die kind gaan homself doetgeskiet kry'. En op UWC het hy sy aksent afgeleer, en dieselfde stories gehoor. Die keer met groter woorde. 'Nationalist Exclusion Strategies', 'Destratified Labour Force', 'Cultural Imperialism'. Daar was weer rook, drank, harde woorde, vuiste in die lug. Maar weer het hy net geluister. Hy't gesien hoe die jare voor hom uitstrek voor hy vir die familie kan sorg. Werk kry by 'n koerant en miskien is daar 'n bode-werk of iets vir Roger. Hy moenie kak maak nie. Hy't in sy dagboek die dag gemerk waarop hy die

eerste keer kan gaan werk soek. Dan sou hy die stories gaan soek en hulle so vertel dat almal kan sien waarom hulle saak maak. Hy't uitgewerk: dit sou die 12de Desember wees. 1986. En die 12de het aangebreek. Die hele familie bymekaar. Behalwe vir pa natuurlik maar pa was 'n ander storie. Ooms anties oupa en ouma. Maar nie vir sy graad nie. Vir Roger. Want op die 10de het Roger gaan sokker speel. En nie teruggekom nie. Die foon het daai aand, die 12de, gelui. Sy ma't geantwoord, maar die foon so gehou dat almal kon hoor. Dit was 'n krapperige lyn, en partymaal was dit lank stil. Maar dit was Roger. Nee hy kan nie sê waar hy is nie. Maar hy's OK. En hy gaan veg, 'n soldaat vir die struggle. Simon het jare om gedroom, Roger by opleidingskampe in Rusland, Roger ondergronds in 'n safe house. Roger in die tronk, suffering for his beliefs. Dit was die struggle vir Simon. Hy wat begin as runner by die TV-nuus, en Roger daarbuite. Hy wat brood op sy ma se tafel sit en Roger wat trane in haar kussings sit. Hy't in koerante elke berig gelees, op soek na spore van sy wilde broer. Maar hulle't nooit weer niks van hom gehoor nie. Al daai drome hang nog in die lug.

Hy voel-voel onder die bed, vat die TV se afstandbeheer raak, en sit aan. 'n Mooi enetjie sing 'Have a little faith in me'. Cleavage, sterre en strepe. Loopbaan gebou op die goeie ou cover song/breast line/lip gloss kombo. Super-size it. Hy's seker nie een om te praat nie. Stadig besig om die fat in fat cat te sit, miskien volgende jaar 'n partnership in *V*, TRICKSTA – WP op 'n X5 se nommerplate.

Hy voel nog die sooibrand opstoot in sy keel. Seker die middag se ete. Of ontbyt. Of die snack bar. In sy ensuite kombuisie maak hy 'n pakkie Eno leeg in 'n glas water. Die poeier borrel tot 'n helder deursigtigheid, soos 'n nuwe demokrasie in die wêreldlegkaart. Hy flits deur die ander kanale. Dr. Phil, Felicia se opera, gapende parlementariërs, 'n heruitsending van Full House. Hy sit vas op 'n Kwaito video tot hy die dog tags en S*W*A*T-baadjie sien. En op *VTV* staan 'n paar passasiers nog in swart uitrustings op die dek van die *Fantasy*.

Hy wonder, as die ander gaste ook toegang tot *V* gehad het, sou hulle vir hulself sit en kyk? En sou die kykers sit en kyk hoe glanspersoonlikhede vir hulself sit en kyk? Sou sateliete die oomblik kon vaslê in volkleurfoto's vir die apokalipsargiewe? Hy skud sy kop. Die ge-wank wat sy verdwaalde kop aan die klop hou. Skakel eerder terug na die lip gloss-cover-kombo. Met genoeg mayonaisse kan mens enige kak eet.

&

Op die agterste dek stryk die albatros neer. Haar kloue gryp die staalreling vas en vind vastigheid voor sy haar vlerke invou. Daar staan ’n paar van die swart rawe met swart oë en bleek gesigte.

Die eerste nag het hulle geraas, en heen en weer beweeg.

Die tweede dag het hulle stadig rondbeweeg, en geëet.

Die derde dag het hulle stadig rondbeweeg, en geëet.

Die vierde dag het die seevoëls langs die kant van die boot gedraai. En die water het gewemel.

Sy flap haar vlerke eenmaal, en styg op lugstrome tot bo die skoorsteen waar ’n warm stroom lug haar voortdra. Die skip is ’n hawe in die waterwoestyn. Onder haar is die glasdak van die eetkamer, dáár onder, die gesigte van die massas, onder die gesigte die ledemate. Oksels, tepels, boude, balle, poese, hare, ingroeitoonnaels, gebarste hakke, tussentoonvuil, geskeerde rûe, toegebinde saadbuise, oë, monde, tande, epiteelselle, drie breinvliese en ’n effens hartvormige spier in die bors.

Klein, kleiner as die ander, die skip. En blink, blinker as die ander. En nou is dit die vyfde dag. Daar is rawe op die dek.

&

Tydens die begrafnisgebed het Kristina onder Dennis se arm uitgeglip. Sy’t Vloog se vlag gaan uitspan op 360, die hoogste plek op die skip, en uit die voue in haar rok ’n paar dubbeltotbotteltjies gehaal. Gin. Tonic is só overrated. Sy’t seker gemaak die gemonteerde kamera op die kroegtoonbank kan haar nie sien nie, en haar bene voor haar uitgestrek, haar hoë hakke oor die kant van die ronde dek laat hang, drie verdiepings bo die begrafnis. En weerskante van haar het die wye materiaal uitgepof oor die hout. Wat ’n beautiful rok.

Wat ’n beautiful rok, want dis die beautifulste fyn kant en satynrosies vasgewerk in spirale al rondom. Wat ’n beautiful rok, want Dennis sal dit nooit herken nie. Al is dit Catherine s’n die o so slim besigheidspak yskassie advokaat met geen passie nie geen gevoel vir die lewe nie geen soul geen breath of life nie Dennis se tweede vrou. Al is dit Catherine s’n wat selfs op haar troudag dié grootste dag nie genoeg vroulikheid kon bymekaarskraap om die rok te laat léwe nie. En wat ’n beautiful

trourok, wat Dennis tot die laaste dag nooit sal herken nie. Want sy't dit swart gekleur.

Onder haar is Dennis besig om sy mensies in die skip in te lei. Sy skroef die klein blikdoppie af en sluk 'n gin af. Hoe rou mens oor iemand wat jy nie eers geken het nie? 'n Paar uur sonder om te glimlag? Kaartjies vir naasbestaandes? Is dit nie als ... baie 90's nie? Wel. Sy's redelik seker hoe sy dit gaan doen. Gin, en poetry, en Cartier.

Sy vou haar rok versigtig onder die reling uit, sodat dit nie haak nie, en staan op. Fokken stiletto-hakke. Sy skop hulle uit – kan nie nou val nie. Slapstick werk nie op begrafnisse nie. En as iemand haar vandag plá sal sy sy loerogies uitslaan met hierdie vierduim hakke oorgetrek met alligatorleer. Nee, nee, besef sy, sy kan nie dit dink nie. Sy's 'n verskriklike mens. Arme Vloog. Vloog Vloog Vloog eenoog.

In die KhoiSan Lounge kry sy die it-groepie. Dawid Werner, Samantha, Siyuvule, en ander. Lang vingers as tuimel van tyd tot tyd in kristalasbakke op die glastafelblad. Almal in swart uitrustings, kon net sowel Tarentino gewees het. Sy kyk waar die kameras is. Bo die kroeg, en reg teenoor, in die boonste hoek van die vertrek.

"Hi meisie," sê Samantha met swart mascara-strepe. Kristina gee haar 'n drukkie. Soos boksers, hoe nader hulle aan mekaar is, hoe minder skade kan hulle aan mekaar doen. Sy is mal oor boks. Laataand op die flat screen, o, as die houe so val raak sy sommer nat. Samantha se blonde bos hare kielie haar neus. Miskien 'n goeie haakhou…

"Hello darling," sê Dawid.

Sy skuif langs Siyuvule in. Mooiste Zoeloekrygerman. Hoofkarakter en haar medespeler in *Streamlines*, 'n nuwe reeks oor 'n polisieswemspan.

Kristina drink 'n tamatie-cocktail, en rook Cartier. Sy weet nie eintlik wat fout is nie. Deesdae kan sy nie meer in die gewone chat inkom nie. Sy kyk uit by die venster na die grys see. Sy krap aan die vleuel van haar neus 'n velletjie los. 'n Stukkie droë, dooie Kristina. Sy maak of sy na die water wil kyk, en leun by die venster uit. Sy laat die velletjie afval, en kan dit net 'n paar oomblikke volg voor dit verdwyn teen die agtergrond van die skuim en grys van die water onder. Sy leun terug en besef skielik albei kameras kyk na haar. En dat sy sopas vir al wat 'n kyker is gelyk het

asof sy in haar neus gekrap het en ’n stuk snot by die venster uitgegooi het. Ag fok dit. Sy lig haar glas vir die kamera.

Sy haal haar notaboek uit en skryf blaadjie vir blaadjie met haar vet swart koki vol.

En blaadjie vir blaadjie by die venster uit tot konsternasie van Samantha. Samantha is omgewingsbewus onder haar blonde Big Chief-haardos. Kristina verlang na haar fridge poetry.

“So wat gaan julle bokkies vanaand doen?” vra Dawid.

“Y’know, have a good time, chill out. Word.” sê Siyuvule kopknikkend.

“Ja ek voel so … lamgelê.” sê Samantha met knipoë, oor Dawid se skouer na Cam One.

“Ag, kom nou. Sammy, ek weet jý’t planne,” sê Dawid met ’n stoute glimlag.

Samantha gooi ’n blonde blik oor haar skouer na waar die kamera’s nou albei weggedraai is.

“OK, OK. Ek het gedink. Vanaand is fondue. So … van fondue na … wag daarvoor … food fight!”

Dawid lag.

“Dit sal die mood lig.”

“En my eerste teiken is Simon Afrika!” fluister sy opgewonde terwyl haar hande met die label van haar DNA-botteltjie peuter.

“Yeah that dude is just like lame man. Don’t know why he even got the job,” sê Siyuvule kwaai.

“En dan neem jy sommer die kommentaarwerk ook oor, nê skat?” lag Dawid.

Samantha se oë glinster.

“Wat van jou, Krissie?”

Sy gooi haar laaste blaadjie by die venster uit, ‘freedom’ vryswewend oor die water, en sluk haar Bloody Mary.

“I don’t know, eat some mushrooms, blow some cocks, blow up the ship?”

Hulle kyk verdwaas na haar. En sy besluit. Vir vandag. Die ergste ding in die wêreld is skuld. Is ’n Geskiedenis wat soos soos ’n satanstert agter jou aan sleep. Dis nie vir haar nie. Sy’s ’n geitjie. ’n Akkedis. Sy wikkel eenmaal en laat val haar stert, nes hy te lank raak. Groei en wikkel, val en aankruip. Sy kan nie stertjies saamsleep nie. Sy staan op, kyk vinnig oor haar skouer, sien Camera Two en hul monde gapende o’s in

haar glipstroom.

&

Beautiful Strangers. Simon staan teen die kroegtoonbank en luister met ŉ halwe oor na Vernon.

"OK, the way we're gonna do this, is subdued, stylish, cosy, supportive. We've got the trial audience aggregate opinion, and in general viewers feel there should still be some mourning. However, they'd like to see the slump lift. I'm thinking slow dancing. Also some outside scenes, we've got Vloog down as outdoorsy, a mariner, and we would like to see some sea shots at night."

Simon knik. Hy is nooit seker of die reghoekig-gebrilde regisseur op coke is of net regtig ŉ gelukkige mens is nie. Maar nou is daar belangriker goed om aan te dink. Soos wat hy gaan drink. Agter die kroegtoonbank staan die bottels voor ŉ lang spieël en roep. Die sambuca's, die vodkas. Die dowwe lig laat hom goed lyk. Skaduwees en karakter waar daar voorheen net vormlose vel was.

Dennis het vir die reis, en toekomstige projekte, ŉ toetsgehoor van ŉ duisend TV-stelle in verskillende woonbuurte oor die land geskep. Hierdie gelukkige konyne kon die loodspartytjies in Johannesburg, Kaapstad en Durban bywoon. In ruil word hulle TV's gemonitor, en daarvolgens word AR-projeksies gemaak. Natuurlik is hulle almal klaar kykers, en verteenwoordig nie die Mense Waaroor Ons Nie Praat Nie, dié wat nie *V* kyk nie. Om op te maak daarvoor toor die statistici die syfers af na ŉ semi-geloofwaardige AR.

"Also we've got Dennis on the piano on the outside deck later tonight. We'll work that into the epilogue of the evening condensed version. And try to build Kristina today. Foundation for the epilogue, where we can hópefully persuade little miss princess to sit on the piano."

Simon knik.

"And Simon, for God's sake. We need some human interaction between you and the guests. You're number 22 on the audience polls, and 4 out of 5 viewers say they'd vote for you, if only you'd be more ... human."

Simon knik. Daar's twee miljoen rand vir die kykers se gunstelingpassasier, aan die einde van die reis.

“All right people, we’re on 6 AR’s, looking to pick up, come on come on! We have to top 10 tonight!”

Beautiful Strangers word voorberei vir die fondue. Iets wat net as ’n reuse-tróg beskryf kan word, is ingedra. Dis gevul met olie, en gasbranders is langs die lengte daarvan opgestel. Kelners dra borde en borde aartappeltjies, biefstukkies, peertjies, patatjies, sampioentjies, uitjies, worsies, en lang vurke in.

Die gaste het al begin inbeweeg. Dit gaan ’n lang nag vol kreatiewe huldeblyke wees, woorde soos ‘innig’, ‘I'm so sorry’, heen en weer. En Dennis sal seker weer sy gedagtes wil deel. Gedagtes wat langs alle kante geslyp en gesplyt is. Simon voel iets in sy maag roer. Net Dennis het eintlik vir Vloog geken. Die res van die gaste, en hy self ook, het hom vermy, ’n monster met glasoog, pokmerkgesig en gromlag. Sy dood is ’n steelfoto, ’n advertensiebreek, 25 sekondes, oor en verby.

Hier kom sy eerste onderhoud aangestap. Kristina. In ’n goud-oranje rok, aanloklik soos ’n goeie bord sasjimi. Altyd goeie TV. Sy kom uit die badkamer gestap met pieringpupille.

“Kristina, how are you feeling?”

“Very … confused. I can feel it. He’s among us.”

“Who?”

“The spirit of Vloog … among us.”

“Of course, dear,” antwoord Simon. Hy laat sy stem met twee oktawe sak.

“I think he’s taking care of us. I think he’s walking around here, and I think he’s communicating ... with us ... from the other world.”

The camera loves her. Sy's die soort wat haarself so goed flous dat dit onmoontlik is om haar te flous. Simon laat haar praat terwyl Williams, die kameraman, stadig afhurk vir ’n pragtige skoot van onder met Dennis se kristalkandelaar in die agtergrond. Kandelaar en trane en borsmaat, dis die verleiding van melankolie, of die melankolie van verleiding. En op hierdie cocktease-oseaan is daar geen verskil tussen die twee nie.

“We’re doing this subdued, stylish, supportive” weerklink Vernon se woorde in sy kop. “More human.” Simon sit sy hand op Kristina se skouer en voel hoe die fyn

haartjies opstaan. Hy probeer menslikheid uitstraal.

Williams frons. Hy staan nader, en fluister in Simon se oor:

"Wat dóén jy?"

"Ek straal menslikheid uit," antwoord Simon.

"Dit lyk of jy wil kots," sê Williams.

Simon kyk weer na homself in die spieël. Hy probeer menslikheid uitstraal. En Williams is reg. Dit lyk meer na ongemaklike ingewandebewegings as egte gevoel. Hy sal moet werk daaraan.

"Just do normal," sê Williams. En Simon weet hy kan. Hy kán normaal speel. Hy draai terug na Kristina, maar sy't aangestap, sasjimi sasjimi slinger sy dansbaan toe.

&

Dennis bereken 'n pouse. Hy voel die ritmes van die retoriek verbytik. En op die juiste oomblik lek hy sy onderlip, komponeer 'n forse maar ontroerde uitdrukking op sy gesig en kyk op.

"Vriende. Dit is so dat die hartseer van die verlies van 'n geliefde ons uitmekaarskeur, en weer heg. Maar ek wil hê, vanaand, dat ons nie die afstande, kultureel, geskiedkundig, dat ons nie die afstande moet toelaat om te oorheers nie. Want vanaand weet ons in ons harte: daar is een ding wat ons verenig. Daar is een ding wat ons bymekaarbring, ons harte eensgesind laat klop, met vreugde en vertroue. Ek kyk na julle, en ek sien konings, prinsesse. Verenig in rou. Vriende, daar is een ding wat ons verhef tot daar waar ons hoort: liefde. Liefde, vriende, vir mekaar, vir ons land… vir Vloog.

"Vriende, ek weet wat Vloog vanaand sou wou hê. Hy sou nie eerbetoon van ons verwag het nie, al kan ons nie anders as om aan sy groot herinnering hulde te bring nie. Vriende, Vloog sou nie 'n tragedie hier wou hê nie, maar 'n fees. Ter viering van 'n lewe wat op al sewe kontinente afgespeel het, oor die sewe oseane. Vriende, lig saam met my die glasies. Op die léwe van Vloog, wat oor die donker skadu van sy dood triomfeer! Kom ons vier dít vanaand!"

Hy kyk na die glase gelig in 'n golwende see van 'n onsekere heildronk. Hierdie gaan 'n moeilike een wees. Hy dink nie net aan die groepie voor hom nie. Hy dink aan die

miljoene op land. En die duisende in Australië, Brittanje, selfs Japan. Ongelukkig nog nie Amerika nie. Dáár is bitter min belangstelling in Afrika-realiteitstelevisie. Maar hier, op die kontinent, hier lê die AR-landskap braak onder sy hand. Dit is waar, sommige mense beskuldig hom soms. Dat hy ŉ tiran is. Dat hy die nuwe outokraat is. Absurd. Hy het, per slot van rekening, al by vier swart vrouens geslaap. En hulle was nie almal ryk nie.

In Suid-Afrika word die TV-landskap geskat op vyf miljoen huishoudings. En sy intydse moniteringsstelsel gee vir hom ŉ goeie aanduiding van die persentasie van daardie landskap wat op *V* ingeskakel is. En daar lê die hartklop van *V*. Die onreduseerbare syfer. Die einde van vele gesprekke, die begin van enige onderhandeling. Die skelm oogwink vir honger adverteerders.

Dit was logies om Internet-ingeskakeldes ook by die syfer te tel, en die TV-landskap uit te brei na die weblandskap. ŉ Totaal van ongeveer sewe miljoen kykeenhede. In Suid-Afrika. En nou kan hy op enige tydstip weet watter persentasie *V* kyk. Net voor hy begin praat het, het sy AR's op 7.1 gestaan. 497 000 kykeenhede. Nie genoeg nie. Rekords lê by 28 rond, 9/11, die sokkerbod, Baywatch, daardie klas ding. Hy sal hulle breek. Hy sal voor die einde van hierdie reis die 30-grens oorsteek, al is dit vir ŉ sekonde. Maar dan sal hy voet in die hoek moet sit.

En daarom, saggies, begin hy te neurie. Auld lang syne. Oor die see van onsekere glase hoor hy sy tenoorstem trek. Hy maak sy oë toe, en, versigtig om die s'e te ontstem, voeg hy woorde by sy deuntjie...

"Die goeie oue tyd my vriend, die goeie oue tyd…."

&

"Ag weet jy," sê Faye, "die Dennis is eintlik darem maar ŉ goeie man."

"Bietjie van ŉ mof, as jy my vra," sê Hannes tussen slukke deur. Hy hou van sy brandewyn met suurlemoensap, en dan trek hy na elke slukkie sy gesig asof dit eintlik gans te suur is. Hy't nog sy uniform aan, hy's vir haar verskriklik mooi so in die blou.

"Haai skat, maar hy't mos daai meisie. Die 'Kristina'". Maar Hannes maak asof hy nie hoor nie. Sy kan hom enigiets vergewe in die brandweeruniform.

"Hoe was werk vandag?" vra sy.

“Nee here uit die staatsdiens moet ek uit,” sug Hannes. “Daar's wragtagwaar vandag weer ’n kaffer bo my aangestel.”

“Het julle enige calls gekry?”

“Gmf. Het ons enige calls gekry. Ons kry elke donnerse dag donners baie calls.”

“Enigiets interessant?”

Hy bly ’n rukkie stil.

“Ag daar was ’n fabrieksvuur in Epping. Die fokkers verpak rys daar. Teen die tyd wat ons daar aangekom het was die vloer vol fokken Rice Krispies. Snap Crackle fokken Pop.”

Hy't ’n hart van goud, en ’n rioolpyp vir ’n mond, sê sy altyd. Sy lag, en vat sy glas by hom. Die eerste twee wil hy altyd vinnig na mekaar hê.

“Jy daai seun van ons gesien vandag?” vra hy. Faye maak of sy nie hoor nie.

“Julle’t laat gewerk. Seker die Epping-ding?” vra sy. Vir sy eie beswil, as hy weer moet hoor van Roland wat saam met Lionel hier weg is, gaan hy homself net opwerk. Hy’s deesdae so anders, kort van draad, verloor sommer sy humeur, vir die simpelste goed.

“Huh?” vra hy.

“Ek sê dit was seker die fabrieksvuur, daar in Epping, wat jou so laat besig gehou het?”

Hy kyk weer TV se kant toe.

“O, ja, ja. Snap Crackle fokken Pop,” mompel hy, en vryf oor sy oë.

&

Die albatros swenk, laat haarself egalig na benede sweef, teen die warm lugstroom van die skoorsteen, verby die dekke van die skip, verby die ligkolle van kajuitvensters, en tot in die misreën bo die swart golwe. Sy kantel haar vlerke effens, en sweef weer op, en agtertoe, tot langs ’n donker kajuitruit. Sy pik-pik aan die ruit. Binne hang ’n swart uniform teen die deur, en op die bed lê ’n geel pet. Maar sy hoor nie die snorkgeluid nie. Dit was ook nie laasdonker daar nie. Maar sy weet die maan is nog nie hoog genoeg nie. Sy moet later terugkom. Maar sy is bang. Sy is bang dit

het weer gebeur. Die dood sweef saam met haar. Dis asof hy saam met haar, by die eerste raakvat aan ʼn skeepsreling, sy kloue inslaan.

&

Men min mon man obre ibre ble ble ba boe ba da da da da da da da da jada jada jada. Op hierdie skip, weet Simon, is woorde net klanke, los klanke wat dryf op ʼn swart see wat deur die dik romp van die *Fantasy* buite gehou word. Maar hy is op die pay roll, en hy hou sy bek. Hy kan in elk geval nie praat nie, net nog ʼn sosialistiese luidier met plomperwordende wange. ʼn Voorbeeld van ʼn uitgediende voorbeeld van ʼn uitgediende idee.

Maar dis feestyd, sê Dennis. Ons lig die glase ter wille van die nuwe hemel wat Vloog deur sy een goeie oog sien kom het. Ons vier die donker kant van vryheid. Want die amptelike rekord sê Vloog het verdrink, ʼn ongeluk, en ʼn rekonstruksie van die toneel sal op die evening condensed version gespeel word. Maar Simon, wat eerste op die lyk afgekom het, weet. Dit was selfmoord. Hy onthou die video, wat hy en Dennis saam gekyk het. Vloog wat opstaan en die versteekte deur oopmaak. Vloog wat kalm, sonder ʼn ruk of ʼn stik, hande vasgebind aan een van die staalhake, by die luik uitkom. Hy het seker eers verdrink, voor hy opgevreet is. Simon kon nie die video klaar kyk nie. Toe die eerste visse naderswem en pluk-pluk aan die wange het hy uitgeloop.

Hulle sê ʼn land se selfmoordsyfer is direk eweredig aan sy beskawingsvlak.

Die verhoog word aangebied vir enigeen wat hulde aan Vloog wil bring. Een na die ander maak die gaste gebruik van die geleentheid, Williams se kamera op hulle gerig. Die woorde bons soos verdwaalde tennisballe deur die vertrek, grafsteeninskripsies. ‘Hy was beautiful, op sy eie manier.’ ‘Sy hand was op die roer, en sy hart in die see.’ ‘With fond remembrance…’.

Hy was ʼn een-oog stamelaar wat sy oorblywende oog sou gee om een keer sy hand in een van die jong starlets se panty te mag gedruk het. Wel. In ʼn sekere sin is hulle seker reg. Hy wás beautiful. Op sy eie manier.

Eerlik, ja. Verdwaas deur die wêreld. Simon kon nooit met hom ʼn onderhoud voer nie, daar was te veel snorkgeluide en gevloek vir *V* se zero-SNVL kykers. Vloog was onbewus van enigiets behalwe sy volgende dop en the job at hand. Blykbaar iewers in die Oos-Kaap gebore. Toe Simonstad toe om in sy pa se voetspore te volg.

Was op die punt om kaptein te word van een van die twee duikbote in die vloot, maar het op die laaste nippertjie ŉ sielkundige toets gesak, en sy brigadier-pa kon niks doen om te help nie. Dennis het hom in Taiwan ontmoet, waar hy ŉ sambuk uit Keelung bedryf het, bekend was vir sy diskresie by die vervoer van hoërisiko-seekos en ander goedere. Het toe ŉ tifoon die skip getref het, Dennis se lewe gered. Hiep-hiep vir die eenoogseemonster. Dennis het een aand, na ŉ pre-produksievergadering, vir Simon vertel. Hy het ŉ klein kissie, die soort waarin kosbare juwele gehou word, uit die kluis gaan haal. Met die kissie styf vasgedruk op sy skoot het hy die storie vertel: 'Die wind, ŉ magtige dreuning, het die seile soos ryspapier geskeur! En Vloog, o, bloedbroer Vloog, het homself aan die stuur vasgebind om ons veilig daardeur te bring!' Ensovoorts, ensovoorts. Die skip het in twee geskeur en Dennis kon net onthou dat hy op groot, rustige golwe wakker geword het, met Vloog wat sy gesig bo die water hou. Hulle is deur die kuswag opgepik.

Simon onthou hoe Dennis versigtig die kissie oopgemaak het. Hy het vertel hoe hy die opaal-halssnoer wat die inwoners van die eilandstaat Niue vir hom gegee het, van sy nek afgehaal het. Hy het hulle gered deur die klein Stille Oseaan-eiland voor die neus van ŉ internasionale hotelgroep weg te raap. Simon het planne vir ŉ Suid-Afrikaanse *Survivor* geruik. Vloog het op sy beurt ŉ halssnoer van sy eie nek afgehaal. ŉ Klein stukkie been het aan die punt daarvan gehang. Timpaniese bulla, het Vloog glo gesê – oorbeen van die Minke-walvis. In die juweelkissie kon Simon die halssnoer sien lê. ŉ Spierwit stuk been, aan ŉ swart riempie. Simon het gedink aan die Osedax-wurm wat uitsluitlik die bene van dooie walvisse op die seebodem eet. Hy het so beïndruk probeer lyk soos wat hy gereken het die geleentheid betaam.

In Beautiful Strangers is dit die beroemde clairvoyant Mia-Shareze wat die verhoog seën met haar teenwoordigheid. "I just want to say... that I didn't know him, but I think ... it's always sad ... when a candle is blown out," deel sy haar wysheid. ŉ Wysheid uit dimensies wat Einstein se wenkbroue nog hoër sou laat lig het. Simon voel ŉ heerlike swart vloed negatiwiteit uit sy hol-chakra opstyg.

Om Vloog se dood te verstaan, moet mens seker begin by die Cruelty Lounge. En struktureel maak die Cruelty Lounge glad nie sin nie. ŉ Uitgesnyde, ingevoegde, after the fact plan van Dennis, die groot regisseur van die lewe. Hy't eendag by die skeepswerf aankom, die romp van die skip bekyk, en die hoofingenieur nadergeroep. Die hoofingenieur wat later die week bedank het. Simon onthou hy was opgewonde

toe die eerste werker huiwerig met sy sweisstaaf mik-mik na die witgeverfde romp. Die volgende oggend was daar in die helder wit van die *Fantasy* ŉ twintig-meterlange-, dubbelverdieping-gat. En toe kom daar op die skeepswerf ŉ stuk deurskynende venster aan. In ŉ WNNR-trok. Nie ŉ venster nie, het die wit jas wat uit die trok geklim het, gesê. Nie glas nie. Kubiese sirkoon. Sintetiese diamant. We can fake it all, het Simon gedink. Dit was omtrent 200 keer groter as die voorheen grootste kubiese sirkoon in die wêreld. En die tweede sterkste stof in die wêreld. Hy het gevra wat dit kos, en ŉ glimlag onder die wit jas se netjiese snor sien vorm. Later die week het die fisikus grootoog na sy handewerk gestaar, gefluit, en in sy trok geklim. Agter hom, in die stuurboordkant van die *Fantasy*, het die sonlig van die oppervlak van die reusagtige loergat af weerkaats.

Sarah-Tracy Vermaak op die verhoog. Sy snik en snuif, en sê 'I'm so sorry.' As Simon nie geweet het dat sy in Oostenryk bekend is as Lotte Liebchen die huilende porno-ster nie, sou hy haar miskien jammer gekry het.

Die nuwe onderwater-uitsigkamer het hom gefassineer. Simon het voor die reis, toe die skip al in die water was, gaan rondsnuffel. Mens kon deur die venster na die boeg van die skip langsaan kyk. In ŉ versteekte kamer het hy ŉ luik, en ŉ reusagtige vrieskas gekry. Hy het besluit om die onderste verdieping van die Cruelty Lounge te verken, te kyk of hy die bodem kon sien. ŉ Rob met groot pêreloë het met hom geflankeer. En toe het hy ŉ ongewone klank gehoor. ŉ Uiters ongewone klank. So ongewoon dat dit hom bang gemaak het: Vloog, wat histeries lag.

"Tamagochi!" het hy uitgeroep, en weer gelag. "That's great," het hy met rollende r'e uitgeroep, "what about the others?". Toe het hy ŉ taal gepraat wat hy nie geken het nie. Hy kon Vloog hoor rondstap, en toe die deur van die versteekte kamer hoor oop- en toegaan. Hy het haastig deur die swaar dubbeldeure uitgeglip. Die Cruelty Lounge het, in sy gedagtes, ŉ verbode terrein vol verbode inligting geword.

Soms is die oppervlak weer interessanter as die onderbou: "You know, times like these can bring out the best or worst in us," sê Siyuvule. "I look around me and see the finest people I've ever known. And I know how we'll react when the shit goes down. Respect, y'all. Word," en met gebalde vuis stap hy van die verhoog af. Die kryger stap skouerswaaiend by hom verby, en Simon sit ŉ bewerige hand in saluut teen sy voorkop. Hy beter gaan rook, anders gaan hy die mikrofoon in iemand se

neus opdruk met hierdie bewende hande.

In die soutlug van die stuurboord-dek steek Simon ’n Ransom aan. Onmiddellik beter. Hy leun teen die reling. Vanaand is die see swart. Daar onder is die Cruelty Lounge. Simon weet die deure is nou gesluit. Na die dood van Vloog het Dennis dit as ‘negatiewe ruimte’ geïdentifiseer en uitsendings daarvandaan verbied. Dis net tydelik, net om die goudvisgeheue van die kykers dood te vee.

Die volgende keer wat Simon daarin kon gaan, was saam met al die ander gaste. Dennis het sy verrassing agter elektromagnetiese slot bewaar. Dit was nag drie. Die AR’s was laag, en Dennis het sy skedule verander, om ’n vroeër troefkaart te speel. ’n Blouerige melkgloed het deur die sirkoonvenster gesyfer, terwyl die sardiens in Gucci en Gaultier nadergestaan het. Diepseevisse, sonder name, met lokliggies, skrikwekkende kake, en martini’s. Neonbuise het die see verlig, en die klankbaan van *The Big Blue* is gespeel. Dennis het op sy néderigste rondgestaan en verduidelik dat ‘kreatiwiteit bloot die kombinasie van voorheen ongekombineerde konsepte’ is. Dit het Simon ’n bietjie dink gekos om te besluit op ‘onderwater’ en ‘safari’. Dennis, toergids van die oppervlak, het sy safari-gids speelkans gegee. ’n Knipoog na sy pokdalige tifoonvennoot Vloog, en die arme boeresikloop, opgewonde soos ’n skoolkind, het sy Red Heart opgeslurp en na die versteekte deur gestap. Metaalklanke het die gaste opgewonde gemaak. En toe, aan blink kabel en staalhaak, die soort wat ’n sado-masochis se mond sou laat water, het agt lamkarkasse tot voor die venster gesweef. Pienk stempels op die boude, primakwaliteit Karooskaap. Die eerste haai het op cue ingepyl. ’n Senuweeagtige ritseling het deur die gaste getrek, en Simon kon amper sien hoe Dennis se sappe vloei. Saam met die gebleikte glimlag van die magnaat het die geprojekteerde netto inkomste al steiler gestyg.

“Simon!” hoor hy iemand agter hom roep. Williams. Hy weet. Dis tyd. It’s got to be alive, it’s got to be bursting with life. Tyd om te fokus, tyd vir Simon die skouhond om sy toertjies te doen. Denial-anger-depression-acceptance, betyds deurgewerk vir die evening condensed version. Hy trek sy bolip en wange op, die grynslag as voorbereiding vir die glimlag.

Hy volg Williams op met die stinkhout-trappe, terug na die nagklub. Williams beduie hy is nou terug. Die toesprake is verby, en ’n klein orkessie deel ’n ritmiese

salsa-skuifel uit. Hy kyk na die drie musikante in swart pakke. Vanmiddag se tromboonspeler. Die kontrabasspeler se olierige, lang hare is oor sy bles kop gekam, en hy het so waar as Dennis nie ’n das dra nie ’n sonbril op. Hulle is mondstukke. Simon voel dit aan. Dat die instrumente in hulle hande net die buise is waarlangs die musiek uitvloei. Die musiek kom eintlik uit die skip se maag uit. Die musiek ís die *Fantasy*, haar geskiedenis en toekoms, en die krampe in haar derms.

“Simon!” roep iemand links van hom. Hy sien ’n fonteinagtige volume blonde hare. Samantha le Roux. Sy stap nader, onheilspellend heen en weer op hemelhoë hakke. Sy streel hom agter sy nek, met haar oorgeoefende elegansie. Op sy 38-jarige ouderdom, glo hy, het hy al geleer om die natuurlike impulse te onderdruk. Om ’n rubbermat te wees vir passie. Passie is in elk geval gekaap deur parfuumadvertensies. Passie is wit satyn en sagte fokus, saksofone en sooibrand. Sy speel met hom. Sy dink sy kan hom manipuleer. Ekstra TV-tyd kry. Pah. Hy sal haar passie wys. Hy sal haar nuutste CD, *Kom na my toe*, opsit. Hy sal die groot Duitse pornoster Hans Gerber naderroep, en kyk hoe hy haar in die hol naai, sy groot Duitse onderdeel deur haar perineum forseer.

“O Simon …” pruil sy.

Hy voel in sy baadjiesak na die mikrofoon.

“Hoekom staan jy so alleen hier rond?”

“Ek wag vir jou om my aand te ruïneer,” glimlag Simon.

Sy lag koketterig, terwyl sy haar ander arm ook agter sy kop sit, en voor hom stadig op die salsa-ritmes beweeg.

“Sal ons dans?” fluister sy.

Sy móénie op die maat van die musiek beweeg nie. Dis spesiale musiek. Dis syne, en die *Fantasy* s’n. Net hy, en die swaar staalruimtes van die skip verstaan hierdie ritmes. Sy moet eerder net stilstaan.

Sy vryf haar onderlyf teen hom. Hy weet presies wat aan die gebeur is. Hoe meer aandag sy van hom kan kry, hoe meer word haar gesiggie op die TV gewys. Hans Gerber sal haar ’n ding wys. Hy kan sien hoe Hans oor haar blink glimlag kom. Maar dit is ’n fout. Hy moenie nou daaraan dink nie. Hy moet ’n rubbermat wees. Hy voel hoe hy reageer op die skuur van haar lyf teen syne. Sy laat haar mondhoeke val, en

hy herken die gesigsuitdrukking van haar vorige CD-omslag, *Na die Storm*. Hy moet hier uitkom.

Williams kom nader, Vernon agterna, aanwysings keffend. Dis menslike interaksie, it's bursting with life. It's bursting all right. Williams fokus, en Samantha kyk al dieper in sy oë. Hy het onontkenbaar, onversteekbaar, en ononderdrukbaar hout geslaan. Sy vryf haar onderlyf teen syne.

"Ek het nog altyd oor jou kinderdae gewonder, Simon. Hoe was jou ma?"

Vet met blink hande, dink hy. Sag soos 'n marshmallow. Streng met Roger, maar nie met hom nie. Stil in die aande, stil oor probleme, stil oor alles behalwe sy studies. Vra eerder oor my pa, dink hy, as jy 'n storie soek. Saturday night and I ain't got nobody. Gaan roep vir pappa by die Grosvenor, kom nou kind. Maar hoekom vra sy hoegenaamd? Wat het dit met haar uit te waai? En hoekom terwyl sy so skuur-skuur kom lippe aflek hier? Iemand het haar gestuur. Iemand slimmer. Hy voel sy hout versag.

"Sy was nice," sê hy, en 'n sampioen tref hom teen die voorkop. Samantha spring jillend weg. Gelukkig staan sy tent nie meer so penorent nie. Agter haar lag Amanda Red, wat die geselsprogram 'In the no' op *V* aanbied. Met gebuigde elmbogies gooi Dawid Werner brokkoli in haar swellende rooi uitrusting vas. Simon weet wat hy veronderstel is om te doen. Maar vir 'n oomblik, net 'n oomblik, wil hy Samantha se skedel in sy hand vat en haar kop in die pruttende trog olie druk totdat die reuk van gaar vleis deur die hele saal trek. Hy wil die reuk van gebrande hare en die walms van isopropielalkohol inasem. Hy wil 'n volmondsoen op haar gesig neerplak en met sy voortande die glibberige laag boonste rooi vel van haar wange aftrek. Maar dit sal seker nie goed wees vir die beeld van die nuwe, menslike interakteur Simon nie, nê. Hy dink byvoorbeeld dit sal goeie TV wees.

Simon weet wat hy moet doen. Hy byt sy tande op mekaar en vat die naaste stuk rou aartappel in sy hand. Hy wag vir Williams om te fokus, en gooi dit na Samantha. Sy gil weer, gooi vir Jacques Kallis met 'n stuk kool. Amanda Red lanseer waterblommetjies oor die tafel.

Hy sien Siyuvule naderkom met 'n skyf waatlemoen. Voor die kryger dit kan gooi, val Simon plat op die mat. Hy hoor 'n gelag, en besef dat hy sopas homself Rodney King gemaak het, en hulle die Los Angeles polisiediens. Hy voel sarsies organies

gekweekte groente op hom neerval. Simon sit sy hande oor sy kop, en maak sy oë toe. Aan die toenemende druk op sy rug kan hy raai dat meer en meer gaste by Samantha-hulle aangesluit het. Hy verbeel homself dis die 80's, en begin arm vir arm vorentoe kruip deur die gelag. Iewers voor hom, weet hy, is daar 'n tafel waaronder hy kan wegkruip. Hy loer voor hom uit. As hy nie 'n tafel kan kry nie, miskien 'n VIP, of die lykant van 'n kamera.
Hande-viervoet oor die mat kruip hy na 'n tafel toe. En als is OK. Tot hy sy hand neersit. Hy voel iets glad, en koud. Hy kyk af. Tussen sy vingers is 'n rou stuk hoender, platgedruk, 'n stuk vel nog ongeskonde. En hy gril. Hy gril al die pad terug ... terug tot in die Cruelty Lounge, twee aande gelede.

Groen, die keer, 'n gloed wat tot in die gang gestraal het. Hy, slaaploos en nugter, het nuuskierig ingestap, op soek na drank, enigiets. Die pakkie Mills en leë bottel Red Heart wat op die toonbank gestaan het, was die eerste ding wat hy opgemerk het. Tweedens dat die plek verlate was. En derde het hy by die venster uitgekyk. Na die voor die hand liggende, na die onignoreerbare, na die onklassifiseerbare. Na waar, in die water, Vloog homself vir die haaie gevoer het. Na waar roofvisse hap-hap nog aan 'n koplose torso in kapteinsuniform geaas het.

Hy maak sy oë toe, en kom orent, die stukkie vellerige vleis tussen sy vingers. Hier moet hy uit. Hy kyk oor sy skouer, hy's nie in Williams se gesigsveld nie. Langs die hele lengte van die trog langs draf hy buitentoe. By die deur vryf hy die stuk hoender af presies op die lae ruglyn van 'n Nuwe Afrikanerdame se rok. Sy glimlag lieflik na hom, met 'n egte frisson van fondue. Hy voel die skeurtjies om sy mondhoeke trek soos hy sy geoefende glimlag teruggryns, en uitstap.

&

Op 'n opgerolde tou agter die ankerhuis skop die albatros nes vir die nag. Sy pof haar borsvere uit, sy kantel haar kop na agter en steek haar snawel in onder haar blad. Sy laat sak die ooglid oor haar een oog wat as laaste nog die wegstrekkende dekplanke sien. Waar die bleek vaarders bedags eindelose rubberringe oor 'n houtpen probeer gooi.

&



Kristina gooi die volgekrapte servet oor haar skouer, en glimlag vir wieookal sou kyk. Sy het haar goudvisrok aangetrek, met handskoene tot op haar elmboë. Daarmee saam ’n handsak wat sy langs haar op die vloer neersit. Sy en Jean het saam ontwerp aan die rok. Sy sal só graag meer wil ontwerp, maar daar is só min tyd.

Mushizo kom aangestap. Hy is ’n samurai, hy is ’n ninja in ’n donker Viëtnamwoud. Dennis se lyfwag, ’n regte samurai, hy’t al sy swaar vir haar gewys…

Hy kom staan langs haar.

“Kristina. Hoe gaan dit.”

Sy glimlag vir hom. Hy praat altyd so. Geen op, geen af. Sy oë is ook so. Links, regs, links, regs, maar nooit op of af nie. Mushizo is lieflik.

“Wonderlik dankie. En soveel beter, nou dat jý hier is.”

“Hoeveel het jy gevat?” vra hy stug.

Sy giggel. Uhm?

Hy kyk haar donker en streng aan.

“Laat my weet as daar probleme is.”

Sy soen hom op die voorkop.

“Dankie, sensei.”

’n Soen vir Mushizo, sy blaas dit agter hom aan. Mushizo is wonderlik. Mushizo is Milo en warm komberse, ’n pandabeer en dolfyn, Mushizo is wonderlik.

Die klomp op die dansvloer is ’n ander storie. Die hele plek lê vol kos. En daar's Somaliërs of Ethiopiërs of Aids-wesies wat dit kon geëet het. Sy sien hoe die kameras vir Samantha omsingel.

Sy wil verdwyn, in die lug oplos en deur die lugverkoeling uitgeblaas word in duisende deeltjies oor die see, sterstof. Sy wil weer ’n meisie wees op die stoep in Bethlehem, pa drink koffie en sý soet rooibostee, en die sterre is blink teen die swart gordyn van Vrystaatnag, en pa wat verduidelik... die dwerge, die reuse, wit, blou, rooi, die een supernova, aan die uitsterf. Die ander pas gebore. Sterre. Wow.

Sterre. Ontelbaar. Sy kyk oor die vertrek, en sien hulle almal: die famiosi, die grandiosi, die politici, die kritici, strutting and striding, met die ligkranse van celebrity. Sy het nog altyd geweet sy gaan een van hulle wees. Maar vanaand. Vanaand is Vanaand, en alles anders is net in haar gedagtes. Vanaand is elkeen sy eie helder ligpuntjie. Die draers van drome vir ’n nuwe toekoms... Vasgevang en uitgestal deur die man wat haar liefhet, wat die lig uitnooi, en aantrek. En uitstraal. Maar een vertrek is te min, die sterre skud en stamp. ’n Geraas van lig, die saal vibreer, totdat dit oplig en draai, draai, al vinniger, ’n maalkolk, of … eierklitser ? Vinniger en nader stromend, middel toe middel toe middel toe, die saal kan dit nie hou nie, hy gaan homself aan die brand vibreer, en sy in die middel, twin star, slaapmaat en slagoffer, toeskouer...

Sy skud haar kop. Sy moet bybly. Samantha se sirkus gaan seker nog lank aanhou. En dis goedkoop. En dis nie Kristina nie. En daarom moet sy hier wegkom. Onmiddellik. Uit by die gang. Links. Sy stap in ’n klein oop, donker area in. Dit voel ... heilig ... Vier deure loop uit die vertrek uit.

Olke bolke en sy stap by die regterkantste deur in. Binne is daar net ’n bankie, en ’n gat teen die een muur, met ’n spieël. Wel... dit lyk na ’n lekker klein plekkie... sy gaan sit op die rooi fluweelbankie.

“And what would you like to talk about, Kristina?” hoor sy ’n stem. Sy kyk links en regs van haar. Daar's niemand in die vertrekkie nie. Dis skaars groter as ’n publieke toilet. Sy kyk in die spieël. Niks. Net haar ou gesiggie.

Daar moet iemand aan die ander kant van die spieël wees… Iemand wat na haar toe

uitroep… iemand wat miskien haar hulp nodig het. Sy hurk voor die gat en probeer inkyk, maar kan niks sien nie.

"…hallo?" probeer sy.

Die stem kom van iewers agter haar, bo haar.

"Hallo, Kristina," sê die stem weer. "Praat met ons."

Sy draai om. Steeds niemand. Daar's net die stem. Dis soos een van daardie ... wat noem 'n mens nou weer daai Mafiagoed?

"Praat met ons," hou die stem aan. "Oor enigiets."

Sy kan niks sien nie, maar dit sou weird wees om met die muur te praat. So sy gaan sit maar voor die spieël, en praat in haar eie gesiggie in.

"Ek wil eers weet ... wie julle is ..." sê sy versigtig.

"Ons is hier om te luister," sê die stem.

Net om te luister. Iemand wat nie verlief is op hulle eie stem nie. Sy giggel.

"Kan ek vir julle 'n storie vertel?"

"Sekerlik, Kristina."

Sy soek in haar goudvis-handsakkie. Dit moet daar iewers wees. Haar vingers voel die gekreukelde papier, en sy haal dit uit. Sy stryk dit uit oor haar bobeen. Pappa se storie. Sy't dit laasjaar, na die begrafnis, neergeskryf, soos meneer Nosie, sodat sy nooit sou vergeet nie. Die storie van die geheime poel.

Eintlik ken sy dit al uit haar kop uit. Sy kan die papier weggooi. Maar sy sal nooit nie.

"Daar was eenmaal 'n koning," begin sy. Maar wag. Die oomblik was nie reg nie. Sy wag drie beats.

"Vat jou tyd…"

Simpel stem. Sy kyk kwaai vir die spieël. Nou sal sy weer moet begin. Een … twee … drie … Sy knik.

"Daar was eenmaal 'n koning. Hy was 'n goeie koning, en het met liefde sy mense regeer. Maar hy was 'n eensame koning. Hy het niemand gehad om sy groot paleis mee te deel nie. Een dag kom daar toe 'n towenaar in sy land aan. Die koning het

onmiddellik die man vir raad gevra, want hy het gehoor van die towenaar se wysheid. Die towenaar het die koning na ʼn poel in ʼn uithoek van sy koninkryk geneem. Hy het vir hom gesê: "Kyk nou in hierdie poel, en wens jou wens. En die poel sal die antwoord gee, op al die vrae in jou drome."

Sy kyk op. Die glas is stil. Goed so.

"Die koning het in die poel gekyk en gewens vir ʼn prinses, wat sy koningin kon word. In die poel het sy weerkaatsing stadig verander – sy oë het sagter, en ovaalvormig geword. Sy hare het langer geword. Tot hy kon sien, dat dit nie meer sy gesig was wat na hom toe terugkyk nie, maar die gesig van ʼn beeldskone prinses. Hy het die towenaar hartlik bedank, en sakke vol goud in sy hande gestop.

"Dit was nie lank daarna nie, toe kom daar ʼn handelskaravaan, van ʼn ver ver land, in sy koninkryk aan. Van die heel laaste kameel het ʼn klein figuur afgeklim. Die koning het onmiddellik geweet dat dit sy prinses is. Hy het na haar toe gestap, verby verontwaardigde amptenare en handelslui, en toe sy die doek van haar gesig aftrek, het hy gesien, dat die beeld wat hy in die poel gesien het, hare was."

Kristina draai die papier om.

"Hulle het vinnig getrou.

"En lang jare gelukkig saamgeleef.

"Maar een dag het ʼn onverstaanbare hartseer die prinses getref.

"Dit het in die oggend gebeur. Hulle het in die reusebed ontbyt geëet, die beste uit al sy lande. Graanbrood warm uit die oonde het oopgebars en botter gesmelt, perskes uit die boord, en druiwe uit die wingerde. Maar ʼn skaduwee het oor hulle venster getrek. ʼn Valk het in ʼn rukwind teen die muur vasgevlieg, en dood bly lê voor die grag van die kasteel.

"Die koning het dit nie opgemerk nie. Maar dieselfde aand het die prinses haarself toegesluit in die koudste toring in die kasteel. Die koning het haar snikke gehoor, geklop, aan die deur gehamer, totdat bloed rooi oor sy polse gevloei het. Maar daar was geen antwoord nie.

"Deur die gange van die kasteel het haar snikke getrek, terwyl die koning alleen op sy troon gesit het, en uit ʼn goue beker die beste wyn in sy land gedrink het. Maar die wyn het suur geword in sy mond. Hy het haar nie meer gesien in die kasteel nie.

Slegs die tekens van haar teenwoordigheid kon hy bespeur. Waar sy geloop het het haar voete merke op die dik tapyt van die gange gelos, wat soms dae lank nog sigbaar was. Die koning het agter die spore aangekruip. Op sy knieë het hy probeer om net die mees onlangse spore te volg, al deur die gange, in ʼn doolhof van die dwalinge van die hartseer prinses."

Kristina kyk in die spieël. Dis haar gunsteling reël in die storie. Die doolhof van die dwalinge. Sy sien hoe ʼn trotse glimlag haar gesig versier.

"Die towenaar het intussen met sy nuwe rykdom ʼn reuse paleis aan die ander kant van die koninkryk gebou. Hier het hy op goue tapyte sy diensmeisies vermaak, en sy dae omgespeel. Die koning het aan sy deur gaan klop.

" 'Die droom wat jy aan my verkoop het, is vals en verslaan,' het die koning die towenaar verwyt. 'Wat kan ek doen om my geluk terug te vind? En wat vir ʼn towenaar is jy, wat halwe wonderwerke uitdeel?'"

"Die towenaar het gelag, diep uit sy maag, en geantwoord: 'My liewe koning. Die enigste soort. Elke droom wat ek verkoop, is ʼn guns wat die wêreld jou bewys. ʼn Hupstoot, ʼn klein sprong oor ʼn klein stroompie. Die berge daaragter moet jy self klim. Maar terloops, liewe koning, kan ek jou sê: ek kan die gedagtes van elke wenser by my poel sien. Elkeen wat in sy wensdroom homself sien, al is dit vermom, se droom is verdoem. Én: my buitedeur is al stukkend geklop deur julle hande.'

"Die towenaar het weer gelag, die koning uitgejaag, na sy eie kasteel en sy koue prinses toe, en gesê hy mag nooit weer terugkom nie."

Kristina glimlag. Die storie laat haar altyd warm voel. Sy hou dit by haar en lees dit elke dag en leer elke dag ʼn nuwe les daaruit.

"Uhm ... is dít dit?" hoor sy die stem vra. Die stem. Waar op aarde kom dit vandaan? En wat is sy besig om te doen? Sy vertel stories vir stemme sonder lywe. Sy praat met geeste in die skip. Kan skepe geeste hê? Miskien ʼn samesmelting, van al die geeste op die skip... bestanddele in die koek? Sy voel die kamer om haar draai. Net ʼn bietjie rus, net ʼn bietjie... sy leun terug teen die bankie. Dit is heerlik sag, en sy hoor die stem met haar praat:

"Kristina… hoe gaan dit met jou en Samantha?"

Net ’n bietjie rus.

“Kristina?”

Net ’n bietjie.

“Kristina?”

&

“Nou wat de donner was dit nou?” vra Hannes. Ai hy moet hom nou nie opwerk nie, hy is deesdae so kalm. Dis beter so, vir sy hart. Die dokter het gesê.

“Ag wie weet nou wat gaan aan in dáárdie waterkoppie,” sê Faye. “Sy's seker dronk, man.”

Hulle't lekker hake geëet en sit nou rustig. Sy't vir Hannes ’n 2BC gegooi. Polisiekoffie. 1BC vir haarself. Hannes het sommer skielik besluit hy’s gatvol vir suurlemoensap. Sý’s maar stadig op die brandy, sedert sy die ander dag so uitgevaar het en Hannes omgekrap het. En haar C is natuurlik eintlik CL, Coke Light.

Dié Kristina staar nou met sulke leep-oë in die kamera in. Sy's in die Diary Room, en sy’t ’n snaakse storie vertel in so ’n op-en-af stem, so asof sy die storie vir kleuters vertel. Sy's maar ’n anderste een.

Die voordeur van die woonstel gaan skielik oop, en daar staan Roland. Met sy hanghemp en die wye broek. Sy’s deesdae elke keer verlig as hy by die huis kom. “Hallo kind,” groet sy. Hy mompel en verdwyn. Hy's op ’n moeilike stadium, die kind. Hulle kan ook nie alles vir hom gee wat hy begeer nie. Sy's net bang sy moet van hom in die koerante lees. Sy kan darem nie glo dat dit waar is, wat die mense sê nie, van al die draks wat die kinders so gebruik nie. Nie haar Roland nie. Sy't al opgelees, oor die tekens. As hulle baie slaap, geld steel. Merke in die arms, groot pupille. Sy kyk altyd uit vir Roland. Maar hy hou nie daarvan as mens aan hom vat nie, dan wag sy maar partymaal tot hy slaap om na sy arms te gaan kyk. Ag, sy wil nie polisieman speel nie. Maar hy en Hannes is al wat sy het. As daar iets met hom gebeur kan hulle maar vir haar ook vat. Sy wens sy kon vir hom alles gee wat hy begeer. Maar dit lyk vir haar ook al meer of die meisietjies wat mens so by die mall sien, en die outjies met die hare, wat lyk of hulle alles het, ook nie eintlik gelukkig is nie.

Sy't al gewonder of Vloog miskien kinders gehad het. Hoekom hy alleen gebly het.

Of daar ooit iemand op die hawemuur vir hom gestaan en wag het. Sy't selfs daaraan gedink om hawe toe te gaan as hulle terugkom. Maar toe onthou sy hulle land in Durban aan. Miskien ’n trippie... Maar Hannes sou nooit daarvoor staan nie. Sy's al klaar so bang hy kry die foto. Maar dit gaan nie oor hom of oor Vloog nie. Dit gaan oor die geleentheid, oor ’n slag deel wees van iets groots.

Sy moet regtig nog daai stukkie glas kry, vir die raampie. Miskien wil sy mense die goed uit die woonstel kom haal! Maar sy't nog niemand gesien nie. Laas toe sy dáár op was kon sy sien niks is aan geraak nie. Sy't geweet. En die rede hoekom sy geweet het, is omdat sy ’n slegte mens is. Omdat sy dit nie kon weerstaan nie. Sy was nóg ’n keer in sy woonstel. Sy wou nie hê sy mense moet na so ’n vuil en onnetjiese plek terugkom nie.

Sy't eers die kombuis gedoen. Vinnig met Mr. Min en ’n bietjie jik. Toe die gang, en die TV-kamer. Al kan mens dit nou seker nie ’n TV-kamer noem sonder ’n TV nie. Maar by hulle is daai kamer die TV-kamer. Al die kleingeld in die voue van die bank! Sy sou vir haar iets lekkers daarmee kon koop, as sy nie so ’n eerlike persoon was nie. Hy moes seker baie op die bank aan die slaap geraak het. Sy't gewonder wat hy gedoen het. As hy dan nie TV gekyk het nie.

“Nog enetjie, my ding?” vra sy vir Hannes, en gee die glas aan. Sy hoor hoe die basritmes in Roland se kamer begin speel. Sy was darem nog nooit een van daardie ma’s wat sê haar kinders mag nie popmusiek luister nie. Sy’t self op haar dag lekker lyf geswaai. Dancing Queen in die Regent ladies bar. En vasdans ook. Elke aand ’n ander paar hande op haar boude, Total Eclipse of the Heart. Nou dans sy maar met Mr. Min en Handy Andy. Maar sy gee nie om nie. Dis haar verantwoordelikheid, dis haar moederlike en vroulike plig. Almal doen mos hulle deel. En as sy die slag vir ’n celebrity kan skoonmaak…

Sy onthou toe sy klaar was met Vloog se TV-kamer, het sy gekyk na die oop deur van die slaapkamer. Binne kon sy sien sy matte lyk nie veel beter as hare nie. Sy kon sien Vloog het sy bed dieselfde geskuif as hulle, in die middel van die kamer, al kan die kasdeure dan nie heeltemal oop nie. Maar orals teen die mure was kaarte. Met die verestoffer in haar regterhand het sy die kamer ingestap. Sy kon nie wegkyk van die kaarte nie. Maar dit was nie gewone kaarte nie. Daar was berge, en valleie. Groot oop vlaktes. Maar niks riviere nie. Niks stede nie. Was dit kaarte van die

maan? ‘Malagasy Fracture’ het sy gelees op een. ‘Bellingshausen plain’ op ’n ander een. Wel. Sy sou beslis moes uitvind. Sy het nog die ou ensiklopedie-stel in die woonstel, het sy onthou. Sy't ’n paar name gelees en probeer memoriseer. Malagasy Fracture en Bellingshausen plain, die't sy klaar gehad. En daarby het sy toe ook ‘Macquarie Ridge’ en ‘South Sandwich Trench’ gesit. In die laaitjie, soos sy altyd maak as sy iets belangrik moet onthou. Sjoep, in die onthou-laaitjie. Toe't sy weer uitgestap, al moet sy erken sy't nog ’n keer teruggekyk na die slaapkamerkaste. Wat is nie als in daardie kaste nie, het sy gewonder. Maar sy't klaar sleg genoeg gevoel. Sy't teruggegaan na haar eie plek en probeer vergeet hoe sy rondgekrap het in sy goed.

Dit was vier dae gelede, die dag voor sy dood.

Boem-boem-boem maak dit daar by Roland. Miskien moet sy gaan inloer. Nee wat, sy gaan hom nie pla nie. Sy en Hannes sit mos nou lekker. Hy’s bietjie minder moerig vandag. Hy’s altyd beter in die aand. Sy onthou die ander oggend, hoe hy met ’n gevloek opgestaan het. Sy’t gemaak of sy slaap. Hy’t in die badkamer goed laat val en weer gevloek. Sy’t opgekyk na die plafon. Na waar Vloog se bedpote op dieselfde vier kolle as hulle s’n staan. Toe sy die voordeur hoor toeklap, het sy opgespring. Sy’t gedink aan eers aantrek, maar wat, sy kon dit mos later doen. Sy’t eers die nommer 10-ensiklopedie uitgehaal. Sy kon die stof onder haar vingers voel. Hulle’t dit gekoop toe Roland skool toe is. “’n Belegging vir sy toekoms,’ het die advertensie gesê, met foto van ’n seuntjie wat sit en leer. Maar daar was nie ’n inskrywing vir ‘Malagasy Fracture’ nie. Tsk. ‘Macquarie Ridge’… ook nie. ‘Bellingshausen Plain’? ‘Bellinzona’ en ‘Bello, Andrés’, maar niks tussenin nie. Wat was die ander een nou weer? O ja, South Sandwich Trench. Sy’t ’n homp bladsye aangeblaai. ‘South Ossetian autonomous region’, ‘Southport’, ‘South Sandwich Trench: 8/110.’.

Sy’t die stof van nommer ag afgeblaas en die boek oopgeslaan. Bladsy 110. Daar was nóg so ’n kaart, soos die wat Vloog in sy kamer gehad het. Maar hierdie een was bietjie anders. Sy kon die ‘South Sandwich Trench’ kry daarop. Dit het gelê so entjie onder ’n vorm wat sy baie goed herken het. So twee vingers links en af van die druiwetrossievorm van Suid-Afrika. Op die bodem van die see.

Sy wonder hoe koud dit nie moet wees by die South Sandwich Trench nie, en trek

die ysbakkie oop om die blokkies te laat uitspring. “Klink-klink,” gooi sy die ysies in die glase, en maak die een heel toe onder die Klippies. Die ander net half. C vir Hannes en CL vir haar. Met eish ja. Daai’s darem nou ’n oulike advertensie. Die boertjie en die swart man wat so lekker kuier. Sy sou graag ook swart vriende wou maak. Maar waaroor sal sy met hulle praat?

Op die screen het hulle darem nou al weer teruggegaan na die partytjie toe. En hulle gooi ook nie meer die kos rond nie. Hulle begin nou bietjie behoorlik partytjie hou daar, bietjie dans en so. Ai, waar’s die dae!

“Hoor hier, Faye…” sê Hannes. Hy noem haar omtrent nooit op haar naam nie. “Daar’s iets wat ek jou moet sê.”

Sy voel hoe sy arm styf word om haar skouer. Hy haal dit af. Sy draai na hom toe. Hy lyk dieselfde as daai keer wat hy die bakkie gerol het, so beteuterd soos ’n seuntjie.

“Wat is dit, skat?” Sy streel sy bruin-grys kuif uit sy gesig uit.

“Dis van die werk,” sê hy.

“Jy werk te hard, my man.”

“Dis die ding. Ek werk nie hard nie.”

Sy sien hoe sy oë groot word voor hy weer praat.

“Ek werk nie meer nie. ’n Rukkie…”

Wat? Maar hy was dan net vandag by die werk? Epping!

“Hoe sê jy nou?”

“Ek is twee weke terug gefire, dammit.”

Hy vryf sy eelthande oor mekaar.

“Ek het nie geweet hoe om …”

“Hoekom?”

Hy skud sy kop kwaai.

“Ek het … man, die donnerse kaffers … ek het ... man … ek het my vererg vir een.”

Hy kyk vir haar asof dit dan nou als OK is. Sy voel hoe dit klein word in haar.

“Nee, nee, nie daai hoekom nie. Hoekom het jy my nie gesê nie?”

Hy sê niks. Op die screen lag iemand, sy sien net wit tande.

“Wat het jy gedoen?”

“Hy gaan nie ’n klag lê nie. Hy’t net aangedring dat ek … hulle wil my daar donnerswil uitwerk, Faye!”

Boem-boem-boem klop Roland se musiek uit sy kamer uit. Dit is nou klein en droog in haar met ’n ystrek hier deur haar bors. Boem-boem-boem.

Daar’s niks om te sê nie. Die einde van die maand trek skielik voor haar op soos ’n groot brander wat gaan slaan. Hannes se oë word blink. Sy vat liggies aan sy oor. Blomkooloor, hy was oopkantflank. Sy skud haar kop.

“Hulle het, Hannes. Hulle het jou nou uitgewerk.”

&

“Miss Christonopoulos. If today was the last day before the end of the world, what would you do?” Simon plaas die klem op ‘you’, en trek sy een wang op om ’n stoute glimlag te vorm. Julie Christonopoulos kyk onder haar wimpers deur na die kamera.

“Everything…” sê sy smeulend. Williams swaai die kamera na hom toe. Simon probeer soos Hans Gerber in die eerste dertig sekondes van ’n e-tv kunsfliek lyk: geklee, en op komplekse wyse gestimuleer. Vernon beduie met sy regisseursvingers na Rayand toe. Onlangs gekroon as die prins van Afrikaanse ligte musiek, en hy lyk frisvars in blou jeans en wit hemp.

“Meneer… ag, sorry,” sê Simon.

“It’s OK we’ll edit it out, just run!” roep Vernon.

“Rayand. As vandag die laaste dag voor die einde van die wêreld was, wat sou jy doen?” vra Simon met sy hand op Rayand se elmboog.

“Wat of wie?” lag Rayand. “Ha ha ha ha ha ha ha!”

“Splendid!” skree Vernon, en wys na Sarah-Tracy Vermaak a.k.a. Lotte Liebchen. Williams fokus die kamera op haar. Head and shoulders is ’n ongewone hoek vir haar, dink Simon.

“If today was the last day before the end of the world, what would you do?” vra

Simon.

“What would I do?” glimlag sy.

“That’s right,” sê Simon.

“Just smile, I think.” Die pupil van Williams se kamera krimp soos hy inzoem.

“Beautiful!” skree Vernon. “We’ll wrap for the night.”

Simon probeer ontspan in die spektakel van Beautiful Strangers. Skoonmakers wat haastig platgetrapte sampioene opskep. Stoeiers met toupées. Politici met Colgate-glimlagte. Filmvervaardigers met oordadige nekvelle. Kopknikkende akteurs. Intens fronsende skrywers. En Cyril. Cyril, wat tussen ’n gouetand-smile en oogwink jou beursie uit jou baadjiesak kan steel. En vir die sports dit in jou gatsak sal terugsit om te kyk hoe jy daarvoor soek. As *V* die goed geoliede masjien is wat Dennis hom so graag voorstel dit is, is Cyril die Dura-Lube wat hom vetsmeer. Die head waiter slash general jollie hotnot. Simon ken hom al lank. In Dennis se kroeg in die Waterfront was hy die gladste bek agter die bar. Die skinker met die gouetandglimlag, wat nie moeg geraak het vir Simon in die tye toe hy nog gekla het nie. Cyril het hom vol vodka en tequila gehou.

Hy kom aangerol, met die eenvoetsleepvoet en ’n swaaiskouer wat ’n Pagad-lid sou laat omkyk. Simon weet Cyril spot met hóm, wat al wat gangster lyk moes afsweer ter wille van status in *V*.

Cyril gooi sy bottel Jameson oor sy kop, vang dit agter sy rug, en kom voor Simon te staan: “Djy reg?”

Simon knik.

“Djy reg vir ’n paartie?”

“Ja?”

“Die ding is aan die uitdroog hierbo. Ek vat jou na die regte paartie, dan ruk ons die ding mal. Hou jou lekker en follow in my footsteps.”

Die ding. Cyril praat alewig van die ding. Hy ruk die ding mal, hy laat waai met die ding, die ding is die ding wat hom laat dans tot die ding uitpaas. Die ding. Enigiets sal beter wees as hierdie gevegte sonder bloed, hierdie gesprekke met woorde in kondome. Simon volg. By die grens gemerk ‘Staff only’ verander die sagte matte in

betonvloer. ‘Die ding’ begin krioel in Simon se maag toe hulle met ’n geel gemerkte veiligheidstrap afstap tot in die maag van die skip. Vanaand kom die ding uit. In sy kuite voel hy die nabye vibrasie van die enjins. Cyril stap vinnig, deur matrose se kajuite, lê hier en daar ’n hand vertroulik op ’n skouer, deur werkerskombuise waar hy vinnige happies uit potte steel. Simon hoor iewers, onder, ’n rumoer. ’n Laaste trap sak voor hulle af. Dáár, onder, hoor hy, is die ding. Grys, lokkende vingers rook nooi hulle na binne.

Hulle stap af, tussen ’n klomp mense in. Beton onder sy voete, die wit strepe van die parkeergarage. Aan die een kant ’n DJ, sy hande op die plate. ’n Paar tafels, dekstoele by die swembad gesteel. Simon het nie geweet mens kan ’n dekstoel deel nie. Maar links van hom, uitgestrek, lê twee vrouens in voorskote, die een met ’n bottel witwyn, die ander besig om ’n bottelnek te stop.

“Ladies,” knik hy, en glimlag. Die voorste een kyk gewalg op.

“Lyk ek vir jou soos ’n lady?”

Hy stap versigtig verder.

‘I’m wicked and I’m lazy’, kom die musiek uit die twee luidsprekers weerskante van die DJ, ’n blok van ’n man, oorfone met een hand teen sy kop vasgedruk.

“Welkom, ladies ’n gents, innie DEEP FREEZE!” skree Cyril hande in die lug. Simon lag vir hom.

“Tel iets op!” skree hy, en Simon neem aan hy bedoel hiermee ’n mens. Hy kyk om hom. Almal is hier, van die mechanics tot die cleaning staff. Hy voel die hitte van hulle lywe, hy ruik sweet en pis en olie. Hy kan voel hoe hulle vir hom kyk, soos hy al gewoond geraak het die werkers vir hom kyk. Hy’s nie een van hulle nie. Hy’t dit al gesien op die gesigte van ou brothers van die Vlakte. Hy’s mos die nuwe lanie, die ou verraaier. Slim Simon.

Daar’s ’n paar passasiers ook. ’n Kringetjie Armani op die dansvloer, ’n paar kaal rûe en onpraktiese handsakkies. Hy begin na hulle toe loop. Maar dan stop hy. As hy nog ’n mengsel van parfuum moet ruik sal hy self die luitenant uithaal en op hulle pis. Isopropielalkohol se poes. Hy wil vullis ruik, hy wil ekseem sien, hy wil die agterkante van sy eie oë sien.

Hulle dans om iets. In die middel van die kring ruk ’n kop skielik agtertoe, ’n arm

word in die lug gegooi, pseudo-Spaans. Hy sien die wit van haar oë, en ŉ mond wat bewerig oopgetrek is. Sy beweeg soos ŉ vasgekeerde dier, en nie die bokkie of die apie nie. ŉ Hiëna, miskien ŉ wildehond. Die kring steek hulle lag weg agter swaaiende arms en klappende hande. Sy dans al weer saam met die demone. Daar's'n paartie in haar kop en almal is genooi. Kristina.

Hy stap versigtig nader, hy wil nie hê hulle moet hom sien nie. Hy staan agter die mans met hulle breëskouerpakke. Voor op haar bors is haar rok nat. Dit kan sweet wees. Dit kan drank wees. Dit kan kots wees. Sy slaan oor, van jagter-versamelaar na Vaudeville, hou dit ŉ maat lank, en slaan oor na nigga bitch. Sy is onelegant, onverstaanbaar, onreduseerbaar. Kristina.

Skielik hoor hy Cyril se stem. Hy het iewers ŉ mikrofoon in die hande gekry. DJ Gewigsprobleem draai die klank sagter terwyl hy praat.

"Ladies ŉ Gents, leen my die ore! Welkom almal by die celebration! Vanaand vier ons ŉ bietjie die joys van menswees! As sponsored by mister stupid enough to leave his stash unguarded Dennis Devilliers!"

Hy vroetel in sy sakke.

"Ladies ŉ Gents, ek wil vanaand vir julle sê dat ons ŉ mixed bag hier is. Ek wil vanaand vir julle sê dat ons mekaar nou nie eintlik almal ken nie. Maar…"

Hy maak sy keel skoon, en probeer ŉ tenoorstem na-aap. Nie heeltemal geslaagd nie.

"Vriende, ek wil nie hê dat ons die afstande tussen ons moet toelaat om te oorheers nie. Want in ons harte vanaand weet ons: daar is één ding wat ons een maak. Daar is één ding wat ons bymekaarbring, ons harte op dieselfde ritmes laat klop, van vreugde en vertroue. Ek kyk om my, en ek sien konings, prinsesse. In rou. Vriende, daar is een ding wat ons oplig, wat ons opvat, wat ons sky high propel na daar waar ons altyd hoort!"

Hy haal ŉ sakkie uit sy baadjie uit.

Simon weet onmiddellik wat dit is. Hy moes laasmaand die voice-over vir ŉ dokumentêre program doen. In sy sjarmante tennisklubstem het hy gesê: "Dit is gewone amfetamien, met een ekstra metielgroep wat die oorgang deur die brein-bloedgrens vergemaklik, en verhoogde afskeiding van die plesierstof dopamien

veroorsaak." Hy het dít gesê, en geweet: jy's goedkoper en beter as kokaïne. Jy's veiliger as heroïne.

"Die mees algemeen gebruikte dwelm in die wêreld," het hy gesê. En gedink: jy bou fabrieke in die Ooste, jy dryf wêreldwyd rooi-oog tieners na apteektoonbanke vir Vicks Inhalers. Mens kan jou rook, eet, en inspuit. Maar, natuurlik, eers moet mens jou in die hande kry. Hiervoor het jy 'n Nigeriër nodig. Of 'n connection by een van die huise. As jy 'n Nigeriër kry, gee hom R100, en hy sal jou 'n gram wit poeier gee.

Cyril het sy gaste in die palm van sy hand. Hulle juig en klap hande. Nes hulle kalmeer, skud hy weer die sakkie bo sy kop, en laat sy goue tand skitterglimlag. Hulle fluit en skreeu en klap. Maar Simon dink nog aan die program.

Terwyl diagramme van see- en landroetes op die skerm gewys is, het hy homself die pad van die wit poeier verbeel. 'n Geel man in 'n wit oorjas, wat sy efedrien teen die lig hou, en met die ander hand 'n beker tionielchloried optel. Hy gooi die twee bymekaar, om die alfa-hidroksielgroep met chloor te vervang. Hy weet dat hy nou N-metiel-alfa-chloroamfetamien gemaak het, en hidrogeneer dit met litiumaluminiumhidried. Hy ruik versigtig aan sy N-metielamfetamien-soutsuurmengsel, en sit dit in 'n fraksionele distillator. Hy wag vir die water om te verdamp. En vir die kosbare wit kristalle om agter te bly. Eers daarna begin die paadjie met die see en land langs.

"Say my name!" skree Cyril.

"Cyril!" skree almal.

"En wat bring ons daar waar ons hoort?"

As jy nie 'n Nigeriër kry nie, moet jy 'n connection by een van die huise hê. Of, natuurlik: 'n oogdrupper, koffiefilters, 'n paar glasbotteltjies en los ure. Dragon Drain Cleaner en Zippo fluid koop jy by Pick 'n Pay, en soutsuur by Fed's. Vicks Inhalers koop jy ses botteltjies by drie apteke, anders bel die apteker die polisie. En dan distilleer jy en drup jy en kook jy tot, voilà, jy sit met die universele kristalmetamfetamien.

"Tik-tik!" skree almal.

"TIK-TIK!" skree Cyril, met sy Jiffy-sakkie in die hand, heen en weer, 'n hipnotiseur.

Simon kan nie help om te lag nie. Vir hierdie spul, vir hierdie wurms wat nooit onder die planke uitkruip nie, vir hierdie mense wat net so wel ŉ ander spesie kon gewees het, is behoorlike crystal meth, die soort wat Dennis deur Mushizo in die hande sou gekry het, soos Franse sjampanje, soos Noorse salm. Die Robert Downey Jr mark of quality.

"Nou vriende, friends, m'gents, m'ladies. Ek wil hê julle moet almal gaan en julle beursies en snygoed wegsit. Cos tonight is on me. Hier's meer as genoeg vir almal, drinks kom uit die stoor uit en ek sponsor vi' DJ Molesta uit my eie gatsak uit. So please, no trouble. Let's just get along."

Hy sit die mikrofoon neer, en soos Moeder Teresa in Delhi word hy oorweldig deur smekende hande. Simon bly staan. Die kring om Kristina het duidelik besluit dat die ding nou bietjie wild raak hier onder, en geloop. Net sy bly oor. Sy swaai heen en weer, en val om. Hy moet seker maar gaan help. Sy glimlag as hy oor haar hurk.

"Sorry baby. Sorry sorry sorry sorry…" sing sy. Hy weet nie wie sy dink hy is nie. Seker Dennis. Sy gryp hom agter die kop en trek hom nader. Haar asem is suur en bitter, haar oë wyd oop. Die spiere in haar nek trek styf, en hy sien hoe klop haar hoofslagaar. Sy trek hom al nader, haar vingers styf om sy nek. Een ding waarvan hy nou seker kan wees, is dat die nat kol op haar rok wél kots is. Sy fluister.

"Wat as môre die einde van die wêreld is?"

Simon knik. Sleepsels mascara loop teen haar wang af.

"Ja…?" vra hy in geoefende Niekie van der Berg-styl.

"Ek wou nog Bethlehem toe gaan…" snik sy.

"Ja-nee," sê Simon. Jammer hier's nie drie wyse manne of ŉ maagd nie. Hy vat aan haar skouer. Die vel, yskoud, is gespan oor hoekige sleutelbene. Dit voel rubberig, asof dit afgeskil en weer teruggesit kan word. Haar kop val agtertoe. Haar neus is ŉ fyn argitektoniese meesterstuk, ŉ hangbrug van kraakbeen. Die vleuels gloei ligdeurlatend rooi. Sy lig haar kop weer op.

"Moenie my oordeel nie," sê sy bot, en val weer agteroor. Cyril, klaar ge-Robin Hood, kom langs hom staan. Hy tik aan Simon se skouer.

"Gooi die ding oor jou skouer en kom saam."

Simon huiwer.

“M’lanie m’lanie, moenie sê wie nie, moenie sê wa nie!”

Simon tel haar versigtig op, haar kotsbors op sy skouer. Hy sit sy hand op haar benerige boud, dra haar na ’n dekstoel en lê haar in ’n winkelpop-pose neer. Cyril bied vir hom ’n gloeilamp aan. Simon oorweeg dit. Ses tot ag uur. Dis al klaar halftwee. Miskien moet hy maar net drink. Maar is dit die eintlike keuse? Die eintlike keuse, wat hy nou moet maak, is tussen bo en onder. Hy kan nee sê. Dit sal reg wees. Vir homself, vir sy liggaam, vir sy job. Dit sal reg wees vir die sosiopolitiese klimaat van Suid-Afrika, dit sal reg wees vir die toekoms.

Hy kan nee sê. Maar dit sal verkeerd wees vir hier en nou en elke ander oomblik wat uit hier en nou kan ontstaan. Dit sal verkeerd wees vir elke keer wat hy soos klokslag die regte ding gedoen het. Dit sal verkeerd wees.

Hy vat die gloeilamp by Cyril.

“Dê, liggie ook gescore.”

Hy vat die Zippo ook. *DD* daarop gegraveer, in Camel font.

Hy skud tot die kristalle in die vet deel van die gloeilamp lê. Net voor hy aansteek, kyk hy na Kristina, haar een arm agter haar kop, die ander tussen haar bene. Hy draai die wieletjie en die vlam walm lieflike paraffiendampe uit. Hy draai die bol van die bulb heen en weer oor die vlam, tot die kristalle smelt en begin verdamp. Hy suig aan een van die pypies, en sien hoe Cyril se goue tand glimlag. In die verte hoor hy ’n trein naderkom, ’n hees gefluit, die remme, die spore. Onverstaanbare aankondigings oor die stasie-interkom. Sy voete is vasgegiet aan die perron. Cyril slaan hom agter op die rug. Ha ha. Goodbye Cyril. Sien jou aan die ander kant. Goodbye Kristina, ek’s nou daar. Ek’s klaar met oordeel, ek’s klaar gepraat, ek is ’n rooivleisalveoliese ruimte van die wêreld, asem my in, asem my uit, ek is ’n organiese onderdeel, ’n sel wat muteer, mitose en meiose, dis my toekoms, ek wil in en deur jou kom en koppies van jou sweet drink ek wil een wees vir ’n oomblik en uitmekaarspat in ’n apokalips van walging, ek wil roofdieragtig myself in jou senings toedraai en vergaan. Hier … is … ek … nou.

&

Roland kom uit en dis ai die slegste tyd wat hy kan uitkom. Sy’t net vir Hannes

gekalmeer, ’n drukkie gegee, hom neergesit sodat hulle saam ’n plan kan maak. Toe kom Roland uit.

“Wat de fok gaan hier aan?” sê hy. Sy kyk hom stil, en dink arme Hannes, dit kan nie maklik wees vir hom nie.

“Kry vir jou vis, daar in die pot,” en sy beduie na die kombuis toe.

“Nooit,” sê hy. “Ek’s op pad.”

“Waarheen?” vra sy.

“Uit.”

“Saam met?”

“Lionel en sy pêlle. Ons gaan McDonald’s toe.”

St. Elmo’s. Hy moet dink sy’s vertraag. ’n Klomp sewentienjarige seuns in McDonald’s, lekker burgers en lang Cokes! Die tyd van die nag! Gmf.

“OK,” sê sy, en hy stap na die deur toe. Sy wag tot hy dit oopmaak.

“Roland!” roep sy.

“Ja?” loer hy terug.

“Moenie vir my lieg nie. Moet nooit ooit vir my lieg nie.”

Hy maak asof hy verras is.

“Ma...”

“Ek gee nie om nie, gaan, gaan doen jou dinge. Maar volgende keer soek ek die waarheid. Deal?”

Sy kyk na Hannes. Hy sit stil en rook. Roland stap uit en slaan die deur toe. Dié twee seuns van haar. Die een so dom soos die ander. En dan dink hulle albei nog hulle’s slimmer as sy ook.

&

“Djy sien, dis soos die King gesê het…”

Gaan Cyril vir Elvis quote? Die gouetandwaiter probeer hom al heelaand oortuig om vir Kristina te probeer intrek. Dit kan heelaand wees, of dit kan vyf minute wees. All shook up en lonesome tonight maar asseblief, only fools rush in. Simon voel hoe tyd

inkrimp en uitstrek, vet raak, verhonger, groot spronge neem en elke nou en dan op sy gat land.

"Dan meen ek nou die ander King. King Bob. Die King of Ethiopa … ek meen Jamaica. 'Emancipate yourself from mental slavery. None but ourselves can free our minds' verstaan djy?"

Simon knik. Hy is 'n organiese onderdeel.

"Sure, sure…" sê hy.

One love, one love, Marley en liefde en vrede. Mitose en meiose. Hy kyk na Kristina waar sy nog op die dekstoel lê, winkelpop.

"Ons moet onsselwers bevry van die tyranny of oppression, lees djy my?"

Simon knik, knik, knik. Hy voel hoe sy dubbelken sy bevestiging uitstraal.

"That's why we gotta stand up, get up, djy verstaan. Ek, djy, ons is nie free nie. Hoe gaat ons free raak? No matter if you got fifty million in the bank, you still ain't shit. You still a black man trying to be a jew! Verstaan djy?"

"Black man?" vra Simon.

"Ek meen … ek meen … man jy weet wat ek meen…"

Simon sien stemme soos vlieënde visse spring uit die see. Die see wat hulle met 'n goedgunstige glimlag 'n oomblik van vryheid gun.

"One love, Simon! True freedom!"

True freedom. Ten years of cellullar freedom – MTN. Democracy is forever – De Beers. New Freedom – New Freedom. Woorde wat soos dronk cowboys oor die stowwerige strate van ons sinne strompel. Hoe het die woorde so dronk geword? Vuil kameralense, olierige residu wat afsmeer aan elke woord wat in neon-oranje op die skerm verskyn? En waar gaan hulle omval, waar is die watervoor waarin hulle gesig eerste gaan val? Of is hy besig om kinderagtig te wees?

"Verstaan djy my, Simon? Verstaan djy?"

Simon is 'n organiese onderdeel. Hy knik. Eerder 'n grashalm as 'n bodemlose put. Simon knik en knik en knik.

"Up the revolution!" skree Cyril, en staan op, hardloop dansvloer toe.

Sorry to say Cyril, but the revolution wíll be televised. Die revolution is ge-hi-jack en bemark met ’n prysetiket VAT inclusive. Hasta la victoria siempre en Che Guevara op hoërmiddelklashempies.

Simon is alleen saam met die woorde wat deur sy kop strompel. Kristina nog daar, op die dekstoel.

Fok die rubbermat. Hy gaan sit by haar. Haar ooglede beweeg, seker drome. Hier is nie kameras nie, hier is nie skindertonge met hulle aansteeklike herpes-sere nie. Hier is ’n liggaam wat voldoen aan Cosmopolitan-standaarde. Haar oë is wyd oop, die pupille swart gate wat vir Stephen Hawking sou betower. Haar lippe beweeg. Maar sy praat nie. Mompelings vir drogbeelde, seker. Hy kyk na die skoongeskeerde oksels. Was hy maar ’n Dove-stick in haar hand, dat hy daardie porieë net kon aanraak!

Hy moet. Onder haar arm in. Sagte wit vleis soos ’n goed gaargemaakte paddaboudjie. Hy beweeg nader. Hy ruik dit als aan haar. Alles. Pantene en Chanel en ureum en ammoniak. Ghries aan haar arms waar mechanics haar probeer raakvat het. Hy druk sy neus onder haar arm in, maar voel skielik die spiere saamtrek. Sy ruk wakker. Hy skrik, kyk op, in die swart gate in. Die vel van haar voorkop plooi in ’n woedende frons. Sy stamp hom met twee hande weg. Hy probeer orent kom, val oor sy voete, verloor sy balans. Hy moet reg val, die baadjie probeer beskerm. Hy probeer op sy sy draai, iets skerps tref hom teen sy agterkop.

Hy staan in ’n woud. ’n Kraai flap-flap deur die bome. In en uit, skaduwees. Hy kyk af en sien die grond is ’n netjiese Kampsbaaigrasperk. Sag, en eenvormig.

Hy hoor ’n gekrys, die kraai is op hom. Die kraai pik na sy oë. Hy probeer keer, maar struikel en hou sy hande oor sy gesig.. Hy voel sy tande losraak in sy mond. Die kraai pluk aan sy horlosie. Hy probeer keer, maar sy vingers is lomp en onhandig.

“Vat dit! Vat dit!” skree hy. Uiteindelik is die metaalbandjie los, en die kraai vlieg weg met sy horlosie in die bek.

Hy skrik wakker. Cyril staan bo hom, en skud aan sy hand.

“Djy. Moenie fad’ie.”

Daar is nog ’n paar mense op die dansvloer. Kristina is weg. Cyril trek hom op, en hulle gaan lê op die stoele. Cyril roep ’n skeurbuikmaer man nader, en sê vir hom

iets wat Simon nie kan hoor nie. Die man bring vir hulle elkeen ’n bottel Chardonnay. Thelema, Dennis se gunsteling. Hulle cheers en sluk saam. Die goue tand verdwyn en Cyril se gesig word strak. Simon voel versigtig aan sy agterkop.

“Djy, Simon. Ek is for real.”

Simon knik. Hy probeer weer ’n organiese onderdeel word.

“Djy dink ek praat net.”

Simon knik.

“Djy luister nie eers vir my nie.”

“Wat?”

“Wat ek gesê het. Ek is ’n bruin boy van Lavender Hill. No education, ’n glorified waiter. Dink djy ek wil oor twintig jaar politely smile vir mister Devilliers en ’n bord voor hom neersit?”

Simon voel sy kop weer begin draai.

“Dis nie wat jy gaan doen nie, jy gaan promote word, jy gaan…”

“Of ek gaan gefire word en vinnig ve’giet word! Djy weet wat gebeur het met Desireé. En ek het nie tits of ass om my iewers anners in te kry as dié job opfok nie.”

“Maar jy’t skills, mense weet van jou. Mense luister na jou.”

“Mense luister na my only when I’m in character! Net wanneer ek die jollie hotnot speel! Hulle gaat my nooit serious opvat nie! Ek ís serious.”

“Nou wat, Cyril? Gaan jy ’n gangster word?” lag Simon.

Cyril leun terug in sy stoel. Kyk vir hom asof hy nounet sy ma gevloek het.

“Nee. Jy’s nie ernstig nie,” sê Simon.

“Hoekom nie?”

“Want Cyril hulle’s besig om die land in sy poes in te stuur!”

“Blame djy hulle?”

Simon kan nie glo wat hy hoor nie.

“Ja. Ja natuurlik blameer ek hulle. Waar kry hulle die reg om…”

“Djy. Wag ’n bietjie. Stadig.”

“Wat?”

“Excepting the 28’s, was da’ nie altyd gangstas nie. Ma’ by the way my uncle sê die 28’s het laasjaar hulle centenary festival gehad.”

Simon skud sy kop.

“Nee, dit kon nie laasjaar gewees het nie. Hulle’s gestig in die Kaapse tronke, einde 1800’s al.”

Cyril vee sy woorde weg met met sy hand.

“Whatever. Slim Simon. Anyway. Excepting the 28’s, was da’ nie altyd gangstas in ons communities nie.”

“As jy Apartheid gaan blameer…”

“Djirre jou wit hotnot met jou groot woorde! Of course gaat ek Apartheid blameer! Djy kan nie ’n government system losmaak van die non-government organisations wat onder hom gefound word ‘ie!”

“Noem jy nou die Americans ’n NGO?”

“Huh?”

Simon sug.

“Al wat ek sê is coloureds moenie die blame game speel nie. Ons moenie van onsself victims maak nie.”

“So wat djy vir my sê is ons moet ignore dat ons uit ’n klomp cultures aanmekaargenaai is van die seventeen hundreds af, dat ons uit hulle almal uitgegooi is in die eighteen hundreds, dat ons nuwe culture all but destroy is in die nineteen hundreds, en dat since then da’ net een culture was vir ons om mee te identify?”

“Wat bedoel jy? Watse culture, Cyril?”

“Jy weet wat ek meen.”

“Die Americans?”

“Never mind daai. Djy weet mos wat freedom beteken. Op papier, niks. Freedom means the freedom to get what you want. It means everybody can get what they want. Die blink kar. Die drie kinnes met leather boob tubes. Die mansion. Die Fila-

tekkies."

Simon wil praat maar sy woorde hou hulle eie paartie in sy kop. Die dae toe hy nog gedroom het in woorde. Toe hy die woorde in mislukte verhale ingeprop het. Jammer meneer Afrika, maar die teikenmark vir dié soort verhaal is net te klein. Die teikenmark. Die teikenmark se R100 is bestem vir blikkies boontjies en ʼn halfjack se vergeet. Nie vir ʼn klomp letters gerangskik op wit bladsye nie. Sedertien dink hy net in beelde. In prentjies. Woorde is te duur.

"Waar's Kristina?" vra hy.

Cyril skud sy kop.

"Ve'giet van daai, Romeo."

Simon voel ʼn skietpyn wanneer sy agterkop aan die dekstoel raak. Hy sit regop.

"Ma' om jou te anwoord, nee. Ek gaan nie ʼn gangster word nie. Been there. Done that. Stole the T-shirt."

Simon voel uitasem, hy moet hier uitkom.

"Nou wat dan, Cyril?" Asem asem.

Cyril leun oor na hom toe.

"Ek … ek gaat ʼn pirate word."

"Wat?"

"Never mind, djy sal binnekort sien. Kyk hie', hoe voel djy?"

Simon probeer dink. Sy kop klop asof sy brein ʼn see-anemoon is, in en uit saam met die golwe.

"OK," sê hy.

"Djy sien," sê Cyril. "Die's die regte ding. Daai tik wat my gebroedere in die garage maak, daai maak jou eintlik maar net bevrees."

"Wat bedoel jy?"

"Djy sien, daa's iets fout met die recipe, it's not that simple, somehow maak hy jou hoog maar it's not quite the main show, hy maak jou bang en deu'me'kaa' ook."

Simon ruik kamferroom, en skielik is daar langs hom ʼn gekug van die verkeerde

kant van die dood af, dit klink soos ’n ratelslang wat verdrink in ’n poel slym.

“Ekskuus, Simon, Cyril. Verskoon my voorbarigheid, maar ek kon nie help om te hoor dat julle gesels oor die probleem van die lastige chiraliteit van die metamfetamienmolekuul nie.”

Simon kyk verdwaas op. Voor hom staan ’n ou man in swart, sy hand uitgesteek.

“Jan Schoeman. Ek weet wie jy is.”

Simon vat die koue hand in syne. Jan sit langs hom. Die hees slangstem laat hom gril en gril en gril. Hy probeer verstaan wat Jan gesê het. Maar hy praat klaar verder.

“Julle probleem betrek verskeie probleme uit gevorderde hoërdimensionele topologie.”

“Die's my bra Jan,” sê Cyril stadig. “Hy's very knowledgeable.”

“Julle sien, die chiraliteit van ’n voorwerp verwys na sy ‘links- of regshandigheid’. Enige molekuul wat nie absoluut simmetries is nie, kom in twee verskillende weergawes voor. Die linkshandige isomeer, en die regshandige isomeer. So amper asof die driedimensionele molekuul in ’n vierde dimensie omgedraai is…”

Simon hoop hy is besig om te hallusineer.

“Só kan die menslike liggaam, byvoorbeeld, slegs linkshandige glukose opneem. En 80% van natuurlike glukose is regshandig, kan jy glo? Dit is inderdaad een van die beter argumente vir die bestaan van ’n god. Omdat dit as ontwerpsfóút beskou sou kon word. ’n Fout wat nie deur die evolusionêre proses gemaak sou word nie.”

“’n God wat foute maak is seker beter,” hoor Simon homself sê.

“Forgiveness!” roep Cyril.

“Juis, juis,” sê Jan, en Cyril begin giggel.

“Jul probleem met die Vicks-neussproei is dat dit die linkshandige isomeer van metamfetamien bevat, of dan l-metamfetamien. En dit het ook ’n ontstigtende effekte op die menslike brein. Waarna julle op soek is, is r-metamfetamien.”

“Ek het so gedink,” sê Simon. “En ... eh ... hoe nou gemaak?”

“Wel,” gaan Jan voort, “daar is teoretici wat glo dat elke linkshandige molekuul se regshandige ekwivalent ook móét bestaan, ten einde die entropie-vereistes van die

heelal te bevredig. Aangesien dit duidelik nie die geval is nie, word daar gepostuleer dat daar ŉ sogenaamde 'spieëlheelal' bestaan, waar elke molekuul se spieëlbeeld voorkom."

Cyril kyk skielik blink by Simon verby na Jan.

"So wat mister Schoeman nou vi' my sê… is daa's ŉ twin universe waar Vicks tik is? Wa' ons heeldag oop neuse en wille gedagtes kan hê?"

"Nie heeltemal só eenvoudig nie, maar ja, so iets."

Hy slaan vir Simon teen die arm.

"Djirre ons moet gaan bra! Mister Schoeman, hoe kom ons da' uit?"

Jan lyk mismoedig.

"Ongelukkig kan ek of jy, selfs op ŉ teoretiese vlak, nie toegang verkry tot so ŉ paradys nie. Sien, dit sou weer die entropie-balans versteur, wat rampspoedige gevolge vir beide heelalle kan hê."

Cyril begin histeries lag.

"Ag djirre tog they fuck you they fuck you they fuck you!"

"Kom nou, dis darem nie so erg nie. Daar is darem nog menseverhoudinge en ambisie om ons aan hierdie kant besig te hou."

Simon bekyk die man. Hy kan nie onthou dat hy sy naam op enige gastelys gesien het nie. Lewervlekke oor sy voorkop en wange, hare geel van jare se rook.

"Kom nou, kêrels. Ek is seker die drie van ons kan ŉ betekenisvolle gesprek aanmekaarsit?"

Cyril giggel, en Simon voel aan sy warm, klewerige agterkop.

"Waaroor het julle byvoorbeeld gesels voor ek hier aangekom het?"

Simon dink ŉ rukkie.

"Uhm… seerowers."

"Ek sien. Interessant. Die seerower-fenomeen. Natuurlik heel onakkuraat uitgebeeld in die hedendaagse media."

Simon kan sien dat hy wag vir een van hulle om iets te sê. Hy wag tevergeefs. Jan

sug, en verduidelik self.

“Sien, seerowers was nie gewoonlik die vuil ou mans wat ons in films sien nie. Seerowerekspedisies het baie ooreengekom met die hedendaagse verskynsel van jong mense wat na skool die wêreld deur toer. Goed, daar is geroof en gemoor, maar dit was meestal jong kêrels op soek na opwinding en ’n finansiële inspuiting voor hulle die arbeidsmark aandurf. As mens dink aan die monargistiese regeringstelsel, lyk dit vir my logies dat daar veral by die jeug ’n gevoel van apatie sou gewees het teenoor die professionele leefwêreld. ’n Soort ontnugterde verwydering. Maar wag, ek onderbreek myself. Dié uitspattige jong mans, en vroue, maar daarby kom ons later, het dikwels die helder klere wat hulle van ryk skepe kon buit aangetrek, juweliersware gedra en duur wyn wat hulle gebuit het gedrink. Baie soos hedendaagse musieksterre.

“Sommige seerowers, soos die berugte Blackbeard, was wêreldwyd beroemd. Hy was berug daarvoor dat hy twee brandende lappe aan sy hoed sou vasmaak voor ’n geveg, en só by sy opponente heilige vrees sou wek.

“Die ironie van die saak is dat die regerings dikwels ook sélf seerowers geskep het. Die sogenaamde ‘privateer’, wat deur die staat gehuur is om ’n ander land se handelroetes te saboteer. Op die oop see, ver van die koning se gesag, het hulle dikwels gekies om hul lojaliteite te verdeel.”

“Ek … uhm … sien,” sê Simon. Hy voel vasgeketting aan sy stoel, maar moet sy kop skuins na Jan toe draai, anders skiet die pyn deur sy harsings. Cyril lê met toe oë op sy dekstoel, en Simon wonder of hy nie miskien moet maak of hy uitpaas nie. Jan teug ingedagte aan sy pyp.

“Maar nou ja. In die moderne seerowerverhaal is daar sekere kernelemente wat deurgaans betrek word, histories akkuraat al dan nie.”

“Aha,” sê Simon, ’n flou poging tot sarkasme. Hy voel nie meer soos ’n organiese onderdeel nie. Hy voel nie eers meer sý organiese onderdeel nie.

“Daar is byvoorbeeld die lokval. Dit is histories akkuraat. Die seerowerskip wat beskadig is, en die handelskip wat om humanitêre redes hulle te hulp snel. Ha ha, jy kan seker dink wat dan gebeur.

“Dan is daar natuurlik die versteekte skat, en die skatkaart. Ofskoon daar tot op hede

nog geen sulke sogenaamde skatkaarte gevind is nie. Om die waarheid te sê is dit te betwyfel of ŉ seerower ooit sou wou afstand doen van sy rykdom, en in hoe verre ŉ spaarplan deel sou uitmaak van sy strategie. Sommige mense beweer die idee van die skatkaart is bloot ŉ mite. En vir die moderne seerower is dit natuurlik bloot ŉ bankrekening, êrens in die Kaaimaneilande."

Jan glimlag skalks na Simon. Hy lyk nie na die gay tipe nie, dink Simon. Maar mens weet nooit met hierdie leerdraende ou mans nie. Simon voel weer dat daar van hom verwag word om iets te sê.

"Moderne seerowers? Daar's nie meer seerowers nie," probeer hy. Duidelik het hy die regte ding gesê.

"Maar natuurlik is daar. Daar sal altyd wees."

"Maar hoekom weet ons nie van hulle nie?"

"Hulle jaag nie meer roem na nie. Hulle's veel slimmer, hulle opereer tussen identiteite en nasionaliteite. Omdat hulle aanvalle anoniem, en in internasionale waters plaasvind, is dit nie vir enige regering die moeite werd om ŉ daadwerklike stryd teen hulle te voer nie. Dis eenvoudiger om skeepsvragte beter te verseker."

"O." Simon kyk na die verrimpelde vel op die ou man se hande.

"Maar kom ons kom terug na die vroue, jy maak my ongemaklik met daardie jags hangoë van jou," sê Jan.

"Daar was die beroemde Anne Bonny en Mary Read, ŉ lesbiese seerowerpaartjie. ŉ Pragtige verhaal. Hulle het ongeveer 800 skepe onder hulle bevel gehad. Maar hulle is gevang en die doodstraf opgelê. En hier lê die tragiek: Mary het haarself verwagtend gekry, en so die galg vrygespring. Till death do us part, nê?"

Jan is aan die verdwyn. Sy buitelyne word vaag. Hy is ŉ hees stem van die verkeerde kant van die dood af, en Simon wil nie meer vir hom luister nie. Jan staan op.

"Maar op daardie noot … ek kan sien jy's bietjie poot-uit, Simon. Ek sal jou later meer vertel van seerowers, en seksualiteit. Verskoon my."

Hy stap dansvloer toe. Een kelnerin wieg nog toe-oë heen en weer. Hy begin al om haar dans, klap sy stewels teen mekaar terwyl hy op sy kierie balanseer. Cyril is nog

steeds uitgepaas. Simon klap hom teen die kop.

“Jy! Wie fade nou!”

Cyril kyk op, sy oë wakker.

“Daai Jan-bra is annerster,” sê Cyril, stadig en effens hartseer. Simon lag.

“Is jy nog sad oor die tik-ding? Ek het jou gesê, moenie worry nie, ons kry nog, ek sal vir Mushizo vra.”

“Moenie worry nie? Moenie djy worry nie! Waarheen ek op pad is gaat ek niks se tik nodig hê nie!”

“Jy’s ernstig oor die gangster-ding?”

“Watse gangster-ding, Simon? Wie, behalwe jy, het wat gesê oor gangsters? Ek gaat ’n rooi outfit kry, hier oopgeknoop met ’n goue chain, en ’n smart hoed, ek gaat my hare vol Brylcream maak en ringe aan elke vinger, met shades en tattoos. Ek gaat ’n fur coat kry vir die koue, en slaap op ’n bed vol banknote with lots of beautiful women, en eendag, as als uitwerk, dan steel ek ’n eiland in die Caribbean.”

“Ja sure, klink lekker. Ek kom saam,” lag Simon.

Cyril druk sy vinger onder Simon se neus.

“Djy lag, bra… Djy lag. Dis oraait. Moenie my serious vat nie. Watch my. Djy sal my serious vat, wanneer ek wil hê djy moet my serious vat.”

&

Dag 6

"I don't want to make money. I just want to be wonderful"

- Marilyn Monroe

Met die eerste strale lig is die albatros wakker. Op die verlate dek sprei sy haar vlerke uit.

Sy sweef land toe. ’n Lang sagte draai van wit en daaragter die land. Dan ’n klomp regop pale, wolke wat borrel uit hulle mae. Duisende duisende boksies, mensneste. Lang swart seewierige lyne wat in die son lê tussenin. Sy volg twee wat teen ’n heuwel uitloop, met ’n klomp blink metaalboksies wat daarop beweeg. Op die heuwel is nóg neste. Kleineres, trekvoëlneste. Wemelende mense. ’n Klomp staan langs die swart seewier in rye. Wit boksies jaag so amper in hulle vas, en dan klim hulle in.

Sy laat sak haar regtervlerk, en ’n groot sirkelbeweging bring haar weer by die see uit. Hier mond ’n rivier uit, nog huise weerskante, en groot bruin voortstuwende modder. Sy vlieg weer uit oor die blou, na haar skip.

&

Die oggend staan Faye moeilik op. Hannes is vroeg al uit. Hy’s elke oggend vroeg uit. Maar seker nie op soek na werk gewees nie. Hoop nie hy’t nou weer by die Flamingo begin uithang nie. Dis net probleme, daar. Hulle hang sommer so oor die toonbank, die probleme.

Gisteraand moes sy net troos, nie eers uitgekom by die skottelgoed nie. Sy doen dit maar nou. Daar’s ’n gat in die punt van een van die handskoene, so die water kom nou in. Sy hoef darem nie so met haar kaal hande die goldilocks te vat nie.

Na die skottelgoed sit sy ’n plaatjie op. Aretha Franklin om ’n bietjie die mood te lig. Sy stofsuig, die gordyne én die matte. Dit laat haar gewoonlik beter voel, as alles darem op sy plek is. Sy doen dit maar versigtig vandag, wil nou nie die gordyne ’n skeur in maak nie. Einde van die maand gaan daar nie geld vir gordyne wees nie. Maar nou ja, as mens te versigtig skoonmaak, dan kom alles ook nie skoon nie.

Op die TV gaan daar niks aan nie. Daar’s ’n groot ding oor die brekfis wat die mense

op die boot kry, die waatlemoene en worsies en whatnot. Die spul lyk maar broos vanmôre. Lekker babelaas. Wil mos.

Sy sit die TV af, en maak weer die ensiklopedie oop. 8/110. Sy wonder hoe kry hulle dan so mooi die kaarte van onder die see. Gewoonlik stap hulle, en meet mos, en so. Maar jy kan mos nie onder die see rondstap met ’n wieletjie nie! Watookal hulle doen, dit vat seker maar lank. Wonder of dit die moeite werd is.

Die kaart. Daarbo het hy ’n klomp gehad. Sy’t ’n paar name gou-gou onthou. Sy onthou daar was geteken ook op, in koki. Stippellyne. Seker maar voorbereidings vir die reis, die kaptein moet mos alles weet. Sy wonder of die nuwe kaptein van die *Fantasy* ook alles weet wat hy moet.

Sy moet regtig daai stukkie glas kry. Wonder hoeveel dit sal kos. Sy het die afmetings en alles, mooi afgemerk op ’n papiertjie. Miskien moet sy dit gou gaan kry. Sy’t gesien hulle het hulle daar by CNA.

Sy pak ’n handsak. Dis net twee blokke dorp toe. By CNA vra hulle die heeltyd of hulle haar kan help, en sy sê maar net vir almal ‘just looking’. Hulle sal lag vir haar met haar papiertjie. By die agterste rak kry sy die raampie met die stukkie glas in. Hy’t dit seker net hier gekoop. Sy pas hom in op haar papiertjie. Ja, dis hy. Sy draai hom om om die prys te kyk. R31.99! Magtie! Dis darem bietjie dik vir ’n daalder, is dit nie? Om te dink een ou glipsie, en daar’s R32 weg! Nee, o jittetjie. Dít kan nie.

Maar sy kan dit darem ook nie net los nie. Miskien kan sy kyk in hulle ou foto-laaie, miskien is daar een wat ook sal pas. Maar sy weet sommer daar gaan nie wees nie. Miskien kan sy by die second hand shop gaan kyk, hulle sal seker sulke goeters hê? Sy kyk om haar. Die assistente is nou almal weg. Daar’s ’n lang ry by die till. Sy kyk op, oor haar skouer, links, regs. Die kameras kyk ook weg. Sy voel haar hart klop in haar bors, boem-boem-boem. Kan sy? En tjoef-tjaf gooi haar hande dit in haar handsak, voor sy eers daaroor kan dink. Sy voel haar bene bewe soos sy wegstap. Sy moet nou mooi speel. Moenie bang lyk nie. Nie senuweeagtig nie. Sy stap rustig deur die gangetjies, en kyk bietjie na die tydskrifte ook. En sy besluit om uit te stap. Dis die moeilikste deel, by die checkout verby. Nie meer ver nie. Die meisietjie kyk af, sy’s besig met iets anders. Nog ’n paar tree. Langs die till. Sy stop. Sy weet nie hoekom nie. Sy weet nie wat sy gaan doen nie. Maar sy hoor haarself sê:

“Askies, juffrou, julle’t nog nie die volgende Heat nie? Die een met David Beckham

voorop nie?" Maar sy weet mos hulle het hom nog nie, hulle kry hom altyd eers die Maandag in! Die meisie agter die till skud haar kop.

"Maandag, mevrou."

Faye knik.

"Nee reg, dankie, lekker dag verder, hoor!" roep sy vrolik. Haar bene bewe. Sy kyk na die haarsalon, al die madams wat met hulle koppe in curlers sit. En glimlag, al weet sy hulle sal in hulle lewens nooit vir haar terug glimlag nie.

&

In 1901, op ŉ Saterdagmiddag, voor die werklikheid van aktetasse en dasspelde vir die 20-jarige snuiter bestaan het, het William Harley gesit en planne optrek. Sy vriend Arthur, oudste seun van die Davidsons oorkant die straat, was soos gewoonlik aan die timmer op ŉ stuk scrap. They had a dream. In 1903 verkoop hulle hulle eerste motorfiets: ŉ 3-1/8 duim boor- en 3-1/2 duim slag-enjin. Op die muur van die garage verf hulle toe een middag, vir die grap: 'Harley-Davidson Motor Cycle Company'. In 1905 neem hulle hul eerste voltydse werknemer in diens, en trek na ŉ groter werkswinkel in Chestnutstraat, Milwaukee. In die eerste helfte van die 20ste eeu oorheers Harley-Davidson motorfietswedrenne. Maar in 1933 daal verkope as gevolg van die Depressie. ŉ Art Deco-arend word op die brandstoftenk geverf, en verkope neem weer toe. 'Vryheid', sê die beeldpoetsers, is die woord wat hierdie motorfiets gaan verkoop. In 1945 begin Harley-Davidson om die swart leerbaadjie as motorfietsuitrusting te bemark. Na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog verf hulle, agter die arend op die brandstoftenk, ŉ Amerikaanse vlag.

In die vroeë 80's laat vaar Suzuki hul self-ontwikkelde ontwerpe vir die Amerikaanse mark. Aërodinamika word ingeboet om die kenmerkende traanvorm-brandstoftenk, swart-en-silwer voorkoms na te aap. Om die kenmerkende klopgeluid van die Harley-Davidson-enjin te verkry word torsiekrag opgeoffer. Enkele ingenieurs bedank. En in 1988, sê Mickey Rourke as Harley-Davidson vir die Marlboro Man Don Johnson: "You're the only family I got, man," voor hy Don se Kawasaki aan flarde skiet.

Simon knik vir Vernon. Die regisseur is besig om skote van Dennis wydsbeen oor sy nuwe V-Rod by te werk. Langsaan is die kontinuïteitsregisseur besig om ŉ huldeblykprogram vir Vloog deur te kyk met ŉ fyn kam.

“Jy moet nog die narrasie daar doen,” sê Vernon, in ’n sterk Engelse aksent. Narrasie, dink Simon. Moet ek my klokkiehoed gaan haal en vir jou dans, Vernon?

Op die ander skerm is nou landskaptonele – die Overberg, die Bosveld. Knysna. Dennis wat terugleun en die vergasser wyd oopdraai. They had a dream. The Original™. Soos ’n beesdief skelm tussen ’n trop deurloop, in die nag “tsss” hul boude brandmerk. So glip die sleutel van bemarking in die slot van nuwe demokrasieë.

Die insetsel oor Dennis se nuwe motorfiets sal môre uitgesaai word. Intussen pronk hy op iTshona, op sy eie klein rostrum, waar mans met hande in hul broeksakke kan om en om stap en *net nog een keer* kyk na daardie dubbeluitlaatpyp.

Simon gaan eetsaal toe vir middagete, grys keramiekborde, sasjimi oranje en wasabe groen. Hy dink aan die onsterflike woorde van die magtigste bos-apie in die wêreld: I am convinced that the human being and fish can co-exist peacefully. Na ete probeer hy in die helder son van iTshona sy oë uitbrand. Hy kan voel hoe sy oogballe vibreer in sy oogkaste. In sy kop het ’n trop bobbejane gekak. Die oggend het hy wakker geword, iets onthou van organiese onderdele, iets van seerowers. Sý organiese onderdeel was penorent en hy moes oor die toilet superman om te kan pis. Maar nou, in hierdie hitte, kan die wond wat gisteraand is, toegeskroei word. Kom sonwind, brand hierdie doodsgedagtes uit en bring warmte en liefde in my hart. Leer my glimlag soos ’n Sanlam-werknemer met sy twee en ’n half kinders in Durbanville.

’n Paar sotte staan en bewonder die Harley. Simon ignoreer hulle en kry ’n dekstoel heel agter op die dek, bo die groot tollende skroef wat hulle voortdryf, immer oos. Sy maag was beslis nie reg vir rou vis nie. Hy voel ’n sametrekking, ’n kramp, derms wat wemel en stoei en spartelend hulself probeer losknoop. Sy toe ooglede gloei rooi voor hom. Hy sien dít weer. Die liggaam. Vloog se halfgeëete torso, die roofvisse wat ruk aan onnoembare ingewande. Hy voel dit aan sy eie lyf, ’n trek hier, ’n pluk daar. Skerp knyptande om sy maag, die swoesj van vinne deur sy slukderm en af tot in sy niere. Hy maak sy oë oop. Daar’s net een ding wat hom kan help. Sigorei. Die soet smaak van sigorei. Fok die Columbian Import, die Wiener Mischung, die Mocha Java. Hy het die vars perkoleersmaak van Ricoffy nodig. Die strooismaak van 44% sigorei. Hy’t nog altyd gedink die enigste manier om ’n siek gestel reg te kry, is om dit verder te skok. Met ’n dubbel whisky, met McDonald’s en Coke. Met

nog gifstowwe. Met sigorei, drie suikers en ’n Ransom. Hy’t Ricoffy nodig. Gee my die gif. Hy steek sy hand uit na ’n kelner. ’n Pikkewyn wat oorloop van vreugde op Dennis se fantastiese ysberg. Kom, sonwind.

“Uhm... Ricoffy,” sê hy.

“Jammer meneer,” glimlag die kelner, “maar ons bedien nie … Ricoffy nie.”

Wel wie’t jou snawel vanoggend gestreel, wonder Simon. Jubel dis oggend, nê? Simon besluit om eendag ’n wêreld te ontwerp waar niemand voor twaalf mag glimlag nie.

“Gaan vra jou baas,” sê hy. “Kry Ricoffy.”

Die mannetjie haas weg, “Sekerlik, meneer Afrika.”

Hy sien een van die ander kameraspanne uitgehardloop kom, voor ’n briesende Harold by die sydeur van die eetsaal uitgestorm kom. Wat is dit nou weer? Hy hou van die ou projeksieman, maar deesdae is hy al meer humeurig. Daar was gerugte van ’n film wat hy wou maak, en leë beloftes van Dennis se kant af. Sy afgeskeerde kop weerkaats ’n kol son na Simon toe. Met al die flieks wat Harold al gekyk het, praat hy deesdae omtrent net in aanhalings. Hy kan nie anders nie. Hy draai om na die kameraman en Simon hoor hoe hy iets skree wat klink na “You lookin’ at me?”.

Harold storm op met die trappe. Die kameraman hardloop agterna. Hy hou die PD150 op sy skouer soos ’n huursoldaat ’n RPG sou hou in ’n Afrika-burgeroorlog. Groot nuus in die 90’s, elke ondersoekende joernalis se droom, lewe op die spel, die waarheid ensovoorts. Maar burgeroorloë is ou nuus. Soedan Mosambiek Guinea-Bissau Zaïre Zimbabwe Sierra Leone Eritrea Angola Madagaskar Namibië Tsjad Rwanda Ethiopië Somalië Liberië Burundi die balletjies wat bons tussen die belaglike reguit lyne van Afrika staatkundig. En aanhou bons, en aanhou bons, tafeltennis vir die CIA se kinderpartytjie. Kom, maats. Kom speel.

“Meneer Afrika?” hoor hy die stem agter hom. Hy kyk op. Hoofpikkewyn.

“Meneer Afrika, Darren sê vir my u is op soek na Ricoffy?”

Simon knik. Dans, pikkewyn.

“Ek’s bevrees, meneer... ons het nie Ricoffy nie.”

Simon sien die hoofpikkewyn met sy plat pote in die ys vasgespyker. Met ’n

oliepyplyn deur sy kloaak.

“Weet jy wie ek is?” vra hy.

“Ja meneer,” sê die hoofpikkewyn.

“Nee jy weet nie wie ek is nie,” sê Simon. “Jy dink jy ken my, maar jy ken my nie. Jy dink jy is my vriend want jy sien elke dag my gesig op TV. Ek is nie jou vriend nie. Jy is nie my vriend nie. Al wat jy van my weet, is dat ek iemand is wat Ricoffy wil hê en as ek dit nie binnekort kry nie mag ek dalk jou blindederm deur jou kloaak uitruk!”

“My ... eeh?”

Simon waai hom met sy hand weg. Hy verdwyn. Simon maak sy oë toe, en wag vir die sonwind.

Sy koffie en Jan Schoeman kom terselfdertyd aan. Die een olierig, met die reuk van medisyne. Die ander in swart leer en donkerbril. Beide maak aanslae op sy sintuie.

“Jis storieman,” groet Jan, en Simon skeur drie sakkies suiker oop om in die donkerbruin mengsel te gooi. Fokken Italiaanse kak.

Simon ruik kamferroom, en probeer onthou wat Jan alles gesê het. Jan met sy fokken verwysingsraamwerk. Hy hoor weer die ratelslangkug. Dit sal hy nooit kan vergeet nie. Jan maak homself gemaklik op ’n dekstoel langs Simon. Simon kyk na sy kleredrag. Leathers. Nog ’n biker op die oop see.

“Simon Afrika…” sê Jan. “Jirre maar julle hotnots het al die donners mooiste name vir julle gevat!”

In hierdie helder lig skrik Simon vir die lewervlekke op die man se voorkop, die olierige grys hare wat oor sy skouers hang. ’n Sigaret in sy linkerhand, en ’n kierie. Stem soos die geskarrel van rotte in die solder. Die man verskuif sy sonbril op sy neus, en steek ’n bejaarde hand uit. Simon vat die koue, klam hand in syne en skud dit. Waarom wil wit mans die heeltyd jou hand skud?

Jan kyk oor sy skouer na waar Dennis se Harley staan.

“Hel, dis darem ’n stuk masjien om tussen ’n ou se bene te hê, of hoe sê ek Simon? Hoe wens ons nie ons kon sulke masjiene gehad het nie?”

“Speak for yourself,” mompel Simon.

“Ja, ek het lank gedink dis kinderagtig. Maar jissus, as jy ’n slag uit jou eie skedeltjie uit kan kom en daai silinders hoor skree…”

Simon kyk weer na die leerbaadjie. So hy ís ’n biker?

“Het jy een?” vra Simon.

Jan lag, en skud sy kop.

“Nee, hel, is jy mal? Ek is so te sê blind, sal in my moer in verongeluk! Maar so nou en dan dan maak ek ’n draai daar by die winkel in die Kaap. Dan draai ek die petrol oop, en luister.”

En dan kan jy jouself verbeel jy’s amper soos een van daai ouens in die advertensie, wat amper is soos een van daai ouens in die movies, wat net mooi glad nie is soos die Hell’s Angels of enige ander groep wat ooit op kollektiewe vlak motorfietse bestyg het nie, dink Simon.

“Snaaks,” sê Jan. “Maak nie eintlik saak of jy die hele gedoente daar rondom koop of nie. Die beste oplossing vir ’n eksistensiële krisis bly maar ’n Harley!”

Simon sien hoe hy homself gemaklik maak op die stoel. Geen vinnige genade vandag nie. Hy hoor weer ’n rumoer by die trappe. Harold kom afgestorm, met Florence wat sukkel om by te hou agterna. Florence wat in die kombuis werk. Sy’t begin as ’n skottelgoedwasser en gevorder tot sjef. Tussen Cordon Bleu en Caesar Salad maak sy ’n befokte hot dog.

“Harold!” roep Jan. “Kom praat, man. Kom praat.”

Harold en Florence kom sit met ’n ontevrede gekraak van plastiek op die dekstoele oorkant hulle.

“Wat pla?” vra Jan.

“I will have my vengeance, in this life or the next. Hy gaan dit steel.”

“Wat?”

“*Atlantis*.”

“Ai, ai, ai,” sug Jan.

“Wie gaan wat steel?” vra Simon.

“Kyk,” sê Jan, “ons vriend het ’n film geskryf. ’n Donnerse mooi film.”

“Dis ’n baie mooi storie,” sê Florence.

“Is so, is so,” sê Jan. “’n Liefdesverhaal met die hele land in hom vasgemaak. Dit speel af in Atlantis, daar tussen die hoere. Maar ongelukkig moet hy nou deur Dennis werk om dit gemaak te kry.”

“Will Smith, Jan. Will Smith. Hy’t met Will Smith gepraat oor die hoofrol.”

Jan fluit ’n lang, moedelose fluit wat uitsweef oor die water en nie terugkom nie. Simon is nie verbaas nie. Dis nie die eerste keer wat hy van hierdie soort ding hoor nie.

“Nothing more dangerous than a man with nothing to lose. Watch my,” sê Harold. Hy staan op en hy en Florence stap bitter weg.

“Weet jy wat sê hulle van suiwerheid, Simon?” hyg Jan.

Simon sug. Al wat hy nodig het is ’n neo-rassis wat aantrek soos ’n neo-Nazi en ruik soos ’n neo-bergie. Hy skud sy kop.

“Van essensie?”

Hy onthou dat hy dit gisteraand ook gedink het: die ou oom is duidelik van sy kop af.

“Substansie?”

Simon skud weer sy kop. Uit blote duiseligheid besluit hy om saam te speel.

“Wat sê hulle daarvan, oom?” vra Simon.

Jan kyk skielik op. Asof hy sopas swart betrokkenheid in die Anglo-Boereoorlog genoem het.

“Nee, got, ek weet nie! Ek vra mos vir jou !”

Simon voel sy maag draai.

“Ai, man. Ek trek jou been. Maar dit lyk vir my of jy gepla is. So of die lewe niks meer geheime vir jou het nie. Jou karma is drolkleurig, man.”

Simon wil nie beweeg nie. Hy wil nie praat nie. Hy wil toegeskroei word. Kom, sonwind.

“Maar Simon, jy moet jou nou nie bekommer oor sulke simpel woorde nie. Mooi goed, jy weet, mooi woorde.”

Hy beweeg nader. Simon ruik antiseptikum aan sy lyf. Jan fluister:

“Moet hulle net nie te ernstig opneem nie, nê !”

Simon knik, en voel weer sy derms uitryg. Palings wat in en uit sy milt swem.

“Nou’s daar nog iets waaroor ek met jou wou praat,” sê Jan met sy hande gevou om die knop van sy kierie. “’n Paar van ons, ’n paar … eeeh … verkose siele, het vir onsself so ’n ou tydelike organisasie gestig. Bietjie soos ’n komitee, jy weet, maar beter. Want komitees praat te veel, jy weet. Hierdie’s meer in die lyn van … ’n Lions-klub. ’n Forum waar ons kan bymekaarkom en die dinge wat ons na aan die hart lê, bespreek. En dan miskien iets doen daaromtrent, jy sien. Nou ja, gisteraand het ons gesels. Oor jou. Oor … eeeh … die wenslikheid daarvan om jou te betrek by ons ou kringetjie. En ons was dit eens dat jy ’n waardevolle lid van ons organisasie sou kon wees. Mits jy natuurlik belangstel. Dit kan vir jou heel … voordelig wees.”

Die Broederbond is alive and kicking, dink Simon. Welkom, bruin broer.

“So, sou jy belangstel, ons sal jou graag aan boord wil hê. Om nou so met die metafoor van die skeepvaart te … vaar, hehe.”

Simon knik. Wat ’n maklike scoop gaan dit nie wees nie. Net glimlag en luister. Hy sien al die opskrifte: ‘Tik-tik en die Nuwe Broederbond: ’n Studie’, of ‘Ai, wat sou oom Hendrik gesê het?’

“Ek sal daar wees,” sê Simon.

“Nou maar toe, ons is bly jy voel so! Kom vanaand so agtuur se kant parkeergarage toe. En Simon…”

“Ja?”

“Jy kan maar informeel aantrek, hoor. Ons steur ons nie aan beuselagtighede nie.”

Simon knik. Hy probeer so ernstig soos Jan lyk. Maar skielik lag Jan.

“Lekker man! Dan sien ons jou agtuur!”

Hy trek homself op aan sy kierie, en stap haastig weg.

Simon maak weer sy oë toe. Bang vir die beelde wat weer kan terugkeer. Maar hy voel die son, hy voel hoe sy ontstuimige kop tot rus gedwing word. Snaaks, dat Jan hom eintlik gerusstel. Want duidelik is daar mense wat kan lag en dans, al wemel

slange in hulle ingewande, al skarrel rotte in hulle gedagtes. En vanaand mag hierdie strontvaart saam met die sotte dalk die moeite werd word.

&

Kristina laat haar onderlip oor die skag beweeg, en soen saggies knibbel saggies aan die kante, pãrshvatodashta, soos Dennis daarvan hou. Hy't die mooiste piel wat sy nog ooit gesien het, perfek reguit. Sy vorder deur die agt fases van die auparishtaka, met ekstra aandag aan die ãmrachûshitaka, die suig van die mango. Dis siësta-tyd op die swart lakens van hul dubbelbed aan die agterkant van die skip.

Sy is besig om sangara, die verorberingstegniek, toe te pas en nie aan haar oom te dink nie wanneer sy skielik die agterdeur met ŉ skwiek voor haar oopdruk en uithardloop op die werf, verblind deur die warm Vrystaatse son. Uit die kombuis, uit die badkamer, weg van semen op novilon vir ewig. ŉ Paar honderd treë agter die plaasopstal is daar ŉ dam met die weerkaatsing van die berge op ŉ stil skemerlaatmiddag wanneer selfs die paddas ŉ uur of twee lank ophou kwaak. En in die dam swem sy in haar panty as haar ma nie kyk nie maar terselfdertyd weet sy dis voor haar lyf begin swel het teen haar ribbetjies twaalf jaar oud of minder en sy het ook partymaal stilletjies versigtig om nie die water te versteur nie ingesluip tot sy halflyf in die water kon afkyk en haarself omring van die blouste Vrystaatse lug op die oppervlak kon sien. Om dan jou hand tot op die water te bring en die allersagste van bewerasies deur die dam te laat trek, vyf ringe. Wat terugkeer en weer terug tot stadig die oppervlak weer stil word, en uit die lug omring van vlaktes en die stadige draai van die aarde voor mens dit kan weet die gesig verskyn op die water met die hoë wangbene en die half-toe oë en die delikaat geplukte wenkbroue van ŉ volwasse vrou.

"Nee!" skree Dennis. "Dit is nie aanvaarbaar nie!"

Sy slaan oor na chumbitaka, sy weet dit maak hom rustig.

"Herhaal daai syfers," sê hy, sagter. "Kyk, hoeveel keer moet ek dit nog verduidelik? Dit werk so: die adverteerders-ooreenkomste is op AR-gemiddelde vasgestel. Vir elke punt wat die AR's onder 6.5 lê, verloor ek drieduisend rand per minuut."

Sy voel sy hand van haar skouer af oplig.

“Die reis is in sy 118de uur. Die uitsending is in sy … 8012de minuut. En met ’n gemiddelde AR van 6.1, 0.4 punte onder … verloor ons omtrent … 7.6 miljoen.”

Sy voel hoe hy slapper word terwyl die stemmetjie aan die ander kant praat. Sy weet sy kan hom weer terugbring.

“Ons sal 6.5 gemiddeld maak,” sê hy.

Die stemmetjie babbel weer blikkerig oor die foon.

“Ons sal 7 maak,” sê Dennis stadig.

Sy voel hoe sy piel weer hard word in haar mond.

“Moenie vir Dennis Devilliers sê hy kan nie.”

Sy hoor hoe hy die foon toeklik en op die bed gooi. Sy weet dis nou weer sangara wat hy wil hê, tot die einde toe. Vergeet van Vrystaatse badkamervloere. Vergeet van oom Pedrie. Vergeet van jonkwees. Sy weet hoe. Sy steek ’n hand uit na die bedkassie, waar sy weet ’n pakkie tissues lê.

&

Simon stap op ’n vae paadjie deur ’n woestyn. Links en regs straal die son van goue duine af, en oor die horison sien hy ’n swartgeklede figuur aangestap kom. Hy’t ’n viool in sy hand, en sy vals wysies trek verveeld oor die warm duine. Al nader kom hy, tot hy voor Simon staan, in ’n swart monnikekleed, sy gesig wit geverf, sy oë rooi. Op sy bors is ’n wit naamplakker, die blou raampie-soort, met die woorde:

NAR

VAN DIE

DOODT

Skielik is Simon by ’n perskonferensie. Dieselfde man is daar. Simon moet verslag lewer, hy’t ’n mikrofoon in sy hand. Maar hy kan nie praat nie, sy tandvleise aan die verrot. Die man drink sjampanje en vra sinnelose vrae. Simon sien hoe hy prentjies op sy notaboek teken, huisies met skoorstene en krulwolkies.

Hy skrik wakker. Hy lê nog op die dekstoel, sy broek kleef aan sy natgeswete bene. Williams staan voor hom. Sonder sy kamera.

“Hulle’t ons geroep,” sê hy. “Dennis wil ons in die Grys Kamer sien.”

Simon weet hier kom moeilikheid. Hy moes die food fight meer opge-amp het. Hy moes meer dinamies gewees het by middagete. Hy's moes meer menslikheid uitgestraal het.

Die Grys Kamer is agter die brug, 'n klein konferensiekamer. Simon kry vir Alfie op pad op, 'n croissant in die een hand en 'n verkyker in die ander. Die nuwe kaptein groet hom met 'n moroniese glimlag.

"Als reg hier?" vra hy.

"Klopdisselboom," sê Alfie, en in sy oë kan Simon sien hy sou nie agterkom as 'n ysberg die skip teen die rand van die wêreld afjaag nie.

In die konferensiekamer besef Simon dat die moeilikheid groter is as wat hy gedink het. Dennis het sy hare losgemaak. Oorlog-Dennis, met sy hol marionette aan sy o so soepel polse. Maar wat hom die meeste ontstel, is die teenwoordigheid van Lenner. Die rekenmeester. Met sy yl hare, sy skrale vyf voet twee-lyf, en groot voorkop, lyk dit of Lenner 'n suiwer produk van die evolusionêre proses is, ontwerp slegs om die vinnigdraaiende wiel van Dennis se winste te druk tot net diékant van uitbrand. Die ander produksie-eenhede is ook daar. Nes hulle sit, begin Dennis praat.

"OK people. I'm serious. We need to push the AR's up drastically. Drastically. I want colour, life, action, and lots of it."

Arme Dennis. Simon het die syfers gesien. Hulle's miljoene in die rooi. En dis net vir die produksie. Die prys van die *Fantasy* self is nog nie eers bybereken nie. Dis gesien as 'n belegging vir toekomstige inkomste. Vernon is onmiddellik op sy metroseksuele perdjie. Seker maar 'n ponie dan.

"Dennis, we're still riding on viewers from the funeral. I hate to say it, but Vloog's death is one of the best things that could have happened to us, viewer-wise. The past two days have been the best so far. We're working on it, the food fight was great. But we can't just shift into highest gear now."

Sjoe. Mondvol.

"We're going to. And you're going to supply the fuel."

Ooee … mens praat nie so met Vernon nie. Hy stoot sy onderlip uit en trek sy skouers op.

“Well then you’d better make your guests excting. They’re just about the most boring lot of people I’ve ever seen.”

Dennis kyk hom stip aan.

“Of course they’re boring. Your job is to hide that fact.”

Dennis lyk nie goed nie. Stres, miskien. Sy lippe is dun op mekaar gepers. Simon kan sien hy weet nie hoe om ’n organiese onderdeel te wees nie. Hy skop teen die stroom, die swart stroom wat ons almal wegvoer na mislukking en oorgawe. Simon wil nie onder Dennis se frons deurloop nie. Hy wil verbysluip en aandryf, af in die stroom, al die pad tot by een of ander wonderlike waterval. Hy probeer onopsigtelik word, ’n grys kantoordier, stokinsek van die konferensiekamer. Dis óf dit, óf hy moet homself giftig maak, ’n bessie waaraan jy nie byt nie. Maar hy weet hy sal nie vandag die kwaai pyp kan rook nie. Hy probeer homself eerder in die weefsels van sy stoel inweef. Dennis draai na hom toe.

“En Simon in hemelsnaam gaan kry vir jou ’n persoonlikheid! Hoekom dink jy is jy hier?”

Fok. Wel, as die stokinsek gevang is, kan hy seker maar net sowel giftig raak. Dennis se reënboogfantasiepoes. Hy antwoord in ’n stemtoon wat hy hoop dreigende kalmte uitstraal.

“Hoekom is ek hier? Omdat jy ’n token bruin gesig nodig gehad het. Om jou kwota vol te maak. As window dressing vir jou fokken happy clappy technicolor dreamcoat.”

Dit word stil in die konferensiekamer. Een van daai stiltes waarin almal hul opinies van jou herevalueer.

“Is nie,” antwoord Dennis, en leer vir Simon ’n les in die uitstraal van dreigende kalmte. Simon voel sy mond oopgaan, en ’n patetiese “Is” kom uit. Dennis staar hom stip aan. Simon probeer weer die stokinsek-pyp rook. Dennis sug gefrustreerd.

“OK, people. I’ve rescheduled the dance spectacular for tonight.”

Vernon lyk asof ’n hond sopas teen sy been gepis het.

“How can you make that sort of decision without consulting the directors?”

“That’s the other thing I wanted to talk to you about. You’ve all become assistant

directors."

"And pray tell who will direct?"

"I will."

"I see."

Vernon het daai bloederige rooi in sy gesig wat Simon so bly is net witmense kry.

"We need to maintain an average AR of 9.9 from this point until the end of the show. Frankly, there's only one person I trust to do that. And that's me. So. *Machine* will show tonight. I let the technical know, they're prepping the stage. The dancers need to go through final rehearsal and warm-up. They'll be ready at nine, we'll start somewhere between nine and ten."

"And what will take its place tomorrow? Do you have another show up your sleeve?"

"I'm sure we can think of something."

So is dit. As Dennis outokraat raak is dit oorlog en hy's die generaal. En so jammer soos hy vir Vernon voel, en so graag soos hy nou vir Dennis sou wou vasbind, sy lyf vol Redro smeer en 'n trop hondsdol katte op hom loslaat, moet hy toegee: hy is 'n meesterlike tiran van die TV-skerm.

"We've been working through some footage, and I think we can create a suggestion of an affair between Siyuvule and Samantha. What we need this afternoon is usable material. Keep a tight eye on them both, any ambiguous glance, her throwing her hair back, whatever. We'll cut and paste them together. Understood?"

Almal knik. Almal behalwe die woedende rooibessie Vernon.

"Dennis, we've been setting Siyuvule up with Yvonne all week. What do you think you're doing?"

Dennis glimlag.

"Making a reality show. I'm also announcing that the first prize will be raised by R500 000, to 2.5 million. So keep your eyes open. And fuck this rivalry I've been seeing, if you see a scene worth filming while you're busy, inform the other crews. If I hear one single bit of gossip tonight, and have no footage for it, you can kiss your bonuses goodbye."

Die groot prys, die aas waaragter al die visse op die skip aanswem. Wel, die meeste. Kykers stem op die internet of met sms'e vir hul gunsteling passasier. En wanneer die paw-paw uiteindelik op die kaai neergepoes word, kry die wenner twee miljoen rand. 2.5 miljoen, nou. Simon is twee-en-twintigste op die lys. 'n Veilige, onnoemenswaardige posisie. Nommer een is natuurlik Samantha, miskien net omdat sy die mees sigbare gas is met die blonde kerntoets op haar kop. Siyuvule is net onder haar, en sal miskien deur die loop van die middag al verder onder haar inbeweeg, as Dennis sy sin kry. Nommer drie is Thomas van der Merwe, die binnenshuise ontwerper van die *Fantasy.* Simon is nie seker of hy al ooit Thomas se gesig tussen die alewige gewaai van sy hande deur gesien het nie. Nommer vier is Rebecca Matuwe, mejuffrou Suid-Afrika, 'Die Afrika-orgidee'. 'Wat uit die kak van Johannesburg groei?' het hy al baie gewonder. En op nommer vyf stap Jacques Kallis in. Die huisvrouens se keuse. Ongelooflik, ten spyte van al die druk wat Dennis en sy betroubare handlangerinne toepas, bly die man koel soos 'n komkommer. Hulle kan hom nie in 'n skandaal vastrek nie. Sy oordeel is onaantasbaar. Nommer ses is Amanda Red, en Yvonne Arendse nommer sewe. Sý sou baie meer stemme gekry het as sy nie een aand met Vloog gedans het nie. Vloog wás goeie TV. In Karatara, of Ogies. Maar met sy afsterwe en die kykersimpatie sal Yvonne seker bietjie opskuif, die dood maak mooi ensovoorts. Dennis is self nommer agt, en het aangekondig dat hy die geld vir liefdadigheid sal skenk, sou hy wen.

"Cyril!" roep Dennis. Die kelner kom ingestap met 'n boks. Sy opgewekte gouetandglimlag is natuurlik net vir Simon die tik-kleuter bedoel. Dennis haal 'n gehoorstuk uit die boks.

"Ons sal elke minuut AR-verslae kry. Sit dit aan en toets asseblief."

Cyril stap om die tafel. Simon haal een van die grys apparaatjies uit, en kyk of dit skoon is. Die plastiek is koud in sy oor, en hy sidder.

"Testing, testing, testing," hoor hy 'n vrouestem. Klink na Judith, die produksiehoof by die kantore in Kaapstad, se stem. Hulle is beslis ernstig.

"En dan het Cyril met 'n uitstekende voorstel gekom, waarvoor ek hom alle dank verskuldig is," sê Dennis.

Cyril het voor die venster gaan staan, die lig wat van agter af skyn.

“Ons gaan hom laatmiddag in die see laat val, en ’n reddingspoging van stapel stuur. Dit gaan ons wel ’n paar uur kos, maar ek dink dis die moeite werd.”

Iets is aan die gang. Hoekom sal Cyril homself in die see laat gooi? Simon onthou hy’t eenkeer by ’n pool party in die water geval, en geskree soos ’n standerd ses-meisie onder ’n pedofiel se hand. Sy silhoeët teen die middagson dra ’n volroom Cheshire-grinnik.

“9.9, mense. 9.9,” sluit Dennis die vergadering af, en Simon hoor Judith se stem in sy oor: “5.9”. Hy verstaan Dennis se erns. Hulle verloor hierdie minuut ... agtienduisend rand. Hy vat versigtig aan sy agterkop. ’n Bolknop waar hy die hoek van die tafel getref het. Almal staan op, en hy bly sit. Cyril kom aangesluip.

“Jy reg, m’lanie?”

Harige klein demoontjies dans in Cyril se oë.

“Daar’s nie fout nie,” sê Simon. “Ek het net nie geweet jy’s deel van die popularity contest nie.”

“Ons is almal deel daarvan, m’lanie. Jy sal sien. Jy sal sien. Kom, kom. Showtime.”

&

Hannes was nog nie by die huis toe sy teruggekom het nie. Sy’t ingestap en besef sy’t skoon vergeet om haar shopping te doen. Sy wou nog viennas gekoop het vir cowboy stew vanaand!

Sy sal vir Hannes sê hy moet loop haal. Sy het darem nou die stukkie glas. Ten minste is dit een ding waaroor sy haar nie hoef te bekommer nie. En dit was verniet! Sy beter dit gou gaan insit, voor Hannes terugkom. Sy kry die foto uit haar laai, nog vasgeklem op die hardboard. Die raampie pas net mooi daarop! Sy moet nou mooi dink. Mens wil nie weer ’n fout maak nie. Terwyl sy daarbo is, kan sy sommer die plant ook water gee. Maar dan met haar eie beker, sy vat nie weer aan iets daarbo nie. Sy gooi ’n melkbeker vol.

Sy sluit oop, en die foto’tjie kom terug op sy plek, daar, op die tafeltjie, en sy gooi versigtig om nie te mors nie water vir die plant in. Ai, die foto’tjie darem. Hy lyk so gelukkig met die groot vis in sy arms. Hy’s haar secret dead celebrity. Net hare.

Nou ja. Tyd om weer te gaan. Dis nog mooi skoon hier, as sy mense kom sal alles

reg wees. Faye't gesorg. Sy wil net uitgaan, maar hoor 'n geskarrel. A nee a. Het hier nou 'n rot ingetrek? Klink of dit uit die slaapkamer kom. Sy stap haastig soontoe. Kyk agter die bed, onder die bed. Al wat sy sien is 'n klein boekie. Kan die vermeteling miskien in die kaste wees?

Haai, sy kan darem nie. Mens krap nie in ander man se kaste nie. Maar as die rot daarbinne is? En hy eet al die klere en goeters op? Wat Vloog se mense miskien nog wou gehad het? Sy stap om die bed, tot voor die kaste. Nou hoor sy niks. Dekselse ding hoor háár natuurlik nou, en kruip weg.

Niemand sal weet nie. Sy maak 'n kasdeur oop. Dis vol tydskrifte. Sy wil nie kyk nie, maar sy dink party van hulle is vuiles. Sy maak weer toe. Hoekom is daar dan niks klere in nie? Die rot moet in die ander kas wees. Sy trek die deur oop. Ook niks klere nie! Hoe is dit moontlik? Snaaks, dink sy. Sy't altyd gedink die seekapteins verdien baie geld, en gewonder hoekom Vloog hier kom woon het. Die mense in die blok is darem almal ordentlik en so, maar dis nou nie Beverly Hills nie. Dis nie eers Beverly Vlakte nie. Miskien het hy daarvan gehou hierso? Of miskien was hy net arm, as hy nie eers klere kon bekostig nie.

Op die boonste laai van die kas lê 'n klomp opgerolde papiere. Bang draai sy die rol so dat sy binne kan kyk vir die rot. Daar's niks. Sy rol so een papier oop om te kyk wat daarop staan, maar dis net 'n klomp syfers en letters wat niks sin maak nie. Op party plekke is daar lyne, lyk soos van daai diagramme wat mens partymaal saam met 'n yskas of so kry. Grieks vir haar.

Sy kyk weer onder die bed. Miskien het die vabond nou daar ingesluip. Sy strek uit, met haar kop teen die grond, die mat wat sy so graag ook 'n bietjie sal wil stofsuig, maar dit sal nie reg wees nie, en kry met haar vingerpunte die boekie beet wat sy die eerste keer daar gesien het. Sy trek dit uit. Dis 'n swart boekie. 'SA NAVY' staan voorop, en 'ENCRYPTION' onder, in die regterkantste hoekie. Binne is daar 'n klomp tekens en goeters wat sy glad nie verstaan nie. So 'n groot 'S'-erige vorm, en klomp van daai pyltjies '<' en '>'. Sy skud haar kop. Sit maar weer die boekie onder die bed.

Nou ja. Lyk nie of dié rot sy verskyning gaan maak nie. Sy sal darem móét 'n bietjie Rattex bring, vir die wis en die onwis. Netnou eet hy alles hierbinne op! Sy kyk 'n laaste kykie na die kaarte voor sy uitstap. Daar's 'n rooi kruis met 'n kringetjie om,

net onder … wat is daardie dorpie? 'Pt. St. Johns' staan daar. Sy sit dit in haar onthou-laaitjie, en stap vinnig uit.

&

Tussen Kristina se borste besef Simon dat Vloog nie selfmoord gepleeg het nie.

Sy het gestaan en uitkyk oor die see, met 'n groot, slap wyerandhoed aan, en groot sonbrille soos saamgestelde oë. Sy't haar bikini aangehad. En sy het gesweet. Simon het vinnig van Williams ontslae geraak, en nadergestaan. Op haar neusvleuel kon hy drie pragtige effens vergrote porieë sien. Sy't gevroetel met die strik van haar bikini agter haar rug, en Simon het gedink aan Vloog se hande, geknoop om die blink haak van die Cruelty Lounge se slaghuis.

"7.0," het dit in sy oor geklink, die stem nou 'n outomaat, nie meer Judith s'n nie. Fok. 9.9.

Hoe het Vloog sy hande om die haak geknoop gekry? As hy dit net met 'n lus omgeryg het, sou hy sekerlik afgeruk het? En selfs die mees vasberade selfmoordenaar sal begin baklei in daardie laaste minuut. Sal 'n laaste poging aanwend om op te swem. Maar hy het die twyfel afgemaak. Vloog was 'n matroos, en matrose ken knope. Miskien het hy een of ander slim visvingerknoop geknoop wat homsélf stywer maak.

Hy het langs Kristina ingeskuif.

"Die laaste onverowerde gebied op aarde, nê," het hy gesê. "Die oseaan."

Sy't gewalg na hom gekyk.

"Wat?"

"Ek sê dis mooi, die see," het hy gesê, en gevoel hoe hy skoolseun word.

"Jy maak dit lelik, jou fokken pimp."

"Whatever".

"Dis jou probleem, Simon," het sy gesê. "Jy whatever altyd die verkeerde goed."

Hy wou nog vir die katjie grom, toe besef hy wat hy sien. Tussen die palmbome van haar bikini-top het dit gehang. Aan 'n swart riempie. 'n Klein stukkie been. 'n Klein stukkie been wat hy maar te goed ken. 'n Klein stukkie walvisbeen. Die een wat

Vloog vir Dennis gegee het, na die tifoon-avontuurtjie. Of meeste daarvan, ten minste. Die een punt afgebreek, sodat mens die uitgedroogde murg binne-in kon sien. En net daar besef Simon dat Vloog nog lewe. Want Simon ken vir Dennis.

Simon weet Dennis se moraliteit is ’n ingewikkelde stelsel van herformuleerbare reëls, algemene riglyne, en ’n deurlopende eie-gerigte konsekwensialisme. Dennis se waardestelsel is ’n boy band. Terwyl die bas ’n betroubare onderbou vorm vir die musiek om op voort te bou, kry die tenore en soprane kans om, in die hoë registers, al rondom die wysie te dans, in derdes en sesdes. Dit is esteties, dit hou tred met nuwe ontwikkelinge, dit ontlok simpatie, en projekteer krag. Aan een kant huil Dennis se moraliteit puriteins, heilig geklee in wit. Aan ’n ander kant daag hy jou eksistensialisties uit, die bad boy wat onder swart wenkbroue, met ’n weerbarstige sliert kuif oor sy oë, vir jou loer. Terselfdertyd is hy ’n digterlike kryger, wat esteties-eties op ’n ros oor die velde van die kollektiewe fantasie ry. En ’n betroubare ystersmid wat in staal en yster wetlike trou beloof. Agter al hierdie kante staan ’n ander Dennis. Die beeldpoetser. Wat sy vyfde agter die skerms verdien. En kan kies tussen enige van sy morele persoonlikhede, terwyl die musiek vir ’n luisteraar dieselfde bly klink.

Simon ken vir Dennis selfs beter. Hy weet dat elke lid van die boy band wat sy moraliteit is, een of meer fisiese manifesterings het. Iemand wat hy naby hom hou, wat daardie deel van hom verteenwoordig. Die kryger Siyuvule. Die bad boy Rayand. Die wit geklede Jacques Kallis. Vloog was die ystersmid. Die bas, wat die verhoog dra waarop al die ander dans. Vloog was Dennis se droom van betroubaarheid.

Dit weet Simon. En selfs meer: na Vloog se dood sou die walvisbeen-halssnoer méér as ’n simbool van vriendskap en trou geword het. Dit sou verhef geword het tot ’n heilige gedenkstuk. Uit die kloue van stoflikheid sou dit ontsnap, en magiese eienskappe kry. En dit sou beslis baie toe en veilig in die kluis toegesluit gebly het. Tensy verraad gepleeg is.

“Waar kry jy die halssnoer?” vra hy vir Kristina, terwyl hy lank en met goeie verskoning na haar borste staar.

Hy sien haar neus optrek.

“Ek het dit opgetel.”

“Waar?”

Sy laat sak haar bril op haar neus as antwoord.

“Weet jy wie s’n dit is?” vra hy.

“Ja. Myne.”

Hy gryp haar aan die elmboog.

“Weet jy wie s’n dit was?”

“Los my uit!”

Sy probeer wegkom, maar hy’t haar goed beet.

“Wat dink jy sal Vloog sê?” vra hy. Of dit skok of walging is maak nie regtig saak nie. Sy staan stil.

“Mag dalk ’n paar spoke oproep,” voeg Simon by, en los haar arm.

“Is julle so desperaat,” pruil sy, “dat julle nou stories oor spoke begin opmaak?”

“Jy weet so goed soos ek ek kan nie ’n storie opmaak nie.”

“Kan nie stry nie,” sê sy. “Wat is jou issue met my halssnoer?”

“Vloog het dit vir Dennis gegee. Het hy dit nog nie vir jou gewys nie?”

“Nee.”

“Wel. Hy wys dit net vir mense wat hy vertrou. Waar het jy dit gekry?”

“Ek het dit op die dek gekry. ’n Seevoël het dit laat val. Seker gedink dis ’n mossel.”

“Gee dit hier.”

“Sure. Ek sal vir jou ’n roomys ook koop as jy ophou om na my tiete te staar.”

Sy haal die halssnoer af, en gee dit vir hom. Hy kyk na die breuk. Dis nog skoonwit om die kante.

“Kom wys my waar dit geval het.”

“OK. Maar jy kry nie die roomys nie. Jy het weer gestaar.”

Sy vat hom na die agterste dek, en wys na ’n hoekie waar ’n hoop tou lê. Hy stap nader. ’n Paar grys donsveertjies sit aan die tou vas. Hy buk en kyk na die gepoleerde planke van die dek. Hy stap in sirkels al wyer uit, gehurk. En daar lê dit. Die

afgebreekte bulla-been. Hy tel dit op. Dit pas perfek.

&

Die albatros sweef wyd en hoog, die streel van hoë lugstrome koud onder haar vlerke. Sy sien die wit skip doer onder, vinnig spoeg hy wit water agter uit. En sy sien die ander skip, die bruin skip, ver op die blink van die ronde horison.

&

Hy is haastig op pad na die redigeerkamer waar hy weet Dennis generaal speel, maar word teruggehou wanneer Samantha onder sy arm ingly. Mikrofoon in een hand, blondine in die ander. I'm living the dream, dink hy. Maar hy is nie gepla met haar nie. Hy voel 'n ou krieweling naderkom. Soos 'n ertswasser wat agter 'n blink klippie aangryp. Hier's 'n scoop met sy naam op. Nie neo-Broederbonders nie. Nie food fights nie. Grootkoppe met stink vingers in vuil pasteie.

Hy wys vir Samantha waar Williams staan en sonbaaiers afneem, en druk haar beleefd soontoe. Sy draf opgewonde na die kamera. Hy haas homself af na die derde vloer. Dennis staan hande agter sy rug en kyk na die skerms. Vyf tegnici werk verwoed om al die kamerahoeke, ligintensiteite en magdom ander verstellings van die gemonteerde kameras te beheer. Simon gaan staan langs Dennis, en sien hom geïrriteerd omdraai. Simon is nie veronderstel om hier te wees nie. Simon is nou 'n bietjie van 'n poep in die pastei, nê Dennis. Hy is veronderstel om sensasie te skep, daarbuite. Maar sensasie het sopas die binnekamers geïnfiltreer. Jammer Dennis. Ek is die maaier wat uit jou pitsweer pop, en vir die wêreld gaan vertel.

Simon maak sy hand oop vir Dennis om die walvisbeen te sien. Hy verwag skok, miskien woede. Dennis kyk eenkeer daarna en lei hom onmiddellik uit, af in 'n gangetjie, en in 'n kantoor in.

"Sit, Simon." Simon sit.

"Waar kry jy dit?"

"Op die dek."

"Hmm. En jy't natuurlik al jou afleidings gemaak."

"Wel. Ek sou sê jy't op een of ander stadium in die afgelope vier dae jou humeur verloor. Mens sou verder kon spekuleer."

Dennis gaan sit op die lessenaar. Simon weet hy moet versigtig wees. Dennis het al baie gate in mense se koppe gepraat. Meer as die hele Rhema-kerkgemeenskap saam.

"Vloog is nie dood nie, Simon. Of ten minste nie die ander aand in die Cruelty Lounge nie."

Ongelukkig is daar een bebloede lyk wat daardie teorie weerlê, dink Simon. Hy voel die visse senuweeagtig kou aan sy ingewande.

"Die liggaam in die water was die van Andries van Heerden. Vloog het vroeër die aand in my kluis ingebreek en daardie halssnoer wat hy my gegee het, teruggesteel."

Andries van Heerden. Simon onthou vir Andries. Die skrywer. Hy het almal verwelkom, die eerste aand. Met publikasies soos 'Die Herinnering van Lente' en 'Kettings van Verlange' agter sy naam miskien die beste man vir die job. Hy het 'n rukkie in die verte in getuur, en in 'n stem helfte Baloo the Bear en helfte Sean Connery begin praat: "Jy weet, as ek dink aan 'n seereis, dan is dit altyd met die rooi van die aandskemering gekleur. Die deinings die dae van ons lewens, elkeen dieselfde, elkeen verskillend. Die boodskappers van die aankomende storm. Die verkenners van die opkomende son, die *memoirs* van die sakkende. Ons hoogste kruine. Ons laagste dale, die verlatenheid waarin ons net die waters aan beide kante sien. Maar dan, op die arms van die oseaan, die oermoeder van ons bestaan, word ons gedra, tot op 'n núwe kruin. 'n Nuwe môre…"

En so het hy aanhou babbel terwyl Simon al meer moes drink om al minder te hoor, tot iemand uiteindelik 'Get on with it!' geskree het, en hy haastig van die verhoog af is.

Dennis kyk somber na die mat. Simon wag vir hom om weer te praat. Hy voel hoe die diepseevisse lang sekondes wegknabbel.

"Ek's bevrees sy stem is ewig stilgemaak," skud Dennis sy kop. Arme Dennis. Al sy helde is aan die val. Kristina het nog eenkeer vir Simon uit een van Andries se boeke voorgelees. Hy het haar in die boekwinkel op die vierde vloer gekry. Hy was besig om te probeer dink aan 'n oorspronklike manier om te groet, toe sy na hom aangesuiker kom met 'Somer van Weemoed' in haar hand, en begin lees:

> "…met 'n fors stamp druk hy haar uit die pad. Sy voel die krag in sy

arms, en op die drumpel kyk hy ’n laaste maal om.

“Du Preez!” skree sy, maar weet dis te laat. Te laat vir smeek, te laat vir versoening. Te laat vir haar, te laat vir hulle. Sy tref die grond met ’n arm voor haar gesig. Met elke ruk van haar fragiele skouers klop haar hart weemoed. Terwyl sy hoor hoe hy die deur toeslaan, sien sy voor haar geestesoog weer die strand by Hermanus, Du Preez se uitbundige lag oor die water. En haarself, gelukkig. Dit was die somer van haar hergeboorte. Maar nou, met elke traan, met elke vallende blaar, loop die seisoen af in die rioolwaters. Vir haar is dit die somer van weemoed.”

Hy stel homself voor hoe Andries se laaste woorde sou klink. Seker minder Connery, meer Dalton.

“Het jy enige bewyse, Dennis?” vra hy. Hy het sopas sy baas van moord beskuldig, besef Simon. Maar hy moet deurdruk. Hy is die maaier in die pitsweer. Hy sluk al die etter en vertel die wêreld. Hy staar Dennis stip in die oë.

“Wel, Simon. Ek kan vir jou die videomateriaal van die diefstal wys. Ek kan vir jou die rekords wat ek gister van die patoloog ontvang het, wys. Ek kan vir jou Andries se leë kamer gaan wys.”

“En…”

“Maar Vloog kan ek jou nie wys nie. Hy is skoonveld.”

Die video, dink Simon. Wat van die video van Vloog in die Cruelty Lounge? Maar Dennis skud sy kop voor hy nog kan vra.

“CGI. Ek het intussen my mense daarna laat kyk.”

Wel. Dennis se storie kan waar wees. Aan die ander kant, miskien vind hy wat Simon is homsélf ook vanaand in die water, met Mushizo wat deur die sirkoonglas vir hom waai. Nee o Boeddha, so kan hy nie gaan nie.

“Ek het my vermoedens in ’n e-pos vir myself gestuur,” sê Simon, terwyl hy probeer om nie te veel sy oë te knip nie. Dis ’n feesmaal in sy derms, elke vissie kry ’n happie.

“Dis reg so, Simon. Mens moet altyd jouself beskerm. Sal jy my verskoon? Ek moet my maatskappy gaan red. En jy moet jou werk gaan doen.”

‘5.4’, klink die AR-stem in sy oor, terwyl Dennis uitstap. Die knop op sy kop pols saam met sy hart. Hoe het die halssnoer op die dek beland? Waar is Vloog, as hy nie dood is nie? En hoekom is hy nie dood nie? Simon is die maaier in die pitsweer. Skielik lyk die hele *Fantasy* vir hom al meer na ’n erge geval van acne vulgaris.

&

Die albatros haal die skip van agter af in, met die wit spoor langs. Die bruin skip het agter die horison verdwyn. Sy sweef laag in, klam spatsels soos sy nader aan die water kom. In ’n venster, die onderste een, sien sy ’n man staan. Sy mond is oop, sy kan sien hy haal vinnig asem. Hu-hu-hu-hu haal hy asem. Na elke hu sien sy in sy mond iets gouds skitter.

&

Faye kan haar oë nie glo nie. Daar gaan daai bliksemse Siyuwatookal jouwrintiewaar agter Rebecca Matuwe in die sauna in, en dis nie lank nie of jy sien net lywe tussen die stoom deur! Van hóm kan sy dit verwag, maar van haar? Sy’s dan so ’n oulike enetjie! Net laasweek het Huisgenoot ’n storie oor haar gedoen! En nou’s sy deurmekaar met daai vent met sy klomp penne hier deur sy wenkbroue en afgeskeerde kop!

Sies.

Sy tel die foon op. Hiervan moet Laetitia hoor.

“Ja-nee kyk maar van daai een sal ek niks minder verwag nie,” sê Laetitia skril. “Sy lag nie met haar oë saam nie, jy weet. En dis ook net toevallig dat hulle uitgevang is. As daai kameraman nie in die regte plek was op die regte tyd nie. Ek wonder wat die Arendse-meisie gaan sê. Siestog. Mans…”

En waar bly haar Hannes?

“Faye? Is jy daar?”

“Ja, ek’s hier, Tiesie. Ek het maar net gesit en dink.”

“Waaroor?”

“Ag, sommer my dinge. Jy moet mooi bly, Tiesie, ek gaan nou eers gaan.”

“Gaan ons nog môre stalletjies toe?” hoor sy Laetitia vra, maar die foon is klaar op pad mikkie toe, en sy sit neer. Stalletjies is geld.

Miskien moet sy Flamingo toe bel. Nee sy moenie. Sy’t dit toeka al besluit, en sy hou daarby: sy bel nie agter ’n man aan nie. Sy kan haarself vermaak. Sy’t nog ’n paar goedjies in haar onthou-laaitjie. Sy gaan haal die woordeboek, en soek vir ‘Encryption’.

&

In die enjinkamer probeer Simon luister na die hoofingenieur, Rod. Hy is een van daardie kort, dik mans wat lyk soos ’n intelligente stoeier. Williams neem die onderhoud op, sodat hulle dit kan uitsaai wanneer Cyril eers in die water is.

“Kyk, hier’t ons die hydraulics, hulle draai die rudder, ag die roer, om.”

Miskien het Cyril vir Andries vermoor? Sou hy? Simon weet nie. Hy is seker in staat daartoe. Sy verlede is vol donker agterstraatjies en lang skaduwees. Of was dit miskien Vloog self? Vloog met ’n lang duikmes, hy sou seker die gesig moes mutileer om seker te maak dis onherkenbaar. Hy sou die vel moes afsny waar sy tattoeëermerke sit. En die oog… hoe sou hy die oog ingesit het? Williams skop hom teen die skeen.

“Skuus …”. Rod wag vir sy volgende vraag.

“Hoe … eeeh … hoe vinnig kan die … eh … goed … dit draai?”

“Die pistons? Uhm… ek reken so dertig sekondes van een kant na die ander? Dis nou bakboord na stuurboord, sewentig grade. Natuurlik, as mens net wil omdraai, sal dit seker so bietjie meer as helfte die tyd vat. Maar hoekom vra jy?”

“Ag, interessantheidshalwe,” sê Simon, en dink aan die arme redigeerders wat gaan moet las en lap aan die onderhoud. “Ons gaan miskien ’n stukkie daaroor uitsaai.”

Die hoofingenieur lag.

“En julle gee my nie kans om myself bietjie mooi te maak nie!”

En as Andries miskien selfmoord gepleeg het? Dis glad nie vergesog nie. As ek hy was, dink Simon, sou ek dit al lankal gedoen het. Nee, dit maak nie sin nie. Die gemanipuleerde video van Vloog. Vloog is definitief betrokke. Williams skop hom weer op die skeen, presies dieselfde plek.

“Eina! OK, fok, hoe lank neem dit om die skip om te draai?!”

Die hoofingenieur skrik. Maar dan trek hy sy oë op skrefies, en Simon lees daardie onverstaanbare oordeel van die mechanic-leekverhouding op sy gesig.

“Wel dit hang nou af van die strome en so. Maar seker so ’n kwartier.”

“En hoe lank sal dit ons vertraag? As ons moet omdraai, stop, weer omdraai?”

Hy krap-krap sy wang.

“Hel. Dis die stop en weer start wat die groot ding is. Kan seker so ’n … paar uur wees. Nie ’n goeie idee nie. Maar hoekom vra julle?”

Hy maak ’n kosblik oop en haal sy toebroodjies uit. Simon het nooit gedink hy sal in lewende lywe sien hoe ’n man met ’n veiligheidspet en ’n oorpak ’n toebroodjie eet nie. Wat ’n voorreg.

“Baie dankie, meneer, ons sal laat weet wanneer ons die insetsel wys.”

“Ja sê maar, ons kyk darem so nou en dan hier onder.”

Simon en Williams draf op dek toe, waar hulle terloops moet besig wees wanneer Cyril in die water val. Simon kyk skelm af langs die skip se agterstewe. Hy sien Cyril se kortgeskeerde kop heen en weer wieg. Hy lyk glad nie gelukkig nie.

“Positions,” sê ’n stem in sy oor.

“5… 4 … 3 …”

Simon dwing homself om anderpad te kyk. Cyril is op die oomblik 176 op die ranglys. Hy sal heel moontlik in die top tien kan eindig, as hy die skouspel oorleef. Hy weet Cyril staan op die vensterbank, met Dennis en Mushizo agter hom. Mushizo sal reg wees om hom in te stamp. Cyril was nog nooit ’n dapper muis nie.

Skielik hoor hy ’n gil agter die skip weg-Doppler. Simon kyk haastig om en soek die plek waar hy ingeval het. Hy kan nie veel sien in die skuim van die spoor nie. Cyril het verdwyn.

“Oh my Go-od,” hoor Simon ’n kugel langs hom kweel, nes Cyril se kop weer uit die wit skuim verskyn.

“Help! Help! Here Jesus help!” skree Cyril.

“Help him!” skree ’n vrou, en Simon hoor die luidsprekers aanklik: “Man overboard!

Man overboard!”

Soos uit ’n stomp in die vuur kom al die insekkies uitgewemel. Al die koffiedrinkers uit die eetsaal. Al die sonslawe van die swembad. Williams is natuurlik klaar besig om Cyril se waaiende arms af te neem. ’n Matroos gooi ’n reddingsboei netjies oor Cyril se kop. Alle grappies op ’n stokkie klou hy daaraan.

“Help! Help! Stop the ma se ship!”

Simon verbeel hom hy kan voel hoe hulle al klaar begin omswaai, terwyl die skeepshoring drie keer diep uit die skeepsmaag uit bulk. Maar Cyril word vinnig kleiner, hy verdwyn nou al agter die golwe. Simon besef hoe vinnig die skip eintlik deur die water beweeg. Cyril se kanarie-in-die-kak stem raak stil in die verte, en die gaste ooee en aaaa.

Simon het ’n plan. Hy wys vir Williams hulle moet opgaan, boontoe, 360 toe. Miskien kan hulle nog vir Cyril sien.

By die kroeg kry hulle ’n stormdronk Kristina. Sy sit en krap met ’n koki op biermatjies, wat sy dan soos frisbees oor die water gooi. Daar land een voor Simon se voete:

Kristina die aaswurmpie wat hy hap-hap sal sluk al weet hy baas Dennis se hoek sal hom deur die verstand boor. Sy ignoreer hulle. Williams rig sy kamera op die skip se spoor, en zoem in, op soek na die gillende Cyril. Heen en weer, al hoër mik hy.

“Die deinings is te hoog, ons het hom seker gemis,” sê Williams.

“En daai?” vra Simon. Op die klein uitvouskerm sien hy ’n bruingrys vorm. ’n Klein skuit wat diep in die water sit. Lyk na een van daai tjokkabote. Vol vuil geel mans wat sigarette uit hulle mondhoeke laat hang, met foto’s van hul regterhande in hul beursies. Die pitsweer is

aan die swel.

“Waarvandaan kom hulle nou skielik?” vra Simon.

“Hulle moes net anderkant die horison gewees het,” sê Williams. “Jy sal verbaas wees hoe min mens kan sien van daar onder af.”

“Ek’s nou terug,” sê Simon, en hardloop af om ’n verkyker te kry. Hy gryp een net betyds, voor die uitgestrekte arms van ’n geparfumeerde kerkbasaartannie. Sy kyk kwaai op en hy vlug.

“Jy al vir Cyril gesien?” vra hy vir Williams, wat “huh-uh” antwoord. Simon soek van kruin tot kruin, tot hy uiteindelik ’n moeë arm in die lug sien waai. Cyril. Hy wys vir Williams.

“Hulle gaan hom optel,” sê Williams. “Reguit op pad soontoe.”

Simon soek weer die boot. Die vuil geel matrose staan voor aan die boeg. Drie is besig om ’n ou roeiboot los te maak. Hy hoor hoe die *Fantasy* se reddingsboot hul enjins aansit, en wegskiet. Dennis die redder, ’n wit Wolraad Woltemade op ’n paar honderd perdekrag. Hy wonder of hulle al die ander boot kan sien.

Deur die verkyker soek hy weer die tjokkaboot. Daar’s hulle. Hy hoop Dennis kan hulle nie sien nie. Want een van die matrose het sy broek afgetrek, en wys, met bengelende testikels, sy harige hol vir die *Fantasy* en, deur Williams se kamera, vir die wêreld.

&

Dennis het vinnig ’n aksiespan gekies. Drie matrose, ’n kameraman, hy self. Hy’t die wit Gaultier seiluitrusting aangetrek wat hy laasjaar in Parys gekoop het, ten spyte van Kristina se besware. Sy was van mening dat dit ‘fake’ is. Hy sal sy seiluitrusting dra, hy sal sy beret opsit. Die jongelinge darem. G’n styl nie.

Hulle klim in die reddingsboot en trek haastig weg met behulp van die twee 105 kubieke sentimeter enjins. Die deinings is ’n meter en ’n half hoog, ongemaklik. Terwyl die boot met onreëlmatige spronge oor die water beweeg, bedink Dennis die konsepte van sein en steuring. Waneer word data betekenisvol? Hoe kan hy sý feite onderskei van die alewige invloei van onbelangrike inligting? Op watter punt word die onderliggende modulasie van die substraat betekenisvol? Die alewige gedruis wat deel is van enige homeostase... hy sien dit in die kykersgetalle, in die oë van

werknemers, in Kristina. Op en af, herwaarts, derwaarts. Al rondom ʼn punt waarna hy net kan hoop dit eendag sal terugkeer. Al hierdie ongebalanseerde sisteme... Wanneer begin mens dit ernstig opneem?

Hy kontak die brug. Alfie se stem krakerig oor die luidspreker.

"Fantasy Fantasy Fantasy hou koers Aztec One oor."

Hulle's op koers. Die radio kraak weer.

"Uhm, Fantasy Fantasy Fantasy. Meneer Devilliers, ek's bevrees…"

"Wat, Alf?" Die alewige formaliteite van die radio-kode.

"Fantasy Fantasy Fantasy…"

"Fok, Alf! Wat is dit?"

"Uhm, ek dink daar's ʼn ander skip ook op pad na hom toe. ʼn Kleinerige skuit. Ons het hulle nounet eers op die radar gesien."

Sein en steuring. Watter een is dié?

"Maak radiokontak, Alf."

"Ons probeer, meneer."

Hulle spring oor die deinings, en Dennis voel die onrustigheid tussen sy slape klop. Kristina wat vanoggend fellaties aan die huil gaan. Simon se uitbarsting, en toe die ding met die halssnoer. En nou gaan hierdie skuit die hele reddingspoging ruïneer. Hy het meer inligting nodig. Kennis. Die eerste stap tot beheer, effektiewe manipulasie van die omgewing. Die primêre menslike eienskap. Die enigste eienskap wat ʼn spul kloulose, slagtandlose ape in staat stel om die wêreld te regeer.

"Laat my weet sodra julle enigiets uitvind, Alf. Radio sommer die kuswag ook."

Voor Alf weer antwoord, sien Dennis die visserskuit tussen die deinings. Lyk na ʼn tjokkaboot, al word daar nie op die oomblik gevang nie. Geverf in verskillende skakerings grys, met ʼn groot kol roes aan haar boeg, dobber die skuit ʼn paar kilometer voor hulle. Iemand waai en spring opgewonde heen en weer op die boeg. Cyril, sien Dennis deur sy verkyker. Die ander, lyk na oosterlinge, staan weerskante van hom. Cyril het al weer vinnig vriende gemaak. Hy beduie vrolik vir die vissermanne, en hulle lag, klap hom op die rug. Dennis kan nie help om te wonder

watter absurditeite die mannetjie nou weer aan die kwytraak is nie.

Eers kan hy net die krapsels Mandaryns teen die boeg sien, en hy ontsyfer die naam as *Sea Horse*. Hulle skiet van kruin na kruin, en die kleiner, Engelse weergawe van die naam bevestig sy vertaling. Sy stuurman trek die *Aztec One* langs die *Sea Horse* in.

"Ahoy me mateys!" skree 'n sopnat Cyril van die *Sea Horse* af, en langs hom laat sak 'n matroos met lang hare en 'n oorontwikkelde bokaak 'n touleer tot op *Aztec One*. Een van Dennis se matrose gryp dit, en met ratse beweeglikheid begin Dennis die leer opwaarts bestyg. Nes hy voet op die *Sea Horse* sit, voel hy sy neusvleuels begin jeuk. Die reuk van visserskuite is ongeëwenaard in die spektrum van die moderne olfaktorie. Een van die vissers vat aan sy seiluitrusting, Dennis moet sy reaksie demper om nie op die verkeerde voet te begin nie.

"Kan meneer dit glo!" roep Cyril, en begin hom voorstel aan sy redders. Daar's die een met die kaakprobleem, Sunny, die kaptein Tamagochi, die grote wat homself voorstel as Smith, 'n aantreklike een Huon, en nog ses ander hande wat Dennis moet skud voor hy ongemerk sy sakdoek kan uithaal en probeer om die olierige palmafskeidings af te vee. Hy laat die kameraman afneem terwyl hy die beste benadering tot die situasie probeer uitpluis. Inligting. Hy't inligting nodig. Hy stap 'n entjie weg, haal sy sattelietfoon uit en bel vir Judith in haar kantoor teen Seinheuwel.

"Hallo Dennis. Wat gaan daar aan?"

"Ek is nie seker nie. Hulle het vir Cyril uit die see opgepik."

"Wel, werk daarmee. Ons het gespike na 9.4 toe."

"9.4?"

"9.5, daar gaan hy nounet op."

"Dankie, Judith."

Dennis sit die foon terug in sy sak, en komponeer 'n glimlag. Hy draai na die matrose, sit sy vuis teen sy palm, en buig effens. Sy Mandaryns is nog vlot:

"Captain Tamagochi. It would be an extreme honour, if you and your crew would join us for dinner."

Die kaptein knik sy kop as aanvaarding. Die res van die bemanning lag, en skud Cyril se verdwaasde hande, seker bly om toegelaat te word tot die luuksheid van die *Fantasy*. Dennis haal weer sy foon uit, en bel die beheerkamer op die skip.

"Wardrobe and make-up, all hands on deck, action stations," sê hy. "Ons moet hierdie goed skrop en mooimaak."

&

Faye het net 'Encrypt' gekry. 'If a document or piece of information is encryped, it is written in a special code, so that only certain people can read it.' Wel 'Encryption' is seker nou maar amper soos dit. Maak in elk geval nie veel sin vir haar nie. Sy gaan haal eerder die atlas. Soek vir 'Pt. St. Johns'. Dis hier aan die regterkant iewers, weet sy. Daar's hy. Sy was nog nooit daar nie. Die verste wat sy nog was was daai een keer toe hulle Humansdorp toe is vir die Junie-vakansie. Maar op die ou end het Hannes niks gevang nie en hy't die moer in geraak. Van toe af is dit maar weer Hartenbos, waar hy en sy pêlle op die boot kon uitgaan. Sy wonder of dit mooi is by Pt. St. Johns…

Op die TV is 'n werker of iets wat praat. Hy't een van daai geel helmets op. Hy verduidelik hoe werk die boot se draaigoed. Hannes sal daarvan hou. Waar bly die man tog? As hy kosgeld wil uitdrink kan hy wrintiewaar maar 'n slag iets huis toe bring ook. Viennas, ten minste.

Lyk of daar iets gebeur het daar, want hulle wys op een van daai kaarte wat lyk soos die weerkaart hoe die skip omgedraai het op die oop see. Gmf. As sy so van die vorm van die land moet skat, lyk of dit of hulle nou juis daar by Pt. St. Johns is. Skielik is daar 'n geluid by die deur. Dit moet Hannes wees. Of miskien Roland. Sy hoor die sleutel in die deur, en dan gaan dit oop. Dis Roland.

"Hallo," groet Faye vriendelik. "Hoe was jou dag?"

"Hm," brom hy, en verdwyn na sy kamer toe. Daar begin die boem-boem-boem. Ai. Dis seker net 'n fase.

En nou? Op die TV is daar 'n klomp japsnese wat van 'n ander boot af oorklim. Hulle boot lyk vuil, sies. Lyk na een van daai stink haweskepe wat hulle altyd gesien het toe hulle nog in die Waterfront gaan fliek het. En wat 'n klomp verslete vuil goed is dit nie wat daar afklim nie! Ga!

Ai, die tye toe Hannes haar nog fliek toe gevat het. Hy't altyd gehou van die bangflieks. Sy't nooit regtig bang geraak nie, hy't harder as sy geskree! Sy't altyd gedink maar dis mos net ŉ fliek, ŉ storie wat iemand vertel. Dis nie soos hierdie, die régte lewe nie. Hier weet jy jy kyk na mense nes jy, en hoe hulle met dieselfde probleme as jy sit. Sy hou daarvan, én dis opvoedkundig.

Nog ŉ geluid by die deur. ŉ Dowwe geluid, asof iemand teen die kosyn val. Dit moet Hannes wees. Dis al amper sewe-uur, dit moet hy wees. Sy hoor hoe ŉ sleutel krap teen die slot. Iets val op die grond. Sy sug. As hy dronk is, gaan dit nie vanaand lekker wees nie Kyk, sý raak moeilik, maar hy raak sommer doodgewoon bedonnerd.

Sy staan op en stap na die deur toe. Krap-krap maak die sleutel teen die slot. Sy maak die latch oop, en trek die deur vinnig na haar toe. Hannes val amper in die huis in.

"Is jy dronk Hannes du Toit?"

Hy kyk op, en glimlag. Donkie-glimlag. Hy staan met ŉ plastieksak en die sleutels in een hand. En nog ŉ sak in sy ander hand.
"Jis my dier," sê hy. "Hoe gaan dit hier?"

"Antwoord my vraag," sê Faye. Maar hy ruik nie. En sy oë hang nie. Hy't met die slot gesukkel want hy't die sak om sy arm. Hy soen haar op die mond.

"Nee, my dier. Ek is nie dronk nie."

En sy kan proe hy't nie gedrink nie. Hy stap in en sit die pakkies op die kombuistafel. Sy kom staan aan die ander kant.

"Nou antwoord jý my vraag, dier. Hoe gaan dit hier?" glimlag hy.

Faye vat een van haar harde krulle tussen haar duim en wysvinger.

"Nee … OK …"

Hannes kyk in die yskas, en sit een van die sakke daarin. So hy wil híér drink vanaand! Wel. Dis darem seker beter.

"Wat's vir aandete?" vra hy.

"Daar's nie kos nie," sê Faye verleë. Daar's nie kos nie want sy't so opgewonde geraak oordat sy nou begin shoplift! Ai, Faye.

“Nou maar toe,” sê Hannes. “Dan’s ek bly ek’t vir jou ’n surprise gebring!”

Hy maak die sak oop en daar binne is ’n hele KFC-bucket. Family meal. Faye voel amper lus en huil. Hannes se donkie-glimlag, en die bucket wat hy voor hom oplig asof dit die boks in *Money or the Box* is. Die man van haar. Ai, jitte.

“Waar kry jy die geld?” vra sy.

Sy probeer weer kwaad lyk. Maar hy’s klaar besig om twee glase vol ys te maak. Hy gooi Gin by en deel ’n blikkie tonic tussen die twee.

“Kom sit jy eers bietjie hier by my,” sê hy terwyl hy omstap na die sofa toe, “dan vertel ek vir jou die hele storie.”

&

En hier gaat ons nou. Hoe om ’n spul seerotte eksoties op te dis. Eers trek jy hulle velle af – in die aantrekkamers lê hopies oliebesmeerde klere. Simon stap tussen die T-hemde, PT- en sweetpakbroeke deur, en probeer die rangorde van die matrose uitwerk. Dan was jy die vleis deeglik, en sny enige ontsteekte dele af – hulle is storte toe gestuur, en in ’n ry voor die spieëls neergesit. Tamagochi is die kaptein, maar daar is iets omtrent Huon wat ook gesag afdwing. Knip-knip aan oneweredige snorre, poeier vir die aknee, sny die tjokkavisser uit en maak ’n new improved redder op die oop see. Geur die rou vleis met die spesery van jou keuse – Ralph Lauren, English Leather, Kenneth Cole. Braai op ’n oop vlam, garneer, en bedien op jou gepaste breekware – hulle word swaar woltruie aangetrek, North Face en Exposure, terwyl stiliste plek-plek gate ruk in die moue, some afknip sodat die wol lostorring. Die *Fantasy* se gaste sal nie wonder waarom die matrose skielik in Hollywood-seeman-styl geklee is nie.

In die eetsaal is kameras opgestel, koffie bedien, gaste sit reg om die vinnig gedekte tafels. Die matrose sit om een lang tafel, met roaming cam 2 nuuskierig al om en om. Hulle lyk onrustig, bang om aan enigiets te raak.

Hoe om ’n seerot te bedien: vergeet van sy verlede, vergeet van lae en lae ou, klewerige pornografie geplak teen die mure van sy boot. Vergeet van die honger geel oë waarmee hy na die vroue kyk. Beklemtoon sy goeie eienskappe, as daar is. Maar moenie te veel sê nie. Laat die sensasiehonger publiek die res invul.

Dennis het ’n mikrofoon in die hand.

“Vriende, dit was ’n opwindende middag. Die tipe opwinding wat ek nie graag op my skip sien nie: gevaar. Die noodlot het haar hand oor ons gevee. Maar danksy die dapper optrede van ons vissersvriende, is gevaar nie in tragedie omskep nie. Vriende, ek bied aan u: die bemanning van die *Sea Horse*!”

Applous, applous, applous. Dennis lig sy arm, en die seerotte staan op.

“Vriende, ek stel u graag voor aan ons gaste vir die aand: aan die verste kant, daardie groot man daar, is meneer Liyng Smith, ons noem hom sommer Smith, het ek agtergekom.”

Smith het groot, stadige amandeloë. Hy knik, en sit.

“Langs hom is die radio-operateur, Sunny, ’n kêrel wat nooit ophou glimlag nie!”

Sunny het die overbite-grynslag van ’n honger wolf. Hy blaas soene oor die gaste, en gaan sit.

“Kaptein Tamagochi is ’n ervare seeman wat al jare lank die visroetes van die Indiese Oseaan bevaar.”

Hy het ’n yl baard en littekens oor sy voorkop. Met ’n statige knik gaan sit hy.

“En meneer Huon, hy … werk ook al lank saam met kaptein Tamagochi.”

Huon lyk soos ’n CK-model. Hy pruil sjarmant voor hy weer sy plek inneem. Dennis bedien elke rot met ’n niksseggende stukkie inligting, tot al tien sit. Hy word die goedige oom, senioriteit en sjarme, probeer seker kykers gerusstel ná die middag se pseudo-gevaar.

“7.3,” hoor Simon die blikstem.

Dennis se hooftafel is met die grootste skinderbekke beman. Hulle gaan die storie tot môre moet dra. Simon ken al dié ou laai van hom. Hy het dit nog destyds in een van sy ‘lesings’ verduidelik:

“By enige geleentheid vind subgroepering plaas. Groepies van twee tot ag vorm. In elke groepie is daar ’n sleutelman. Of dikwels sleutelvrou. Ons kies hulle uit en kry hulle aan ons kant.”

Dennis se sleutelmense: Amanda Red, Tony Gregarianos, en kie. Tony is ’n radio-omroeper. Een van daai fokkers wat vroegoggend flou grappies uitbasuin. Patrice en sy vrou Gloria vir die Afrika-perspektief, en Thomas van der Merwe met sy

waaierhande. Samantha, na wie almal sal luister al blaas sy borrels. Hulle is almal in die top twintig van die kykers se ranglys. En dan, natuurlik, langs Dennis, toegedraai in ’n grys kombers, is nommer 176 Cyril. Die eregas. Simon sien hoe die stilis haastig ’n prysetiket van die kombers afknip, voor die kameras soontoe draai.

“Nou ja, vriende, dis met vreugde dat ek vanaand vir Cyril aan my tafel verwelkom. Hy het homself vanmiddag bietjie in die pekel bevind nadat hy pligsgetrou die vensters van die onderste kajuite gewas het. Ons is maar te bly dat Cyril nog met ons is. Dinge kon baie lelik geraak het. Maar ek praat te veel. Ek gee graag die woord oor aan ons gunsteling kelner. Cyril, wat het vanmiddag gebeur?”

“Wel, meneer, hoe sal ek begin? Seker maar daar by die begin…”

Cyril is die tipe wat tussen die wasbak en ’n los klap ’n storie leer vertel het.

“...kyk ek was besig om die ruite in meneer Devilliers se kamer te was … het djulle al daardie plek gesien? Lord Jeeeesus... (Dennis glimlag verleë, goedige gelag van Amanda, Tony, Samantha, all on cue) … want ek het gesien hulle was so bietjie souterig toe ek vir mejuffrou Wielich, Kristina, haar tee gevat het vanmôre, en ek wou hulle nou nie pla met die cleaners en so nie, ek ken mos vir meneer Devilliers en Kristina en ek weet hulle verkies privacy. Nou ja toe is ek nou daar met die windolene en als en ek spuit en ek vee (hy wys hoe) maar ek sien nee ek maak nie vordering nie. Nou ja na so half a pint elbow grease kom ek agter maar die vuiligheid is mos eintlik aan die búítekant (hy beduie met sy hande) en ek vee die lap agter en ek sien ja-nee dit is ook so. En ek spuit buite en ek vee, en dinge kom mooi aan. (Amanda lag soos ’n voëlverskrikker). Maar toe kom ek nou op ’n punt dat ek sien nou kan ek nie meer so lekker bykom nie. Net so ’n strip van about tien sentimeter bly oor. So wit soutstreep. En soos die stupid boer dag ek nee wag ek maak ’n plan. Daar’s so ’n klein lysie net buite die venster, so ’n five centimetre net reg. En met een hand hier op die frame, en een hand hier op die lap, die windolene hier in my baadjiesak, klim ek mos toe daar uit. Heel lekker, like a cat on a tin roof! En ek staan, en ek spuit, en ek vee, en dinge kom mooi aan. And as mister Devilliers and God is my witness, en Kristina, die ruite is skoon. Maar wat ek mos toe nou nie agterkom nie is dat die windolene nie so mooi dig toemaak soos ons almal hier graag sou wou gehad het dat hy dig toemaak nie. En dat daar nou op my lysie ’n lagie seep lê nie. En soos ek begin terugklim van my lysie is ek skielik nie meer op

my lysie nie want kerpats (hy klap sy hande teen mekaar) is my voete onder my uit en ek het ’n oneway ticket na Davey Jones se plek gekoop! Woord oppie straat is dat ek benoud gegil het, maar ek weet nie so mooi daarvan nie, soos ek onthou het ek heel rustig gebly en vir myself gesê: Dennis sal sorg. En dis wat ek toe glo. Da-a-ar spartel ek in die water, en ek sien die skip hou koers, my fantasy verdwyn soos mis voor die son maar ek sê maar vir myself niemand maak so ’n goeie cappucino soos Cyril nie: hulle sal stop. Al is dit dan nou eers vanaand na ete as die lus hulle pak, maar hulle sal terugkom. En soos djulle kon sien was ek heel ontspanne en calm. Ek het hom nooit gedoubt nie. Not for a second! Maar toe begint ek te realise dat daar nog twee etes tussen nou en vanaand is, en ek lê nou so half in ’n silver platter hier vir my nuwe guests met die skerp tanne. En dis toe nou daar dat ’n ander lat mos so ’n effens sou begin twyfel aan sy eie veiligheid en sekuriteit. En dis nie five minutes later nie of hier sien ek ’n vin. En ek bid vir Allah en so bietjie later dog ek ek bid maar vir Jesus ook just to be sure en dis nie ’n halfminuut later nie of ek trek al by my tannie se skoonseun se neef wat ’n sangoma is, maar die vin bly daar sirkels om my hardloop en I almost lost my faith. (almal lag. Dennis knik versigtig om die geloofskwessie.) En hie’ skielik besluit al wat haai is toe dis tyd vir Cyril ’n chips en ek voel-voel maar ek het nie eers vinegar om by te sit nie and would I be a red-faced waiter! En dis net daar dat een van die bulle besluit hy settle maar vir sushi en ek sien die ma se... die vin op my afpyl. En ek maak reg om maar die juicyste dele aan te bied cos why ek wil nie daai ou sien as hy nou trúly kwaad is en nog unsatisfied met die service ook nie maar toe skielik flash iets deur my kop. Daai scene uit Jaws III. Ek lig my twee bene en soos ek daai twee blue eyes kan sien skop ek vir alles wat Cyril is en ek voel ek connect daai shark op sy snoet en toe ek weer sien is hy weg. En ek tune daai ander wat om my swem “Daai’s net ’n voorsmakie, ek het nog nie eers begínt nie!” en ek mik so na die een en gooi ’n breast stroke in sy rigting maar die bastard is vinnig en hy bly wegkom, en nes ek hom uiteindelik hier om die nek beet het en aan die ribbes begin werk (hy demonstreer hoe hy die haai in die maag slaan) toe kom dié manne daar aan (hy beduie na die vissermanne) en spoil al die fun en steel sommer die show onder my neus uit ook!”

Hoera vir die jollie hotnot. Die hande klap en klap. Cyril skree ‘Tequila!’ en die kelners kom in met arsenale totglasies. Feeste werk beter so al om die dood, dink Simon. Ná genoeg vir die lewe om nie sy vervelige grys kombers oor alles te gooi

nie. A little death a little dying en die tequila proe soet, die meisies lag vir sy grappe, sy maag voel kleiner en die luitenant groter, dis goeie tye in die aristodemokrasie. Hy glimlag vir die woord. Wat sou dit beteken? ʼn Koninkryk waar elke vier jaar gestem word vir nuwe prinse en prinsesse? Of ʼn republiek, plus kastele en gereëlde huwelike?

"7.3," sê die blikstem. 9 AR's hang doer ver in die lug bo die dakke van die Suid-Afrikaanse televisiegemeenskap. Dennis sal seker die aandete vroeg inroep, om by die show uit te kom. Maar in dié uur gaan hulle baie kykers verloor. Hoe laat is dit nou? Hy kyk op sy horlosie. Skuins voor ag. O rotpoes! Aguur! Hy't vergeet van die Neo-Broederbond!

&

"Cheers," klink Hannes sy glas teen hare. "Op ons."

Sy kan dit nog steeds nie lekker glo nie. Maar sy's te bang om te vra. Hy's so gelukkig, sy wil dit net so hou vir ʼn rukkie. Net so gelukkig.

"Dier, ek sal vir jou sê, vanoggend was een van die swaarste oggende van my lewe. Ek het hier opgestaan, douvoordag. Die son was nog nie op nie. Ek het jou aan die slaap gelos en besluit: vandag sort ek myself uit. Ek gaat werk kry. Hierdie hande staan vir niks verkeerd nie. Ek was ʼn brandweerman, ʼn eerbare werk. Maar wragtag, vandag, het ek besluit, vandag vat Hannes du Toit enige kafferwerk wat sy kant toe kom. Ek het ʼn vrou, ek het ʼn kind, en voor God sal ek vir hulle sorg al werk ek hierdie hande deur."

Hy kyk anders, soos die ou Hannes. In sy wit broek oor die bonnet van sy Capri. My twee ladies, het hy altyd gesê, en vir haar gewink. Maar daar's nog meer ook, iets anders aan hom. En sy weet nie lekker wat nie.

"Toe vat ek die bus, Airport Industria toe. Ek ken ʼn ou daar wat ʼn metaalwerkbesigheid het, en hierdie hande kan darem sweis en ʼn bietjie buff ook. Ek het afgeklim by die robot, en daar uitgestap, tussen die lot wat staan en hand uitsteek vir werk in die oggende. Maar ek het verbygestap. Ek het by Ivan se plek gekom, maar daar was nog niemand daar nie. Toe gaan wag by die take-away shop, en hou my ore oop, miskien is daar iemand wat net vir die dag hand nodig het. Maar weet jy, my dier, weet jy wat gebeur toe?"

“Vertel.”

“Kyk, na ’n rukkie het dit stil geword in die take-away. Toe gee ek maar op, en besluit om weer te gaan kyk of Ivan daar is. Ek het oor die straat gestap, maar ek weet nie mooi wat nou fout was met my nie. Ek het nie gedink nie. Seker maar van al die worry. Maar ek het nie gekyk voor ek oor die straat stap nie. En nes ek af van die sypaadjie tree, toe hoor ek ’n getoet.”

“Haai, Hannes…”

“Ek het links gekyk en dit was een van daai towtrucks, magtag Faye hy’t seker 140 gery om die draai. Ek onthou, ek het in die drywer se gesig in gekyk. Hy’t kwaai gelyk. Ek onthou dit was ’n geel towtruck. Maar dis al wat ek onthou.”

“Hoe so?”

“Ek weet nie wat toe gebeur het nie. Hy kon my nie gemis het nie. Hy was volspoed op pad na my toe, en seker nie verder as wat ek my arm kan uitstrek en vat aan nie.”

“En toe?”

“Faye, jy’s my getroue vrou van sewentien jaar nou al. Sal jy my glo as ek jou ’n ding vertel, wat ek nie kan verklaar nie?”

Sy wil lag, maar hy is so ernstig sy sluk haar lag in.

“Ja, Hannes, jy weet ek sal. Ek sal jou glo.”

“Toe ek wakker word, plat op my rug, met mense oral om my, toe staan ek op. En ek voel-voel hier, en daar, maar ek voel niks gebreek of stukkend nie. Net my rug voel ’n bietjie lam. Ek sal jou wys, daar’s nog bloukolle. Wag…”

Hy lig sy hemp op. Hy’s nog baie sterk in die bolyf, al hang die spiere al bietjie papper. Op sy rug is daar ses bloukolle, so amper in ’n kruisvorm.

“Maar Faye, toe kyk ek, en ek sien, maar ek is nou nie eers meer waar ek was nie. Ek is sommer ’n paar blokke straat-af. En weet jy waar was ek?”

“Waar?”

“Reg voor een van hierdie kerke… een van hierdie … kafferkerke, jy weet.”

“Jy meen daai met die plastiekstoele?”

“Net daai, my dier. Net daai. The Church of Jesus Christ the Saviour and the Second

Coming on Earth."

"Ja?"

"En toe wil ek vir iemand vra wat gebeur het, toe kyk ek na die naaste man, hy't 'n bril gedra en slim gelyk. Toe wil ek vir hom vra wat gebeur het, maar toe ek praat, kan ek self nie verstaan wat ek sê nie!"

Boem-boem-boem, klink dit uit Roland se kamer uit.

"Hoe meen jy, jy't gepraat in…"

"In tale, my dier, in tale."

"En toe?"

"Toe begin hulle sing, en hande klap. En hulle lei my toe in die kerk in. En daar binne praat die man met die bril, en hy praat van … hy praat mooi dinge jy weet, van die Heilige Gees en so."

"Ja?"

"En toe sê hy ek moet praat!"

"Ja?"

"Toe weet ek nie mooi nie. Ek het gekyk na die mense. Maar hulle't vriendelik gelyk. Daar agter was 'n pot met blomme in, Strelitzias en so. Nogals mooi. Hier voor my het een van hulle, 'n vrou, vir my gesmile. En toe begin ek praat!"

"Haai Hannes, wat het jy gesê?"

"Ek kan nie als mooi onthou nie, maar ek het woorde gekry! Dit was asof… asof dit nie heeltemal ek was wat praat nie."

"My man, my man."

"Ek onthou ek het vir hulle vertel van die duif wat ek gesien het, toe ek daar gelê het."

Hy kyk af en dink mooi.

"Watse duif, Hannes?"

"My dier, ek het 'n duif gesien. Met 'n klomp takkies in haar mond. Die duif het 'n nes gemaak, vir haarself. En sy't eiers gelê. En daar't 'n klomp kleintjies uitgebroei.

En sy't hulle nie herken nie, hulle was lelik, hulle was nie haar eie nie."

Faye sien hoe hy sélf sukkel om te verstaan.

"Maar sy't vir hulle gesorg. Ja."

"En toe?"

"Sy wou nie vir hulle sorg nie maar sy het."

"En toe?"

"Ek weet nie mooi nie… toe was dit asof die duif met my praat, in my kop, terwyl ek daar staan. En die duif het vir my dankie gesê, dat ek vir die mense vertel het."

"O."

"Ek hoop nie ek het met haar teruggepraat terwyl sy daar met my gepraat het voor die mense nie. Maar ek dink ek het miskien. Ek het miskien gesê, "Dis OK, duif."."

"Dis nou vir jou 'n ding."

"Ja."

"Wat het die mense gesê?"

"Hulle't my nie snaaks aangekyk of niks nie. Die een vrou, die een wat gesmile het vir my, sy't geskree "Halleluja!". En toe begin almal weer sing, en hande klap."

Boem-boem-boem, klink dit uit die kamer uit. Hannes drink van sy G&T dat die ysblokkies rinkel. Maar daar's nog iets wat haar pla.

"Nou maar Hannes…" sê sy.

"Ja?"

"Waar kom die KFC vandaan?"

"Van die kollektegeld! Hulle't vir my daarvan gegee. En hulle't gesê ek moet weer terugkom. Sondag. Hulle sal elke keer vir my 'n deel gee."

Die man van haar darem. Sy vat sy twee groot ore in haar hande en sy soen hom op die voorkop, en op die wange, en op sy mond wat so mooi praat, en op sy oë, en sy voel hoe dit warm en sag in haar raak, en sy voel hoe haar oë ook warm raak.

&

Laas wat Simon na die parkeergarage gegaan het, het grys vingers rook hom

ingetrek. Nóú is dit nie sigaretrook nie. Dis ’n reuk wat in sy geheue ingeëts is, die reuk van kleinwees en speel of grootwees en drink. Dis ’n braai.

Hy’s laat, dis al 8.15, en hy stap twee-twee die trappe af. Binne kan hy skaars sien deur die rook. Hy kan nie eers uitmaak wie die mense voor hom is nie. Iemand hoes, Jan se doodsroggel. Rook hulle nou al hulleself uit?

“Jan!” roep hy.

Jan skree terug: “Simon! Simon! Ek is so bly jy’t gekom. Ons sal nou begin. Ons sit net met ’n bietjie van ’n,” hy hoes, en hoes, “ventilasieprobleem! Kom nou kêrels, gooi maar die vuur dood!”

Simon bly baie stil staan langs Jan, terwyl hy hoor hoe water op vure gegooi word, en iemand vloek.

“Ai,” sê Jan. “Dít gaan nie werk nie. As mens nie eers meer kan braai nie, wat bly oor?”

Die rook sak stadig af. Aan die ander kant van die garage kan Simon nou ’n paar gesigte sien. Sarah-Tracy Vermaak. Harold die projeksieman. Een van die ghriespompers wat hy vanmiddag in die enjinkamer gesien het. Teen die oorkantste muur staan ’n Weber, oënskynlik die oorsprong van die rook. En langs die Weber, met ’n brandslang in sy hand, staan hý. Met die kalmte van ’n pensionaris op ’n Sondagmiddag, met rustigheid wat uit die vuil sweetpaktrui aan sy lyf en swart mussie op sy kop straal, die sonstraal wat God in sy wysheid weggeneem het, die eenoogkrap wat agpotig op die seebodem dans, Lasarus van die heelal van leuens. Vloog.

Jan sit sy arm om Simon.

“Kom,” sê hy, met blink oë wat die eindes van alle stories ken, “kom ek stel jou voor aan ons voorsitter.”

&

Doeb. Kggh.

Kristina voel haar skouers kaal skuur teen ander skouers. Waar het daai geluid nou vandaan gekom?

Sy moet seker nog water bestel. Beautiful Strangers het heeltemal stil geraak. Of is

dit net sy? Nee, die mense staan almal en kyk daaikant toe…na die verhoog, wat stikdonker is.

"DOEB." ʼn Diep polsslag trek deur die saal. Dis nogals cool…

Sy kan vorms uitmaak op die verhoog. ʼn Bietjie lig, van onder af. ʼn Klomp mans is op mekaar gestapel in die vreemdste posisies. Hulle vorm ʼn … struktuur? In die middel vyf, vertikaal, bo-op die onderstes, wat hurk en lê en aan hulle bene vashou. Die regop mans hou vas aan ʼn lang ... voorwerp, wat presies lyk soos iets wat haar pa eenkeer met ʼn groot gevloek, 'fokken crankshaft', uit die bakkie se enjin gehaal het. Perfekte mans, rûe van lewende marmer, en hul koppe kaalgeskeer, silwer. Sy verwonder haarself aan die beweginglose toestand waarin die hele struktuur daar staan, in flou blou lig.

"DOEB," weer die polsing. En nou deur ʼn weetniewatmetode, kombinasie van kragte, beweeg die vertikale mans skielik. Die twee weerskante op, die middelstes af, die een in die middel laer as die ander, in ʼn groot V. Duisende spiere trek saam, ontspan, die lig op die blink oppervlaktes. Dis die onderste mans wat die boonstes laat beweeg. Die middelste man kom tot stilstand, ʼn meter van die vloer af. Onder hom flits ʼn stroboskopiese lig. DOEB. Weer die kgggh geluid wat klink soos ʼn gebreekte simbaal. Sy sien dat hy nooit regtig gestop het nie. Hy beweeg weer op, stadig, terwyl die buitenste twee ook hul beweging omgedraai het. Wanneer die middelste twee ook onder kom, flits twee ligte onder hulle, die DOEB, en hulle beweeg weer op, nes die middelste man. Dieselfde toe die buitenste twee onder kom. Elke keer DOEB. Regs op die verhoog gaan ʼn lig skielik aan. En toe sien sy vir die eerste keer waaraan die ding wat oor die verhoog loop, vas is. ʼn Groot swart wiel hang in die lug, en die ding steek reg in die middel daarvan in. En buite-om die wiel, om die buitekant, meer as tien ewe blink vroue. Hul afgeskeerde koppe blinksilwer, en van kop tot toon hul lywe blinksilwer. Hulle hang onderstebo aan die wiel, sodat hul bene styf span terwyl hulle opgetrek word. Dit lyk of hulle onderbene in die wiel ingaan, en hulle klou met uitgestrekte arms aan sporte op die wiel, elke sport vir die boonste vrou tussen die bene van die een onder haar. En die wiel draai.

Stadig. Die lywe draai, om, en om. DOEB. Kggghh. DOEB. Kggghh.

Sy weet nie hoe lank dit aangaan nie. Dis die mees volmaakte ding wat sy in haar lewe nog ooit gesien het. Wow.

Vinniger, nou. DOEB. Kggghh. DOEB. Kggghh. Die wiel draai al vinniger, die mans beweeg op en af, op en af, die formasie bly behoue! Die vrouens klou aan die wiel, hul arms gespanne. Elektroniese geluide vloei oor die ritmes, ’n besige klanklandskap wat haar ore liggies kielie. Nog vinniger. Die vroue los die sporte. Kristina sien hoe hulle uitbeweeg, totdat die wiel ’n stervorm is met beeldskone perfekte kragtige lywe wat al in die rondte swaai.

Veraf hoor sy ’n gefluit en handeklap. Sy is net by die hipnotiese ritmes van die lywe. Sy sien hoe die mans se gesigte vertrek van pyn, hul lywe nou blinker en sweterig. Pligsgetrou hou hulle die tempo vol. Sy kyk na die wiel van vroue en terwyl sy weggekyk het, het daar iets bygekom, swart vlekke. Sy voel die paranoia naderkom, maar sy maak haar oë toe en beheer dit. Wat gaan aan? Hoekom vlek hulle so? Dan sien sy. Elke keer dat hulle aan die onderpunt van die sirkelbeweging is, sleep hul uitgestrekte arms deur ’n bad van die een of ander dik swart vloeistof. Olie, moet wees. Dit vloei af, en oor hulle lywe, swart trane. Die buitewêreld verdwyn. Sy sien die show tonnelagtig. Die swart, blink, skitterend swart. Sy hou haar hand voor haar gesig, stomgeslaan.

Nog vinniger. Of miskien is dit net sy, sy kan nie glo dat die tempo nog kan versnel nie. ’n Sisgeluid. Uit ’n groot buisvormige ding links van die mans spuit na elke kggghh ’n groot streep swart vloeistof uit. Die silwer mans is ook plek-plek swart gevlek. Vinniger. Dit kan nie wees nie. Hoe vinniger hulle beweeg, hoe vinniger spuit die spuit, swart koppe, swart lendene, blink bene. Sy sien ’n flits van wit, een van die mans maak sy mond oop, oor geklemde kake. Vinniger. Die polsslag kan nou uit enige rave klub uit kom. Dit tref haar elke slag, onder die naeltjie, en sy voel haar voete beweeg.

“IT’S SO BEAUTIFUL!!” skree sy vir ’n grys man in ’n pak langs haar, en wag nie vir sy reaksie nie, sy is aan die vorentoe beweeg deur die skare, nader aan die masjien. Sy wil olie voel. Sy beur deur die verstarde skouers van die groepe mense wat met glase in die hande staan en kyk. Nader. Sy draai sydelings, om tussen die mense deur te skuur, sy voel hulle lywe warm en lewendig, en skielik trek daar deur die skare ’n geskokte gil. Sy kyk op na die verhoog. Betyds om te sien hoe die middelste man opskiet, en soos ’n ontploffing vou die hele struktuur weerskante van hom oop. Die mans wat op- en afbeweeg skiet teen ’n hoek uit, meters hoog, en dan is daar ’n verblindende wit flitsing, sy kan niks sien nie, dis weerlig, vasgebrand teen

die agterkante van haar oë. Geraas oor die luidsprekers. Liggame trek in alle rigtings. Wooooooooooooooooooooooooooooooooowwwwwwwwwwwwwwwww...

Oor die luidsprekers dreunsang. Die wiel draai stadiger, al stadiger. Die meisies bly orent, hul arms na bo. Hulle is uitdrukkingloos. Dan begin hulle te ... krimp. Eers hul knieë, totdat hulle lywe slegs van die middel af sigbaar is. Verder, tot net koppe en die uitgestrekte arms sigbaar is. En nog verder, tot daar net pare hande uitsteek, en verdwyn. Hulle gaan terug in die wiel in, wat miskien nog draai, of miskien nie. Sy kan nie sien nie. Steeds die dreunsang.

Dan hoor sy, in ’n sagte, bedaarde toon oor die luidsprekers, Dennis se stem:

“Ladies and Gentlemen: welcome to the show.”

“MACHINE,” flits wit letters agter teen die swart muur. En uit die vleuels van die verhoog kom aangestap, fier en heilig, die oliebesmeerde vroue van die wiel. Elkeen staan oor een van die omgevalde mans. ’n Diep bas orrelklank in die musiek. Twee vir twee neem die vrouens die arms van ’n man, en sleep hom op die olie totdat hulle ’n groepie in die middel van die verhoog vorm.

Skielik is daar ’n ontploffing van lig, en klank, terwyl die vrouens hulself neergooi op die lywe van die mans, en die herrysing begin.

&

Die albatros voel die blink masjien koud onder haar voete. Sagte leer agtertoe, maar haar kloue gly daarvan af. Vanmiddag het sy gesien hoe ’n raafagtige man met die een punt vroetel, en toe brul dit diep. Hulle’t gedraai aan die swart punt net links van haar kloue, en dit het nog harder gebrul.

Sy kan die bruin skip sien dobber, op, af, meer as die wit skip. Een lig wat heen en weer beweeg. Dan nog een. ’n Lig wat van die bruin skip af beweeg. Water toe. Sy hoor ’n knorgeluid, nie so diep soos die een wat uit die masjien uit gekom het nie. Die liggie beweeg al nader. Tot by die wit skip. Sy hoor stemme, en die knorgeluid word stil.

Die lug trek van die bruin skip af. ’n Sterk reuk, inkvis. Sy sprei haar vlerke uit en styg flappend op. Teen die wind, hoër en hoër, tot by die bruin skip.

&

Faye trek die velletjie van die hoender eerste af en sit dit in haar mond. Dan vat sy ŉ hap van die boudjie, en trek die res van die vleis met haar vingers af. Lekker blink hoendertjies, lekker met die kruie en so.

Roland het net een vlerkie kom vat en toe's hy weer uit. Toe hy uit die kamer uitstap, het Hannes opgestaan, en haar twee manne het so vir mekaar gekyk.

"My kind," het Hannes gesê. "Ek's lief vir jou."

Sy't gedínk Roland gaan nie verstaan nie. En hy het nie. Hy't snaaks heen en weer vir hulle gekyk, sy vlerkie uit die bucket gegryp en toe deur toe gestap. Maar toe hy omdraai, het hy weer vir hulle gekyk, en toe lag hy so bietjie. Dit was die eerste keer in hoe lank dat sy hom sien lag het.

"Sien julle later," het hy gesê, en toe's hy uit.

Hannes het weer kom sit. Sy't haar hand op sy binnebeen gesit.

"Gee tyd, my ding. Hy's ŉ goeie seun," het sy gesê, en toe los hulle dit.

En nou sit hulle so lekker op die sofa. Haar glas is al vol vet gevat. Maar sy gee nie om nie. Hannes het al klaar geëet en vir hom ŉ sigaret aangesteek. Hy kyk na die TV, waar die dans-ding op is, en skud sy kop.

"Nou't ek al flippenwil alles gesien. Kyk hoe gaan daai spul tekere."

Sy knik:

"Ek dag ons gee hulle nou maar ŉ kans, die presenters gaan almal so aan oor die groot show vanaand."

Hannes skud weer sy kop.

"Daai spul lyk nie ŉ moer soos ŉ enjin nie. Miskien bietjie soos ŉ naaimasjien. Maar daai laaities maak nie uit van piston-wees nie. Hey, onthou jy nog toe ons die eerste keer ŉ TV gekry het? Wanneer was dit … '85? Toe't ons nog net hier gesit en daai fliek gekyk, wat was dit? Citizen Kane? Heng, maar selfs daai ding was beter as dié stront."

Sy onthou. Sy onthou maar te goed, daai aande.

"Ai ja. Dit was lekker. Sommer net om so te sit en kyk, Johnny. Net ons twee…"

"Ja, pasgetroud!"

Sy kyk in sy oë. Wanneer laas het hulle só vir mekaar gekyk? So asof die een wag vir die ander een om nader te kom? Sy wag. Sy voel met haar tong, niks hoender wat vassit tussen haar tande nie. Hy kyk nog steeds. Sy voel haar mond droog word. Hy staan op.

Sy kyk af na die sofa. Op dié sofa het Hannes haar daai aand vasgepen. En op die sofa het sy haar maag sien swel. Hier lê Roland nou saans as hulle gaan slaap het, en kyk alles wat opkom. Raak aan die slaap hier, terwyl die advertensies vir Dial-Direct en Super Blue Stuff-salf opkom.

Hel, dink Faye. Seker tyd vir ŉ nuwe sofa.

&

"Dog jy's dood," sê Simon toe hy Vloog se hand skud. Hy is geskok deur die slap handjie wat Vloog teruggee. Hy was altyd een van die kneukelkrakers, die soort aan wie jy nie voorgestel wil word nie, want jy kan van ver af sien hulle gaan hulle absolute alfa-manlikheid op jou hand afdwing.

"Ek wás dood," sê Vloog, met ŉ lig in sy oë wat Simon nog net by Hare Krishnas gesien het, vóór hy hulle boeke terugstop in hulle gehekelde sakkies.

"Ek sien," sê Simon en kyk af na die gebluste vuur in die Weber.

"Ai," sê Jan, en krap aan ŉ paar los kole. "Dis nou ŉ majestueuse fokop."

"Daarbó is ek nog steeds dood," sê Vloog. "Daarbó sal ek altyd dood wees."

"Dennis weet jy lewe nog. Ek weet jy lewe nog."

"Jy en Dennis is sekretarisvoëls wat aan los klippies pik. Julle opinies is irrelevant."

"Is nie," sê Simon.

"Sjuut," sê Jan. "Hy is ons nuwe profeet. Jy moenie sy woorde letterlik opneem nie."

Vloog wag ŉ oomblik voor hy voortgaan:

"Ek was dood, ŉ stuk vleis sonder lewe. Deesdae ontwerp ons rekenaarprogramme met meer persoonlikheid as mense. Ek wás een van daardie mense. Ek was geskryf deur ŉ pa en ŉ ma en ŉ God en ŉ gemeenskap. Daar was geen hoop vir die stuk vleis wat julle Vloog genoem het nie. Hy sou miskien aan natuurlike oorsake kon

sterf, ’n paar jaar later. En dit sou ewe min saak maak. Tyd wat sy eie stert jaag, kan nie gemeet word nie. Maar ek sal jou nie verveel met die sloerdery wat my lewe wás nie. Ek het gewéét: anderkant die dood is daar woude waar die kersiebome heeljaar dra. En nou, nou weet ek ek was reg. Nou word ek elke oggend gedoop deur ’n ander heilige. Vanoggend het ek wakker geword en Marlene Dietrich het my geseën. Sy het my gesoen en ek kon ’n aardverskuiwing in die Indiese Oseaan voel.”

“Is nie,” sê Simon. Hoe kwater hy vir Vloog maak, hoe meer sal hy wys word.

“Ek kan vir jou ’n wêreld wys waar ons ons woorde anders sal kies. Ek sal vir jou ’n God van die rede wys, wat saam met jou sal lag vir al sy vorige manifesterings. Eers as jy dood is, sal jy verstaan dat jy enigiemand kan wees. Enigiets kan wees. En dat dit die belangrikste keuse van jou lewe is.”

Sarah-Tracy dra drie glase op ’n skinkbord aan.

“Dankie, my lief,” sê Vloog, en gee vir Simon ’n glas. Hy kan ruik dis absint.

“Ek sien jy’t jou pot se deksel gevind,” sê Simon, toe sy weg is. Vloog staar hom met leë oë aan. Fok. Die man is nie meer in staat tot woede nie. Hy’t altyd so maklik begin brul en vloek as een van sy offisiertjies nie vinnig genoeg werk nie.

“Daar is net een vrou, en een man. Die man in my is lief vir die vrou in haar. Sy is nie my pot se deksel nie.”

“Dis ’n stir-fry!” lag Jan, en hoes. “Skuus, roerbraai, meen ek.”

Vloog hou sy glas uit, en Jan klink syne daarteen. Hulle wag vir hom. Saamspeeltyd, maatjies vir ewig. Nie vir Simon nie. Hy sluk die absint in een groot mondvol, en voel sy tong lam raak.

“Ek het in Kenia ’n man ontmoet, jare gelede,” sê Vloog, terwyl hy rustig aan syne teug. “Hy’t ’n bottel absint opgedrink, en gedink hy’s ’n lemoen. Toe ek weer sien was hy besig om homself te probeer skil met sy knipmes.”

Vloog. Kyk nou na hom. Die vuil sweetpaktrui, die een oog wat altyd verkeerde kant toe staar. Hy lyk slegter as tevore, en beter. Die trotse toonbeeld van waansin. Simon kan nie ophou staar na die pokmerke op sy wange as hy praat nie. Hy is mooi, en verlore, soos ’n basterbrak op straat.

“Dis tyd dat ons almal onsself herdefinieer,” sê Vloog.

“As wat het jy jouself herdefinieer?” vra Simon.

“Hy antwoord nie vrae nie,” fluister Jan. “Hy antwoord net die vrae wat die werklikheid self aan hom stel.”

“Genoeg gepraat,” sê Vloog, “dis tyd dat die vergadering begin.”

Simon herken die ag dekstoele wat Sarah-Tracy en die mechanic in ’n kring uitpak. Ag. Hy tel. Vloog. Jan. Sarah-Tracy a.k.a. Lotte Liebchen. Die mechanic, wat voorgestel word as Helmar. Florence en Harold. Een plek oor. Simon kan raai wie s’n dit is. Die byl is aan die kap, en hy is vinnig besig om agter dit in te kom. Kan net die jollie hotnot wees.

“Goeienaand, almal,” sê Jan. “Ek wil weer sê dat dit vir my ’n voorreg is om julle uitgelese geselskap te geniet. Vanaand verwelkom ons graag ’n nuweling, Simon, in ons groepie. Ons het dit goedgedink om vir Simon te nooi om te kom kyk, waarmee ons onsself hier besig hou, ons oogmerke vir die toekoms, en dan te besluit of hy miskien wil lid word van ons organisasie.”

Simon kyk na die groepie uitgespan op hulle dekstoele. Florence. Harold. Sarah-Tracy. Hierdie is nie ’n neo-Broederbond nie. Dit lyk meer soos ’n ondersteuningsgroep vir junkies, of mense wat nog van die Bee Gees hou.

“Simon, ons sê vir jou baie welkom,” sê Jan. Simon wag dat hulle almal saam ‘Hallo Simon’ sê. Maar al wat hy kry is oogkontak by Florence, en ‘A-ha’ van Helmar. Hy probeer om die eienskap wat hierdie mense in gemeen het, uit te sif. Wat het hulle hier bymekaargebring? Florence lyk seergemaak, asof sy uiteindelik ’n man wat haar jare lank misbruik het, geskei het. Harold lyk net so hartseer, soos ’n eks-alkoholis wat wens hy’t nie opgehou drink nie. Helmar het die slap oogvelle en harde stem wat hy al by die Europese lae klas opgemerk het. En Jan lyk soos ’n seremoniemeester by ’n hanswors se begrafnis. Die enigste ding wat hulle in gemeen het, is dat niemand hierbó vir hulle ’n Valpré sou gooi in die Sahara nie. Maar Jan wil weer praat. Hy maak lank keel skoon.

“In 1984 het Bob Denard in die Comoros-eilande ’n staatsgreep uitgevoer met net dertig huursoldate, en só vir ons gewys dat in óns wêreld getalle en geld nie meer die toonaangewende faktore is nie. Dit glo ek, soos julle, sterk. Tydsberekening, en onopsigtelikheid, dít is wat deesdae tel. Die globaliserende wêreld bied sekere ekonomiese geleenthede wat benut moet word. En daarmee wil ek hê dat ons

aanbeweeg na die eerste punt op die agenda. Dit dan ook die enigste punt op die agenda vanaand. Vriende, die oorname van die *Fantasy*."

&

Hannes stap na die TV toe. Hy draai die klank af, en loer oor sy skouer vir haar.

"Faye, ek het nie reg gemaak teenoor my vrou nie."

Sy wil nie nou sulke goed hoor nie. Sy wil hê iemand moet 'n foto van hom neem nes hy daar staan, so James Dean-erig kyk oor sy skouer.

"Vergeet daarvan, my ding. Ons kyk vorentoe."

Hy lig sy ken.

"Dis nou al drie maande sedert ek … my manlike plig gedoen het, my dier."

Sy glimlag vir hom, vir sy snaakse manier, vir sy mooi taal. Gewoonlik was dit maar net 'tyd vir bietjie vaspen, hê?'.

"Kom hier," sê sy. Hy stap platvoet nader. Sy streel oor sy maag, steek haar hand onder sy hemp in en voel die wonderhaartjies. Sy trek hom aan die arm tot hy sit op die stoel, en soen hom. Eers liggies, net lippe. Maar hy raak al hoe opgewonder, al hoe harder soen hy haar. Sy trek sy hemp uit en streel oor sy rug, deur die hare, en op oor die sproete op sy skouers.

Roland is nie hier nie, dink sy, terwyl hy haar afdruk, af van die sofa af en tot op die vloer. Sy dink aan die sitkamermat, wat skoon is, maar nie so skoon soos Vloog s'n nie. Maar sy dink nie meer daaraan nie. Sy wil nou net dink aan Hannes en hy lê lekker swaar op haar en sy voel elke deel van hom elke spier en sy vel en elke knop en haartjie wil sy voel en proe en proe. Hy trek haar bloes uit en gooi dit eenkant. Hy trek sommer haastig die bra ook uit. Sy voel hoe sy lippe oor haar lyf gaan. Sy tong lek en speel, dis die mooiste tong wat vir haar die mooiste woorde bring, en sy sien hoe die dae voor haar lê vol glimlag en hard lag, 'n nuwe man in die huis en KFC in die kombuis, nuwe vriende en kersfeesbome, harde stemme in die huis en uiteet en dans, sy wil op die balkon gaan staan en almal innooi, kom in, kom in, want ons is bly! Maar wag net 'n rukkie, dink sy. Gee ons 'n tydjie, dink sy, terwyl sy hoor hoe Hannes sy zip aftrek .

&

“KA-KA-KA-KA-KA,” klink dit deur Beautiful Strangers. Kristina staan met haar hande voor op die verhoog want sy kan nie wegkyk nie. Die lywe wat beweeg soos lewende kunswerke soos gode wat dans om ou ou vure in Griekeland of miskien Egipte of waar nou weer? Sy wil aan hulle vat. Sy staan voor teen die verhoog, sy wil deel wees daarvan. Sy kyk terug na waar Dennis miskien kon wees, maar sy sien hom nêrens nie. Al die mense-oë wat na die verhoog staar. Hulle lyk soos die weerkaatsing van stadsliggies in die water. Sy wens sy kon soos ’n danseres gegooi word, hoog in die lug, sy wil sweef en van bo af waai en confetti en liquorice allsorts afgooi vir almal. Daar stap nog ’n danser op die verhoog, reg déúr die lyn van die ander dansers, hy’t klere aan en ’n geweer in sy hande. Sy’s nie seker wat dit beteken nie maar Dawid sal seker vir haar kan sê. Sy kan sien hy skree iets maar mens kan nie hoor met die musiek nie.

“KA-KA-KA-KA-KA-KA,” skiet hy sy geweer oor hulle. Hy skree weer iets maar sy kan nog steeds nie hoor nie. Dis bietjie soos ’n performance art-stuk waarin sy op universiteit gespeel het. Sê dit iets oor geweld?

Skielik word die musiek stil. Sy hoor iemand links van haar fluister, en sy … vóél die stilte. Dit voel koud, en strelerig.

“KA-KA-KA-KA,” skiet die man weer die geweer. Glas breek iewers, agter. Almal gil. Sy kyk om en sien ’n tannie met ’n wye rok op die mat neerpof.

By die deure is daar mans wat baklei, sy voel hulle negatiewe energie aan. Almal het platgeval, en kyk na die verhoog. Sy is die enigste een wat nog staan. Die man met die geweer … maar dis dan een van die vissermanne. Die mooi een. Hu… Huon? Hy blaf:

“Ladies and gentlemen! Please remain calm! Nobody will be hurt! Well.. maybe a few! But stay calm! Chances are it won’t be you!”

Dit voel soos Dennis hierdie. Dit voel soos een van Dennis se plannetjies. Een van sy reality events. Wel OK. Sy sal nie die partytjie bederf nie. Sy sal soet wees. Sy soek ’n leë kolletjie, vou haar rooi Spaanse rok onder haar in, en gaan sit rustig op die mat. Gmf. Huon. Sy sou daai rol net so goed kon speel. Hy lyk moorddadig. Maar kyk vir my op ’n Sondagoggend, dink sy. Sy sien klein koperige bronserige doppies voor haar op die mat. Koeëldoppies. Dit ruik sleg, chemies of laboratoriumrig.

“And to the good people of *V*! I know you’re watching. And my people on land are also watching! If you break the transmission… well, I’ll just make sure CNN covers it!”

Hy ruk sy baadjie af en daar’s klomp stokkies aan hom vasgebind. Klomp drade tussenin, nes in die flieks.

“For the greater glory of Al-Jihad-Al-Abbas! You listen to me. You listen very carefully, you white hatemongers, imperialist murderers. I will kill every last man and woman if you don’t cooperate.”

Hy glimlag, witwit tande, en lig sy geweer. Sy twee trawante weerskante van die verhoog begin lag. Al die mense sit en kyk bang-bang na die verhoog. Sy wil na elkeen toe stap en hulle kop streel en vrede gee en liefde, liefde vir almal.

“Our demands are simple. Your government has been holding the spiritual leader of Al-Jihad-Al-Abbas unjustly. Mister Anlai Kli-Ploht will be freed and delivered to the ship by helicopter. You have three hours. Then we start moving down our little list.”

Hy haal ’n papiertjie uit sy sak, en begin lees.

“Samantha le Roux … Rayand …”

Hy draai die papiertjie om.

“Uh, Rayand … and so forth, and so forth. Perhaps we use guns. Perhaps we use knives. You like to taste a little bit of Iraq perhaps? Ha ha. We understand each other, I’m sure. We have put the ship on autopilot, to crash into the land. You understand we do not care for our lives!”

Kristina voel haar kake verstyf. Samantha. Fok daardie oorambiseuse blondine. Wat maak háár so spesiaal? Sy soek vir Dennis tussen die mense, maar hy is nog steeds weg! Genoeg is genoeg. Sy staan op.

“Ekskuus, ekskuus. Hoe kan julle mý nie op die lys sit nie? Ek is net so belangrik soos enigeen van daai mense!”

Hy kyk na haar met dom oë. Og, sy kan die morone nie vat nie! Mens kan net só lank uithou! Sy lig haar rokspante op en spring op die verhoog. Die twee van die kante af storm op haar af.

“Wat?” skree sy vir hulle, en sy sien hoe Huon begin lag. Sy sal hom laat lag. Second-rate akteur met sy fokken koekie-advertensieglimlag. Sy vat die papiertjie uit sy hand uit. Haar naam is glad nie eers daarop nie! Tipies Dennis. Gee haar nooit ’n kans nie. Sy haal haar magic marker uit, en skryf heel bo aan die lys in groot blokletters: “KRISTINA WIELICH.” Almal dink sy mag nie die kollig kry nie. Net omdat sy met Dennis uitgaan! Hierdie keer sal sy kry wat sy verdien!

&

Sy land. Die growwe bruin metaal skilfer af onder haar kloue. Daar is niemand op die bruin skip nie. Die albatros pik aan die oppervlak. Dit ruik na bloed, en inkvis. Sy volg die reuk, hop-hop by trappe af. Om draaie, al sterker die reuk. Maar dis ’n ou reuk. Sy druk haar nek deur ’n gat in die hout onder haar kloue. Die sterkste reuk wat sy nog geruik het. Daar is niks onder die hout nie. Rooi merke, en die ou reuk. Sy hop weer na bo. Die wit skip het geskuif. Sy sien wit rook uit die skoorsteen borrel.

Sy hop tot op die skilferreling van die bruin skip, sprei haar vlerke, en val af tot op die kussing van die lug. Sy sweef terug na die wit skip.

&

Simon wag, geblinddoek. Sy hart klop in sy keel. Williams sal enige oomblik hier wees, en dan sal hulle saam die mees opspraakwekkende storie van die dekade verfilm. Cyril staan en rook langs hom, en Simon weet sy oë blink, met elke trek wat hy nog nooit tevore in die gaste-area mag getrek het nie.

Toe hulle die eerste skote van bo af gehoor het, het Cyril in die parkeergarage ingehardloop.

“M’lanie m’lanie m’lanie! You’re a treasure for the eyes!” het hy geskree, en hom omhels, ’n stink Tequila-soen op die wang gegee. Die ding het vir Cyril beetgehad. Simon het bang na sy rooi oë gekyk. Sout, drank, hondsdolheid?

“Daai fokkers is al weer oorhaastig daarbo,” het Jan gesug, en teleurgesteld na hom gekyk. “Jammer, Simon. Sal jy saam met ons kom? Ons sal graag verder gesels.”

Al die ander was aan die opstaan, met kreune, arms uitgestrek. Asof die dominee te lank gepreek het. Simon het bly sit.

“Waarheen?”

“Na ons wegkruipplekkie. Dit kan dalk onplesierig raak hier.”

Cyril, fokken oorywerige Lassie, het hom probeer optrek:

“Kom, slim Simon, he who hesitates, masturbates. Kom, ons sal alles explain da’bo.”

Hulle het met ’n hyser opbeweeg. Dit kon nie meer as een of twee vloere gewees het nie. En hier staan hy nou. Met ’n ghrieslap om sy oë gebind.

“M’lanie, djy sal ‘ie glo die opportunity wat jy te banggat is om te vat ‘ie,” sê die hondsdol Cyril.

Simon voel sy neus kriewel van Cyril se Rothmans. Hy hoor stemme in die gang afkom. Dit moet Williams wees. Hy moes ’n plan beraam. ’n Storie sonder ’n prentjie is niks werd nie.

“Wat gebeur in Beautiful Strangers?” het hy gevra toe die mal maters uit die parkeergarage wou loop.

“Alles is onder beheer,” het Jan gesê.

Simon het vinnig gedink. Die pitsweer was aan die bars.

“Ek het ’n voorstel,” het hy gesê.

“Nei man, kom nou, daa’s ‘ie tyd vir slim stories nie!”

Dit was Vloog wat hulle stilgemaak het.

“Praat, Simon,” het hy sag gesê.

“Ek het ’n kameraman nodig.”

Die ander het begin lag. Florence ’n histeriese twee-uur-die-oggend-hoer-wat-soek-vir-haar-derde-kontrak-van-die-aand-in-Groenpunt-lag. Harold bedees, soos ’n geskiedenisprofessor met ’n eerstejaar op sy skoot. Vloog het kalm nadergestap.

“Hoekom?” het hy gevra, sy stem nog steeds ontstellend sag en versigtig.

“Ek wil onderhoude met julle voer.”

Die ander het weer gelag. Jan met sy ratelslang in die slympoel, Cyril soos ’n hiëna.

“Hoekom wil jy onderhoude met ons voer?” het Vloog weer gevra, maar Simon kon ’n klein glimlag onder die baard sien.

“Jy weet hoekom,” het hy ’n kans gevat, sonder om te weet wat die hoekom vir Vloog sou beteken. Tot almal anders se ontsteltenis, en sy verbasing, het Vloog geknik.

“Goed. Sit vir hom ’n blinddoek aan, en laat sy kameraman kom. Cyril, sal jy en Harold dit reël?”

“As the master wishes,” het Cyril gesê. En hom geblinddoek.

En iewers in die gange van die *Fantasy* staan hy nou, en wag vir Williams.

“Where the fuck are we?” hoor hy Williams se stem aankom.

“Williams?” roep hy.

“Simon?”

“Moenie worry nie, Williams. Dit gaan OK wees. Dit gaan OK wees.” ’n Grys leuentjie, miskien. Hulle gaan in elk geval binnekort óf dood óf beroemd óf albei wees. Hy’t ’n speld in die hand en hierdie pitsweer gaan hy bars, al weet hy nie watter soort etter gaan uitspat nie.

“Raait, let’s go, let’s go,” sê Cyril, en agter hom hoor Simon ’n deur oopgaan. Hulle word ingelei, en op stoele neergesit. Simon ruik ammoniak, en ’n ander geur. Nie sommer enige ander geur nie. ’n Mensgeur. Wat hy maar te goed ken. Die reuk wat palmbome en penetrasiedrome deur sy gedagtes jaag.

“Kon jy ’n tripod kry?” vra hy.

Die reuk van Piz Buin en perineum.

“Ja,” sê Williams. “Maar hulle’t gesê ek mag nie ’n live feed bring nie. Toe moes ek die digital handheld bring. Hoe de fok moet ek sien wat ek afneem?”

“Vloog!” roep Simon. “Hy gaan nie kan sien wat hy afneem nie!”

“Dis ’n probleem,” sê Vloog.

“Kyk, Vloog,” sê Simon. “Ek weet ons is in Dennis se kajuit.”

“Wa’jy! Hoe wee’ jy?” skree Cyril. “Mister Vloog I promise ek het daai blindfold tight as ’n taxi gemaak!”

Die reuk van die prehistoriese prinses, van Pantene en die pubisbeen.

“Dis waar,” sê Simon. “Maar ek ruik die Windolene wat jy vanmiddag gemors het.”

“Goed, haal maar af,” sê Vloog. “Ek het gehoor jy kan ’n ding of twee aflei, Simon. Dis hoekom ek jou laat haal het.”

“Slim Simon,” sê Cyril, en haal die blinddoek af. Simon kyk vas in Vloog se gesig. Die een oog staar in syne, die ander kyk blind verby.

“Wat lei jy oor mý af?”

Simon staar vas in die melkerige glas, die albaster in Vloog se oogkas. Hy wag vir Williams om te begin afneem voor hy antwoord. Die liggie op sy kamera flits rooi, hy neem op. Simon asem in. Nou moet hy die regte senings vind om aan te trek, en sy storie komponeer op dié wat die styfste gespan is.

“Ek het nie gedink jy sal realiteitsspeletjies speel nie.”

“Ek verstaan nie.”

“Jy weet. Almal doen dit tog. Druk jou hand in die toaster, as dit Big Brother was. Verlang na jou poedel op Survivor. Watookal jy moet doen om aandag te kry. Ek neem aan julle gaan helde wees en almal daarbo red?”

Vloog kyk na sy hande. Simon voel sy hart in sy ore klop.

“Ek sien,” sê Vloog. “Sommige mense sal seker sulke dinge doen. Maar ek sou dink die moord wat ons gepleeg het dui aan dat ons nie speletjies speel nie.”

Vloog tel die afstandbeheer van die bed af op, en sit die TV aan. Beautiful Strangers. Simon is nie verras nie. Die ‘tjokkavissers’ stap tussen die gaste deur, outomatiese gewere omhoog. Huon, duidelik die nuwe leier, is nie meer doodgewoon aantreklik nie. Hy is nou onheilig mooi, Satan na ’n extreme makeover.

“Wie het die moord gepleeg?” vra Simon.

“Ons,” sê Vloog.

Simon sien hulle soos ’n pak wildehonde op Andries toesak, rooi spatsels op hul tande en naels. Hy kyk na Sarah-Tracy, wat met ’n grynslag haar naelvelletjies afkou. Hy kyk na Florence wat haar kouse regskuif.

“Julle almal, terselfdertyd?”

“Ons almal, terselfdertyd,” sê Vloog. “Dit was nodig.”

“Bietjie soos ’n ysbreker-aktiwiteit!” roep Jan.

“Wat is julle plan met die *Fantasy*?” vra Simon. Die palings dans in sy maag en die vrae in sy kop.

“Die *Fantasy* is die sleutel tot ’n nuwe nagmerrie wat ons wil verkoop,” sê Vloog.

“Wat is die nagmerrie?”

“’n Handelsmerk.”

“Watter handelsmerk?”

“Terreur.”

“Pty. Ltd!” lag Jan.

Terreur. Hy kyk na die beskimmelde groepie voor hom. Harold met sy bot humeur en papegaaiwoordeskat. Florence soos ’n marshmallow, moedersag. Helmar se padda-oë wat mens laat dink die Berlynse muur het dalk op hóm geval. Silikon-Sarah-Tracy, die jollie hotnot, Harley Jan en Valkenberg Vloog. Die Terreur-span. Hy kan nie sien dat dit enigiets anders as ’n genaaiery, geëetery en gehoograkery kan beteken nie. Met ander woorde die *Fantasy* gaan nie veel verander nie. Sarah-Tracy kom sit op Simon se skoot. Die luitenant salueer.

“Oe,” sê sy. “Dit lyk my jy verstaan, skat. Dat dit deesdae nie om brute krag gaan nie.”

Sy skuur oor sy organiese onderdeel. Lotte ken hout.

“Al wat mens kort is ’n bietjie hefboomaksie,” sê sy. “Ons verf die skip oor, tel passassiers op, en dan ontaard die reis in ’n kapingstragedie.”

“Check, m’lanie, ons slat die deals met die networks wat koop, die terrorists wat demand, én die governments wat betaal. What a lovely threesome!”

Sy beweeg bietjies heen en weer op sy skoot. O, Lotte ken hout. Maar hy moet by sy storie bly.

“Wat?”

“Kyk,” sê Jan, “dis doodeenvoudig. Ons vermom die skip, verkoop kaartjies vir ’n luukse reis in ’n ander land, en die skip word gekaap. Toevallig is daar ’n kameraman aan boord, en die regte vir die uitsending word verkoop. Ha.”

“Hoekom?” vra Simon. “Hoekom wil jy dit doen? Julle gaan by die eerste hawe

gearresteer word. Julle gaan nie die skip kan herregistreer nie. En as julle nie gevang word nie, gaan jy die res van jou lewe saam met hierdie spul op die *Fantasy* moet bly. Hoekom?"

"Miskien kan meneer Afrika ook saamkom en my gelukkig hou," sê Lotte koketterig op sy skoot, en hy voel die luitenant sy pistool oorhaal.

"Laat ek dit so stel, baby," sê sy. "In my … beroep, het mens 'n redelike kort rakleeftyd. And the cocks aren't getting smaller, or tastier."

Sy staan op, en kyk na die luitenant, wat reg is om uit die loopgraaf te storm met 'n verwoede oorlogskreet.

"Lookie lookie lookie," sê Harold.

Ou man. Wat gaan hy in elk geval werd wees?

"En hoekom doen jý dit, Harold?"

Harold tuur in die verte in.

"Daar was 'n tyd, lank, lank gelede. Of eintlik nie so lank gelede nie. Eintlik redelik onlangs. Toe ons projeksiemanne 'n trotse groep was, wat met sellotape en NT cutters ons ambag as 'n edel taak beoefen het. Maar op 'n dag het 'n man vir my kom vertel van 'n nuwe ding. 'n Nuwe orde, kan mens maar sê. En 'n donkerte het oor my gemoed getrek."

Simon skud sy kop.

"OK, so jy verstaan nie digital nie? Is dit wat jy probeer sê?"

Harold frons.

"Eh … ja."

"Jy wil nie wraak neem op Dennis se kaping van jou film *Atlantis* nie? Is analoogprojektors al wat jou lewe die moeite werd gemaak het?"

"Ek praat nie meer oor *Atlantis* nie. Van nou af is ek klaar met al daai. Van nou af vertel ek nie stories nie. Ek máák stories. Ek en my Florence."

Hy sit sy arm om Florence.

"Florence, hoekom doen jý dit? Hoekom kry julle nie 'n huisie by die see en word saam oud nie?"

“En wie gaan die lot se dishes doen?” vra sy ongeërg.

Die skottelgoed. Dis haar rede.

“En die seelug is vir my goed. Glo nog altyd so.”

Skottelgoed en die seelug. Sy kyk met liefde na al haar mal maatjies.

“En dan’s daar natuurlik nog my ou gewoontetjie ook. Die geld is ook nodig, jy weet.”

Sy vryf die binnekant van haar arm, en Simon let die eerste keer die naaldmerke op. Florence, ’n junkie?

“Gelukkig ondersteun my man my,” sê sy, met Harold se arm om haar skouers, “dis so belangrik om die ondersteuning van jou geliefdes te hê.”

Wel, daar’s één resep vir gesinsvreugde: skottelgoed, seelug, en heroïne. Hy kyk na Vloog, wat so kalm soos ’n kernbom in die Enola Gaye vir hom staar. Hy wil iemand skud en skud tot hulle saamstem dat die verstandsfeetjie deur ’n groot harige waansinsaap verkrag is. Hy wil hê Williams moet sy hand vashou en vir hom sê dat alles OK gaan wees. Maar die storie, die storie. Hy moenie nou momentum verloor nie. Hy draai na Helmar toe. Die bleek meganikus peuter aan Dennis se koffiemasjien.

“What about you, Helmar?”

Hy kyk om en Simon sien in sy oë desperate neurone met hul arms uitgestrek om hulp te vra.

“What?”

“Why are you going along with this?” vra Simon.

’n Gloeiwurm sluip deur sy oë.

“Oh, I see,” sê hy. “I mechanic, I go along to make ship go.”

Hy beduie met sy hand in die rondte, Simon neem aan dis dan die skroef wat draai. Terwyl hy dit doen, kan hy natuurlik nie praat nie.

“You see?” sê hy, met ’n stil hand.

Simon kan sien dat Vloog ’n dinamiese en spontane groep indiwidue gekies het om saam met hom die persiflagiese paradigmaskuif te maak. Is dit net wraak en geldsug

wat hulle dryf? Hy kyk na Jan. Jan lyk nie asof hy al ooit ŉ sent begeer het of ŉ wrok gekoester het nie. Hy het sy skoene uitgetrek, en smeer sy gebarste hakke in met kamferroom.

"Jan?" vra Simon.

"Heh?" kyk hy op.

"Hoekom is jy deel van hierdie, en ek vra om verskoning vir die woord, absoluut fokken belaglike plan?"

Hy vryf die room hard in sy hak in, en klap sy hande twee keer.

"Nee jong. Ek is net hier om ŉ groot ou middelvinger in al die Dennisse se holle te druk. En dit onder hulle neuse te vryf, en te sê 'Julle kak stink ook'."

Prys Boeddha. Iemand met ŉ plan. ŉ Fokken belaglike plan. ŉ Uit en uit onmoontlike plan. ŉ Arrogante en selfsugtige plan. Maar ten minste is hier een persoon wat weet hoekom hy hier is. Nie omdat hy dink hy gaan sakke vol geld maak nie. Nie omdat hy wil seelug inasem nie. Iemand wat weet wat hulle binnekort mislukte poging tot roem behels.

"Die ou wêreld het mos nie eintlike meer plek vir my soort nie," sê Jan.

Die ou man trek stadig sy sokkies aan. Simon hoor hoe die skurwe vel hak aan die katoenmateriaal. Jan weet wat die plan behels. En Jan het sy eie agenda. Hy hoes die ratelslange in sy bors los, en Simon besef: Jan het vir homself ŉ waardige dood beplan. Dit kan hy respekteer. Anders as die Harolds, die Cyrils, wat dink hulle is op pad na ŉ plesiervaart deur die Indiese Oseaan. Die absoluut fokken belaglike, onmoontlike plan. Simon sien hoe hulle hoërmiddelklas passassiertjies oplaai. Hulle tot in internasionale waters neem. Die hele gyselaarsdrama-show gooi. Gholfhempies vol bloed. Chinos vuil beskyt. Om mevrou aan haar perm te gryp en haar boontjies te voer tot sy voor haar vriende poep. En lospryse. Met ŉ AK in die een hand en ŉ videokamera in die ander kan mens omtrent enigiets kry, as mens mooi vra. Ha. Die absolute, fokken, belaglike, en bowenal onmoontlike plan.

&

Dag 7

“Pong, pong, pong, pong,” hoor Faye die klok slaan. Twaalf keer, tel sy terwyl sy deur die plek-plek grys hare op Hannes se borskas streel. Hy grom speel-speel, en sy kruip dieper onder sy skouer in. Dit ruik na nuwe sweet, lekker.

“Ai, my dier, it’s been too long,” sug hy. “Jy laat my nie weer vergeet nie, hoor?”

Sy byt sy vinger.

“Ek sal ’n bietjie die lingerie-laai moet oopmaak,” fluister sy, en voel hoe sy bors op en af gaan soos hy lag.

Die foon lui. Sy voel hoe Hannes ook skrik.

“Nou wie de fo.. de flip sal dit wees? Dié tyd van die aand?” sê hy.

“Los dit net,” sê sy en probeer hom weer rustig kry.

Maar dit lui en lui en lui. Seker twintig keer. En nes dit ophou, begin dit weer. Sy voel hoe Hannes wil opstaan. Sy stop hom.

“Ek sal kry, my ding.” Hy moet hom nie nou opwerk nie. Dit gaan nou so goed. Sy sukkel eers tot op die een knie voor sy opstaan. Wanneer laas het sy so poedelnaak in haar eie sitkamer gestaan? Sy tel die foon op.

“Hallo?” Sy probeer om nie te kwaad te klink nie.

“Gonnakind Faye kyk jy?”

Tiesie se stem is skril en haastig, amper soos daai keer toe hulle vir Steven Seagal in die Waterfront gesien het.

“Hoe nou?” vra sy.

“Is Hannes daar by jou?”

“Ja, hy’s hier.”

“Ek kom op, Faye. Ek kom gou op, OK?”

“Uhm … OK…,” knik Faye, sonder om te dink.

“Ek is nou daar. Hou vas,” sê Tiesie, en Faye hoor hoe sy neersit.

Hannes leun op sy een elmboog.

“Wat nou?”

Maar Faye antwoord nie. Sy kyk na die TV. Sy't nie eers gesien nie. Die klank was af. Sy wys na die screen, en Hannes kyk om.

"Magtie," sê Hannes.

"Magtie," sê Faye.

"Flippit," sê Hannes.

"Flippit," sê Faye.

Miskien is dit deel van die show of iets. Dit kan mos nie gebeur nie. Dis mos nou onmoontlik. Daar's 'n vent, een van daai vissermanne lyk dit. En hy't 'n groot terrorisgeweer in sy hande. En hy lyk ernstig. Faye gaan sit op die sofa, voel die kussings plak onder haar boude. Hannes sukkel met 'n kreun orent en kom sit langs haar.

"Wat sê Laetitia? Wat gaan aan?"

"Nee sy't niks gesê nie. Kom, kyk."

Hy staan op en sit die klank aan. Niks musiek nie, niks kommentators nie. Klink sommer kaal. Kaal klank. Net die vent wat gil:

"You who have not listened before, will hear now! Turn your gaze to us, CNN, BBC, ABC, ITV! No ad breaks! Non-stop action!"

Tok-tok, klop iemand aan die deur. Faye skrik. Sy't nie gedink Tiesie gaan so vinnig opkom nie! Sy bly nou wel net hier onder, maar gewoonlik stap sy darem 'n bietjie stadiger! Sy kyk vir Hannes, en hy kyk met groot oë vir haar.

"Haai, my ding. Nou's ons soos Adam en Eva in die tuin betrap!"

"Hannes!" fluister sy. "Dis nie nou tyd vir grappies nie!" Maar sy wil begin lag. "Trek aan jou klere!"

Sy gryp haar bloes en begin vir die vale vasknoop.

"Faye?" hoor sy Tiesie se stem by die deur, tok-tok.

"Nou daar, Ties!" skree sy. Maar ag nou't sy die knope verkeerd gekry. Sy trek sommer die rok 'n bietjie hoër op wat. Hannes staan op sy tone en trek sy gulp op. Gou-gou kyk sy of daar nie iets rondlê wat nie moet rondlê nie. Sy maak die deur oop. Tiesie is in 'n toestand.

“O heretjie Faye het jy gesien die arme mense en so voor die hele wêreld my aarde dis darem verskriklik nê?”

Sy’s in haar kamerjas, die gele, en sy stap sommer net so in en gaan sit.

“Wat is dit, Ties? Wat het gebeur?” vra Faye, en voel of haar bloes reg sit. Daar was nie tyd vir bra vasmaak nie.

Ties lyk teleurgesteld. Sy wil mos altyd slimmer wees en meer ingelig as almal. Sodat sy kan neerkyk op hulle. Ha, dink Faye.

“Die *Fantasy*, Faye,” sê sy ongeduldig. “Hy’s gehijack,” asof hulle agter ’n baie groot klip is. As jy maar weet wat ek aan die doen was, dink Faye. As jy maar geweet het.

“Moenie so staar nie, Hannes,” gaan Tiesie aan. “Kom sit, Faye. Ietsie soets, Hannes, asseblief. Vir die skok.”

Ties haal haar Dunhills uit haar kamerjas se sak. Faye sien hoe Hannes se oë blink agter Ties se blow-dry hare. Hy stap yskas toe.

“Ruik lekker hier,” sê Ties. “Julle hoender gehad?”

“Ja,” sê Faye. “Hannes het gebring. Lekker gewees.”

&

Dennis probeer ’n metodologie ontwerp om die situasie mee te benader. Hy staar na die swart-oranje geweefde mat waarop hy sit, kruisbeen en gesentreerd. Toe die gevegte uitbreek, het hy sy oë toegemaak en gefokus, gewag vir die een hand om hom te klap. Die aanvanklike paniek het weggespoel. Tentatief het hy die lewensvatbaarheid van ’n teenoffensief ondersoek. En ’n negatiewe resultaat verkry. Maar die waarskynlikheidsmatriks is konstant aan die verander. Hy moet sy oë oop hou. Die fundamentalistiese denkpatroon is vol kwesbaarhede.

“12.3,” hoor hy die outomaatstem in sy gehoorstuk. 12.3, halfeen op ’n Vrydagaand. Dit is ongehoord. Hy is besig om rekords te breek terwyl die bodem onder sy voete kantel en gly. Wel. Dis niks nuuts vir Dennis Devilliers nie. Maar hoe gaan hy die vloerplanke weer terugskuif, sodat hy kan dans?

Hy moet by Kristina uitkom. Sy het al weer van die kaart afgedwaal. Na daardie plek. Daar waar Dennis weet elke woord by haar ’n kaleidoskoop van betekenisse

genereer, waar enige sin wat logies aanmekaar gesit is lae wanbegrip oor haar amandeloë lê. Hy moet haar stilkry. Maar sy is heel voor, aan die ander kant van die klub, en die kapers staan al langs die muur van die klub langs. Dennis bespied die vertrek weer vlugtig. Daar is Huon heel voor, besig om naïewe frases uit te basuin: "cultural hegemony", "immoral globalisation". Hy het seker ŉ lughawe-sagteband vol kultuurdinamiese gekerm gelees. Wanneer sal hulle leer dat evolusie ŉ eenrigtingstraat is? En die twee weerskante van die verhoog, Tamagochi en Sunny. Naaste aan hom, ŉ paar treë na regs, staan Smith.

Hy weet nou dat Vloog op een of ander manier hierby betrokke moet wees. Al die aanduidings is daar. Maar Vloog is bysaak. Dennis het nie nou tyd vir emosie en hartseer nie. Woede kan handig raak, maar eers later. Hý moet by Kristina uitkom.

Hy skuifel stadig op sy hande tussen die mense deur. Selfs nóú glimlag hulle beleefd in die verbygaan. Dit is sý mense, en dit is goeie mensemateriaal. Maar teen hierdie tempo gaan hy eers môre-oggend by Kristina uitkom. Hy sal aan iets anders moet dink. Hy kyk vir Smith. Hy sal ŉ paadjie vorentoe deur sý klein harsings moet ontwerp. Die fundamentalistiese denkpatroon. Reaksionêr, oorhaastig, rigied. Hou dinge eenvoudig. Inset-uitset. Dit kan nie te moeilik wees nie. Hy wag tot Smith vir hom kyk. En komponeer sy mees sjarmante glimlag, die een wat hy eintlik wou hou vir die Besigheidsman van die Jaar-toekennings. Hy sien Smith se oë vernou. Dennis hou by sy gelaatskomposisie, en voeg ŉ goedkeurende knik van sy kop by. Dis genoeg vir Smith om te reken dat hy waarskynlik besig is met onderduimsheid, en die groot geel man beduie hy moet uitkom. Maar Dennis bly sit. Hy sit sy duim en voorvinger teen mekaar en beduie OK. Hy sien hoe die reaksionêre denkpatroon posvat. Smith stap met groot treë tussen die mense deur. Dennis wag. Dis onvermydelik. Smith gryp hom aan die hare en trek hom op. Hy sleep hom al met die lengte van die saal langs tot by die verhoog. Dennis sien die beleefde glimlagte benoud word soos hy verbysleep. Hy word neergegooi, voor Kristina, sy kopvel aan die brand. Sy sien hom nie, haar oë wyd oop. Sy vat-vat met haar hand, asof sy ŉ voëltjie probeer vang. Maar nou's hý hier. Dis nog nie verby nie, maar hy's hier, en hiervandaan kan hy begin werk. Hy hoor hoe Smith met Huon praat. Hy voel die skerp pyn soos hy weer aan die hare opgeruk word, en op die verhoog getel word. Hy's voorbereid, hy voel sy soepel ledemate uitwaaier soos hy deur Huon neergestamp word en op die verhoog val.

“You think this is a game!?” skree Huon. “You want to play with us?”

Dennis steier orent. Hy voel die warm gloed van die kolligte op sy gesig. Hy sal hulle wys. Die kamera, weet hy, is in die regterkantste hoek gemonteer. Hy stoot sy kakebeen uit en komponeer ’n forse blik. Cometh the hour, cometh the man.

Huon stamp hom weer en met een hand keer hy die grond wat nader kom. Hy voel ’n skop in sy maag, en hoor die outomaat se stem in sy oor: “12.3”. Hande gryp hom aan sy Armani-kraag en kalfleergordel. Hy word van die grond af gelig, en voel hoe hy swaai, weer swaai, en dan deur die lug trek. In verbyvlug sien hy Kristina tastend na ’n onsigbare voëltjie, mevrou Doumbé se hande langs ’n groot gillende mond, ’n stukkie swart en oranje mat wat voor hom oopmaak. Hy land op sy skouer. Gelukkig het hy vanoggend gestrek, en hy voel nie skade nie. Hy dink aan die elektromagnetiese golwe wat hierdie beeld alreeds dra deur die stratosfeer: Dennis op die grond, ’n ontroonde leier, met ’n bloedlose glimlag. Hy vryf sy kakebeen. Hy is heel. Alles is nog heel. Behalwe vir ’n paar some aan sy baadjie.

Kristina het nie eers geregistreer dat hy langs haar geland het nie. Dit lyk wel of sy die voëltjie gevang het, want sy het haar hande in mekaar gevou en druk hulle styf teen haar bors vas. Haar kop hang op haar skouers, ’n lang kwylstreep drup van haar onderlip af. Mushizo. Hy moet vir Mushizo opspoor. Adrenalien, glukose. Nou.

“Kristina!” fluister hy so hard as wat hy dink hy durf. Sy mompel, ’n ander taal. Of miskien net die klanke wat haar simpatiese stelsel vorm om die afsterwe van die parasimpatiese te betreur.

“Kristina!”

Sy reageer. Sy kyk skielik op, en val dan kant toe, stadig, soos ’n toring wat omtuimel. Hy sit haar kop op sy skoot. Wit skuim borrel uit haar mond uit, hy draai haar kop kant toe sodat sy nie verstik nie. Haar lyf begin ruk, stuipagtige konvulsies. Mushizo! Hy vervloek vir Vloog, hy vervloek vir Mushizo. Hy vervloek vir Cyril en Huon en Smith en Taky, en al hierdie name wat seker nie meer bestaan nie, wat seker nooit bestaan het nie. Hy kyk op na die groot, helder kollig, en bid vir sy interdenominatiewe God.

&

Sy’s in die stort. Sy’s alleen by die huis, haar ma by tennis, haar pa nog by die skool.

Dis die klank van druppels teen haar kopvel, strome warm oor haar slape. ’n Bakkie wat stop buite op die yard. Wit bakkie, sien sy deur die patroon van die badkamervenster. Oom Pedrie se Isuzu, seker.

Klanke in die huis. Die sifdeur wat toeslaan. Die TV wat aangaan, en weer afgaan. Stilte.

Sy spoel die seep uit haar hare, terwyl sy sing, “A yellow submarine, a yellow submarine, we all live in a yellow submarine”. Sy wonder wanneer sy hare daar onder gaan kry. Sy trek die stortgordyn oop om haar handdoek te kry. Oom Pedrie op die badkamervloer. Hy kniel. Hy haal snaaks asem. En op die grond voor hom, die drup-drup grys slymsel uit sy penis. Sy spring terug. Terug in die stort in. Nee! Sy spring vorentoe, sy weet sy moet uitkom en wegkom. Sy gly op iets, miskien dieselfde slymsel, sy weet nie, sy vee haar voet af aan die langhaarmat in die sitkamer en na die kombuis en iewers agter haar roep oom Pedrie maar sy is uit by die kombuisdeur met haar handdoek om haar lyf gedraai en sy hardloop uit oor die jaart en voel ’n duwweltjie in haar voet insteek en moet eers stop om dit uit te haal voor sy verder gaan, versigtig nou, op met die heuweltjie en oor, daar, na die dam toe, en sy hardloop om en agtertoe na die klein geheime dam, eintlik net ’n poeletjie, maar helderder water wat stil en stadig deurbeweeg na ’n laer plek in die stroom.

Sy stap tot in die middel van die geheime dam. Sy kyk af na haar gesig in die water. Kindergesig. Met ’n bolip wat kan optrek, in ’n gryns- of glimlag.

&

Faye voel Hannes se hand skelm, agter Ties se kop verby, haar nek vryf. Hy streel al onder die haarlyn langs, saggies.

“Jirre Faye, kyk daar!” krys Ties. “Hulle gaan daai mense almal vrekskiet! Hulle gee nie ’n moer om nie!”

Faye kyk hoe Ties trek aan haar Dunhill, sy trek hard in, asof sy die hele sigaret met een trek wil oprook. Een of ander tyd gaan daai sigarette vir haar begin rook, dink Faye.

“Wat gaan nou daar aan?” vra Ties, en Faye voel Hannes se hand agter haar oor. Hy moet oppas! Ties gaan nou voel hoe sy arm agter haar kop verbywurm!

“Faye? Wat gaan daar aan?”

Sy kyk na die screen. Twee kapers staan op die verhoog met twee groot swartsakke.

“Attention please!” skree die hoofman. “We have been requested to allow you to move around a bit. So, we will let you move around. Can the aerobics instructors please come forward?”

Die twee met die swartsakke haal helderkleurige blink klere uit. Pienk, groen, geel. Lyk na Lycra of iets. Hulle lag en gooi klere oor die mense uit. Die mense wil dit nie vat nie, maar hulle skiet hulle gewere da-da-da oor hulle koppe en die mense begin dit vat. Nog da-da-da en die mense begin hulle klere uittrek. Wat ’n potsierlike spul lyk hulle nie in hulle snaakse onderklere nie. Party het rooi kantgoed aan, party dra oupa-onderbroeke. En die mae hang, en party van die vrouens het nie eers bra’s aan nie! Haai, dink Faye, ék het nie eers ’n bra aan nie!

“Tsk, tsk, tsk,” sê Ties.

Daar’s nou drie voor, twee mans en een vrou. Die een man het ’n afgeskeerde kop en bolletjiespiere. En die vrou het sulke groot hare.

“All right! Crunch time!” skree die hoofman, en buig vooroor soos hy lag. “Crunc-time!” skree hy weer, “Move!”

Hy druk sy geweer in die voorste drie se gesigte. Hulle kyk vir mekaar en begin hulle arms oplig, en hulle bene uitbeweeg, spring-spring.

“Star jumps!” skree die hoofman, “Excellent!”

Die ander mense lyk of hulle nie weet wat om te doen nie.

“Come on!” skree die hoofman, “Are your bodies not beautiful! Give me more!”

Daar’s weer ’n da-da-da, en die mense begin beweeg.

“More more more!” skree die hoofman.

Hannes se hand kielie haar, klein krieweltjies draf langs haar rug. Sy kan nie uithou nie, sy moet bietjie nader skuif. Net so dat Ties niks agterkom nie. So bietjie, dat Hannes beter kan bykom...

Dis ’n groot fout. Sy skuif teen Ties se skouer. Ties draai om en skuur teen Hannes se arm vas.

“Hannes du Toit wat de donner dink jy doen jy hier agter my kop? Faye?”

Hannes trek sy arm terug en Faye weet nie wat om te sê nie.

“Ek...”

Ties frons skerp tussen haar geplukte wenkbroue.

“Die hele wêreld is aan die vergaan, die donnerse terroriste is op ons en julle sit hier en kafoefel soos skoolkinders! Nee my magtig Faye ek het darem ’n bietjie beter van julle verwag! Hoe … disrespekvol!”

Sy draai om na Hannes toe.

“En jy, Hannes, jy try my al lank. Ek het dit gedink die eerste keer toe ek vir jou ontmoet: daai Hannes du Toit, hy’s ’n kansvatter!”

“Ties...” probeer Faye keer.

“Nee niks se ge-Ties nie. Julle ontstel my, magtag. Is dit nie vir julle erg wat hier aangaan nie?”

Faye kan sien Hannes wil iets sê. Hy moenie iets sê nie. As daar ’n voet en ’n mond iewers in dieselfde kamer is, sal Hannes die twee by mekaar uitkry. Hy moet eerder stilbly.

“Ek het eintlik gedink dis nogal snaaks,” sê Hannes. Faye sug.

“Snaaks!?” skree Ties. “Jy’t gedink dis nogals snaaks! Dis nie grappies dié nie, Hannes, dis die werklikheid. Dis hoekom hulle dit Reality TV noem!”

Faye wil net hê hy moet weer met sy hand agter haar nek speel. Sy wil nie stry nie, Ties kan maar reg wees. Sy wil net jammer sê sodat hulle weer kan stilsit.

“Hy bedoel dit nie so nie, Ties. Hannes, sê jy bedoel dit nie so nie.”

Sy sien hoe sy donkieglimlag verdwyn. Hy kyk stug vir Ties.

“Jy’s reg, Ties. Ek’s jammer. Ek het dit nie bedoel nie. Dis verskriklik.”

Ties blaas haar rook kwaad uit, so asof dit nou nie genoeg is nie!

“Kan ek vir jou nog ’n dop gooi, Laetitia?” vra Hannes.

Ties gee haar glas vir hom aan. Sy’s seker reg. Dit ís verskriklik. As Vloog maar daar was. Hý sou al die moeilikheid vinnig uitsorteer.

“Kom help gou in die kombuis, my ding,” sê Hannes terwyl hy opstaan.

“Brandewyn en Coke, nê Hannes,” sê Ties. “Jy dryf my daartoe.”

Partymaal kan Ties te veel wees. Maar Faye kan nie eintlik iets sê nie. Ties het haar al baie gehelp, met geld, en met haar broer wat onderwyser by Roland se skool is en so. Ties is ’n goeie vriendin. Dis net partymaal. Nou is sy darem weer rustig, en sy kyk hoe die mense oefen daar op die skip. Elke nou en dan is daar weer ’n da-da-da. Faye haal die ys uit terwyl Hannes die brandewyn gooi. Sy ruik hy’t sy Brut aangesit. Seker toe hy toilet toe was nou-nou. Klinks-klinks die ysblokkies in die glas. Sy skrik toe sy die hand op haar boud voel. Hannes knyp haar so saggies, en sy druk haar elmboog teen sy ribbes. Sy sien hoe hy glimlag onder sy snor.

“En niks se ge-Coke light nie hoor Faye. Ek soek regte Coke,” sê Ties.

Die Coke. Ag nee die Coke is amper op. Sy’t nog vergeet om te koop. Vanoggend toe sy loop dief speel het. Hannes soen haar skelm in die nek, sy moet op haar onderlip byt om stil te bly. Ai. Sy sal maar gou all-night toe moet gaan. Sy kan nie help om te dink aan Hannes se duif nie. Sy wil nie haar nessie verlaat nie, maar sy sal maar moet. Sy wil mos so winkeldief speel. Dis haar skuld dat daar nie Coke is nie. Maar dis OK. Miskien, wanneer sy terugkom, sal hulle vir haar sê “Dankie, duif.”

&

“Eerlikwaar, dis die kakste plan waarvan ek nog ooit gehoor het,” sê Simon. Hy’s ’n muskiet, hy tart en tart tot een van hulle ’n hand lig en hom probeer klap. Dis die Simon van ouds dié, dink hy. En al klink hulle plan heel lekker, al sou hy ook graag halssnoere wou ryg met Pasella-aanbieders se voortande, bedoel hy dit. ’n Skip soos die *Fantasy* kan nie verdwyn nie. Hulle droom van ’n toekoms vol dollars en diamante. Cyril sien homself in ’n Maserati op ’n tropiese eiland. Simon sien vir Cyril gesodomiseer in Pollsmoor. Elke dag vir die res van sy lewe.

“En Vloog, jy’t terapie nodig. Miskien ’n bietjie skokterapie.”

Simon weet daar is net een rede waarom hy so kan praat met die mal troppie voor hom. Die kamera. Hy het nog nooit iemand ontmoet wat nie sy beste wil gee vir ’n kamera nie. Die skaapboer op Sutherland, die kwart-ton oorgewig huisgebonde man. Almal probeer op hulle eie verwronge manier goed lyk. Iemand sal die plan probeer verdedig. Hy hoop dis Vloog wat antwoord.

“Of hoe reken jy, Vloog? Jy gaan nie jousélf gaan vind op ’n plesierboot saam met ’n porno-ster nie.”

“Goddank,” sê Vloog. “Dis wat ek gehoop het.” Hy kom sit voor Simon op die punt van die bed.

“Dis wat jy gehoop het?”

“Die laaste ding waarna ek op soek is, is myself. Dit het ek, om die waarheid, te sê, jare gelede gevind. Ék soek ’n nuwe self.”

“Jare gelede?”

“Toe ek in die vloot was. My pa het gesê die dissipline sal my karakter gee, sal my ’n man maak. Hy was reg. Na tien jaar was ek seker ek’s ’n man: ek het karakter gehad, ek was reg vir die groot stryd teen die bose rooi hand van die kommunisme.”

“En toe?”

Vloog kyk verby die kamera. Hy is besig om te huiwer, dink Simon. Hy weet nie of hy moet vertel nie. Simon los die aas ongesteurd voor sy neus: kyk, vissie, dis rooi en lekker bloederig. Vat ’n happie. Vloog lyk asof hy ’n ou herinnering opdiep.

“Ek was op ’n sending, om mediese toerusting af te laai, net anderkant die Angolese grens. Ons het in ’n rubberduck die rivier op gevaar. Ons het Rodriguez geluister en brandewyn gedrink.”

Sluk, vissie, sluk.

“Ek weet nie waar of wanneer nie, maar ons moes iewers ons koers verloor het. Verkeerde vertakking van die rivier, ek weet nie. Ek het iets gesien wat ek nooit sal, of wil, vergeet nie. Die ware gesig van die wêreld wat jy so liefhet, Simon.”

Simon lag.

“Die wêreld wat ek so liefhet. Toe nou, Vloog. Dit klink darem ’n bietjie baie soos ’n sekere fliek, Vloog.”

“Deesdae klink alles soos ’n sekere fliek, Simon. Het jy nie agtergekom nie? Colonel Kurtz se poes. Hy kon nie aanpas by veranderende omstandighede nie. Wil jy hê ek moet voortgaan?”

“Asseblief.”

“Dit was teen die einde van die oorlog. Jy sou nog nie gehoor het van die Duiker-bataljon nie.”

“Nee. Was jy ’n lid?”

“Nee. Ons het in die nag opgevaar, ek en twee ander, Ruan en Clive. Die boot vol kratte gestapel. Soos ek gesê het, iewers moes ons verdwaal het. Toe ons weer sien maak die kaart nie meer sin nie. Maar ons reken toe ons gaan maar aan, miskien is dit net ’n sytak. Ek het onrustig geraak toe die paddas stil word. Al die paddas. En daar was baie paddas. Maar ons vaar aan. Tot ons, saam met die sonsopkoms, die skote begin hoor. Die gewere het ek onmiddellik herken. Daaraan was daar niks vreemd nie. NTW-20’s. Skerpskutters. Wat vreemd was, was die hoeveelheid skote. Daar moes ten minste ’n honderd skerpskutters iewers op die berge gewees het. En heen en weer het die skote geklink. Soos popcorn. Sien, Simon, skerpskutters werk nie in groot groepe nie. Die verrassingselement gaan verlore. Skerpskutters werk saam met ander eenhede. Ons het die boot onder ’n groot bos in gestuur, en weggekruip. Jy sal my nie glo nie, maar dit het seker ’n uur lank aangehou. Skerpskutters. Wat ’n uur lank onophoudelik skiet. Waarom?”

Die vis het gebyt en Simon is nie meer seker of hy hom uit die water wil trek nie. Maar hy beduie Vloog moet aangaan.

“Dit sou ek eers later uitvind. Die son het opgekom. En die skote het opgehou. Asof ’n dirigent sy stokkie laat sak het, almal saam. Ons kon nie besluit wat om te doen nie. Moet ons aanhou rivier-op vaar, of terugdraai? Maar ons sou nooit die besluit hoef te neem nie. Want iets het na ons toe aangedobber gekom. Nie iets nie. Iemand. ’n Lyk. Ek het dit met ’n stok gekeer, en nadergesleep. Dit was ’n soldaat. ’n Swart Suid-Afrikaanse soldaat. ‘Duiker-bataljon’ het op sy skouer gestaan.”

Vloog se stem bly kalm, al op die een toonhoogte.

“En daar het ons gesit met ’n boot vol mediese toerusting, en ’n mediese offisier. Ons het besluit om aan land te gaan, te probeer uitvind wat gebeur het. Miskien help. Ruan het agtergebly.”

Simon kyk na die groep wat Vloog byeengebring het. Harold en Florence sit voor die TV, Simon sien helder uitrustings op en af beweeg. Interessant, maar hy sal na die heruitsending kyk. Hy kan vir Jan in die badkamer hoor krap, ’n opgewonde uitroep elke nou en dan. Hy wil nie ’n prentjie daarby sien nie. Sarah-Tracy en

Helmar hang by Cyril se venster uit en rook. En Cyril het Dennis se gholfmat uitgerol en slaan keer op keer met ŉ gevloek die gaatjie mis.

“Dit was so honderd meter die land in voor ons die volgende lyk gekry het. Selfde storie. Swart soldaat, Duiker-bataljon. Ek onthou ek was bang dat die skerpskutters nog daar sou wees. Ons was oop teikens vir enigiemand op die heuwels. Maar daar was niemand nie. Niemand behalwe die 93 lyke wat ons daardie oggend getel het nie.”

“Dit was oorlog. Mans sterf,” sê Simon.

Vloog skud sy kop.

“Jy verstaan nie. Dit was Suid-Afrikaanse soldate. Die Angolese en Kubane het nooit die NTW-20 gebruik nie.”

“So?”

“Met ander woorde ŉ bataljon Suid-Afrikaanse soldate is deur Suid-Afrikaanse skerpskutters doodgeskiet.”

“Hoekom?”

Vloog glimlag wrang.

“Ek het onmiddellik geweet, maar eers later bevestiging gekry. Duiker-bataljon was ŉ nuwe groep swart recce’s. Hulle’t pas hul opleiding voltooi toe die oorlog op sy einde was.”

“En honderd swart recce’s sonder ŉ oorlog is nie ŉ goeie idee in ŉ noodtoestand nie,” sê Simon.

Vloog knik.

“Wat het jy gedoen?” vra Simon.

Hy staan op, en vroetel met sy hande in sy hare.

“Wel, hulle’t my laer af in die rivier gekry, in die rubberboot. My liggaam stokstyf. Hulle sê ek het twee keer van die draagbaar afgeval op pad veldhospitaal toe. Ek weet nie wat van Ruan en Clive geword het nie. Later het ek die storie nagevors. Dit was nie maklik nie.”

Die vis is uit. Maar hy moet skoongemaak word, sy maag oopgesny word en sy

skubbe afgekrap word. Simon sien homself sy mes uithaal om die derms uit te skraap.

“Wat bedoel jy jy het jousélf daar gesien?” vra hy.

Vloog kom sit weer op die stoel voor hom. Hy lyk ongemaklik, senuweeagtig. Hy wys twee vingers. Sy stem beweeg op en af deur verskillende registers.

“Ek onthou twee heeltemal verskillende gewaarwordinge van daardie oggend. Aan die een kant het ek yskoud en naar gevoel met al daardie lyke om my. Ek het gevoel hoe my vleis om my geraamte styftrek en kramp.”

Hy skud sy kop.

“Maar aan die ander kant... en dit is die kant wat my régtig naar gemaak het ... die ander kant van myself het daarna gekyk, en ... en dit het vir my sín gemaak. Verstaan jy, Simon? Dit het vir my lógies voorgekom. Die béste oplossing, gegewe die situasie. Ek het ’n fok gevoel vir P.W. se agenda of die redding van siek wit Suid-Afrika. Soos ’n ingenieur wat ’n kernbom bou, het die prosés my gefassineer. Miskien is die uiteinde vrede, miskien massamoord. Maar hier was die skroewe waaraan ons wêreld vasgemaak was. En dit was ongelooflik om dit te sien. Nie in ’n koerantopskrif, in ’n dokumentêre program nie. Daar, in die 93 lyke. Wat niemand ooit weer sou sien nie.”

Sy stemtoon en gesig word weer plat.

“Ek was jare lank daarna in ’n inrigting. Nie as gevolg van die eerste gewaarwording nie. As gevolg van die tweede. Ek het gekots en gekots en gekots in my sel, met die wete dat ek iets van daardie oggend, van die nag wat dit voorafgegaan het, baie goed verstaan het. Ek het besef dat geskiedenis gemaak is, daardie nag in daardie vallei. Geskiedenis wat niemand ooit sal ken nie. Geskiedenis wat ver bo rassisme en die bekende ou gruwels van apartheid uitstaan. Geskiedenis wat buite Suid-Afrika en die twintigste eeu staan. Die versteekte geskiedenis, wat geheel en al buite reg of verkeerd staan. Geskiedenis wat net die dooies en God ken. En ek het besef dat die ratte van die wêreld op sulke geskiedenisse draai. En: dat ek wil deel hê daaraan.”

Simon kyk na Williams langs hom. Die kameraliggie flits rooi.

&

Die albatros stap die gange van die *Fantasy* binne. Sy stap oor die sagte matte al

agter die hitte van die menselywe aan. Sy sien blink skerwe tussen haar kloue. Bo is daar ʼn gat in die groot venster, en daarbinne, kan sy voel, is die lywe. Sy flap haarself op, en vou haar vlerke agtertoe om deur die gat te kom. A, die menselywe. Sy voel hulle asems, sy spring uit en sweef op die warm strome wat uit al die stelle longe kom. Sy sweef deur ʼn groot straal lig, en sien haar skaduwee oor die ander kant, oor ʼn hoë deel van die mensgrot, waar een van hulle staan en lag.

&

Sy het ophou ruk, maar haar lippe bewe nog steeds. Dennis probeer ʼn patroon in haar mompelings ontsyfer, maar hy maak nie vordering nie. Sy ruk elke drie minute haar kop heen en weer, en klem haar kake opmekaar. Die rukbewegings is gemoduleer deur ʼn al sterkerwordende gehyg. Maar al wat hy kan doen, is toekyk.

Om hulle doen die gaste steeds hulle gedwonge stersprongе. Die klere, lyk dit vir hom, is uit *You Should*, die gimnasium, gesteel. Dennis wil protesteer, daar is ou mense, siek mense. Dis lewensgevaarlik! Maar die hele *Fantasy* is op die oomblik lewensgevaarlik. Huon en sy makkers staan voor op die verhoog en lag. Hulle sal sien. Dennis Devilliers sal sy wraak neem.

"Dennis! Dennis! Are you there?" ʼn Stem in sy oorstuk. Judith. Uiteindelik besef sy dat sy met hom kan praat! Hy kan nie antwoord nie, maar ten minste kan sy vir hom waardevolle inligting gee. Die eerste stap.

"Dennis, I don't know if you can hear me, but we're immensely concerned. We've spoken with the police commissioner, and he advises you keep as calm as possible. These hijackers could be suicidal types. Don't try to do anything. Help will arrive. Help will... Fuck, Dennis. We have a crack team working on everything from negotiations to intel. But they're all useless. I ... don't want to alarm you."

Hy't haar nog nooit so hoor praat nie. Hy stel nie mense aan wat onder druk vou nie.

"Fuck Dennis, they haven't come up with anything. We have no way to communicate with the hijackers, and we've been through intelligence, the prisons, we've gone straight to the top. We can't find this Anlai Kli-Ploht. It might just be ... well, a mistake."

ʼn Fout. As hy kon, sou hy haar onmiddellik ontslaan het. Nie net vir haar nie. Almal. Sekuriteit, tegnies, post-produksie. Een groot groep voor sy

stinkhoutlessenaar, “Jammer om julle in te lig, maar julle is almal nutteloos.” Dennis Devilliers, aangerand en verneder, ter wille van ’n fout!

“14.8,” sê die outomaat se stem bo-oor Judith s’n.

“Dennis, we’re sending in troops. They’ll be there in an hour. Good luck, God be with you all. I’ll keep you posted.”

Hy hoor hoe Judith snik. Pateties. Hy sal haar laat loop as hulle terugkom. Wánneer hulle terugkom. Berei julleself voor, parasiete. Dennis Devilliers se mag strek oor die oseaan en oor die hele land. Berei julleself voor, klein garingdraadjies in die vuur van Dennis se invloed. Berei julleself voor vir die teen-offensief.

&

Sy sit haar hand op die oppervlak en ’n golfie trek wyer en wyer oor die water. Dit tref die rand en flits weg. Sy hoor oom Pedrie hyg, maar sy sien die gesig van ’n sielkundige. Die laerskoolsielkundige, meneer Weyers. Hy staar met ’n nat voorkop vir haar, en knik, terwyl sy praat en praat oor netbal en Hello Kitty. Hy flits weg. Die golf bons terug van die rand en tref haar maag. Sy sien dit, maar sy voel dit nie.

Sy druk haar hand weer in die poel, en sien die golwing uitbeweeg. Dit flits weg en sy sien ’n dosent wat senuweeagtig sy papiere heen en weer skuif. Sy sien ’n sekretaresse wat haar op en af kyk. Sy sien ’n vriendin, sy ken nie die naam nie maar die gesig is oorbekend, sy sien die vriendin se hand uitstrek en haar wegstamp. Dit flits weg en sy sien die golf terugkeer van die rand. Dit tref haar onder die naeltjie. Sy sien dit, maar kan dit nie voel nie.

Sy sit haar hand op die water en die kring beweeg uit. Dit flits weg en sy is by die begrafnis, haar pa, en sy sien die kis afsak in die grond in en sy vóél vir die eerste keer. En sy voel so what. Dit flits weg en sy is in die poel. Die kringgolf keer terug en tref haar teen die dy. Sy sien dit, al kan sy dit nie voel nie.

Sy sit haar hand op die water en sien die golfie uitbeweeg. Die poel se oppervlak is nie meer glad nie. Duisende rimpeltjies lê oor die water, wat nou al by haar knieë lê, en sy weet nie of dit die water is wat laer is of sy wat langer is nie. Sy kyk af na die oppervlak en sien ’n geplooide spieëlbeeld. Sy skrik, sy skrik haarself amper uit die droom uit maar sy weet sy wil nog hier bly. Om haar is dit die blouste lug, dis die plaas, dis hulle huis. Hoekom het sy nou plooie? Is dit net die water? Uit die huis

trek ’n ou wysie wat sy ken, Yellow Submarine. Die oppervlak van die water word rustiger. Die water sak af tot by haar enkels. Dit word spieëlglad. Sy kyk af, en sien met agtergrond van klippe en paddas die hoë wangbene en geplukte wenkbroue van ’n volwasse vrou. Sy sien haarself.

Sy wag om wakker te word. Die droom eindig altyd hier. Die detail tussenin verander, maar die einde is altyd dieselfde. Sy hoor ’n stem in die huis, en kyk op. Sy stap deur die vlak water en uit tot op die kleigrond. Sy droom verder. Die klippe is nuut onder haar voete, sy voel onseker die eerste keer die hitte van die grond aan haar voetsole.

Kristina stap af na die huis toe. Die wit bakkie staan nog daar. Oom Pedrie. En langs die bakkie die BMW. Pa se blou BMW. Sy stap in by die kombuisdeur, en hoor hulle stemme iewers in die huis. Deur die kort gang stap sy tot in die woonkamer en los bruin modderstrepe orals agter haar. Daar sit hulle, met biere. Broers.

“Hallo sussie,” glimlag haar pa en beduie sy moet kom sit. In haar oom se senuweeagtige glimlag, in die draadjie speeksel tussen sy voorste tand en sy onderlip, lê haar besluit. Sy voel sy moet weghardloop. Sy weet sy kan, dit sal als OK wees. Maar sy weet, die draadjie speeksel sê vir haar: sy moet op haar oom se skoot gaan sit soos ’n goeie niggie, en hom vir ewig vernietig, sy kop om homself draai tot hy verward eendag alleen op ’n droogteplaas sit en drink met vrou en kinders lankal vort. Maar dit weet sy, én sy weet dit nie. Sy is terselfdertyd daar, en iewers in die toekoms. Die weet lê iewers buite haar, iewers voor haar. Sy voel haarself op ’n ou wipplank staan. Aan die een kant ’n toekoms vol trane, vol bitter onsekerheid, vol jarelange hofmaakperiodes, vertrouensverhoudings. En die ander kant. Die ander moontlikheid. ’n Akkedissie wat elke oggend sy stert afskud. Maar nou, hier op die knoop van die toekoms en verlede, val die wipplank om en roes onmiddellik. Hier is ’n nuwe keuse.

Sy gaan sit op haar oom se skoot en sit haar arm om sy nek. Soos ’n seuntjie word hy skaam. Simpel klein seuntjie met simpel plannetjies tot op sy oudag. Sy kyk in die gang se spieël, en besef weer dat sy volwasse is. Dat sy Kristina met die waterpokkie-litteken op die linkerslaap is, op haar oom se skoot. Sy kyk af en sien haarself in die swart trourok, sy pluk aan die swart rosies. Sy sien die sweetdruppels wat versamel in die wit valleitjies tussen die rooi op haar oom se voorkop, sy kry die

reuk van bier, sy voel sy hand op haar skoot. Sy werk ’n spoegsel in haar keel op, versamel dit op haar tong, en sien haar oom se klein ogies bang raak. Sy spoeg dit teen sy voorkop vas, en sien hoe dit begin afloop oor die valleitjies. Sy laat haar kop agteroor val en lag.

In die droom het sy nog nooit gelag nie. Die droom red haar uit, uit die nagmerrie uit, sy voel haarself verskuif, asof haar lyf die linkerskoen vir die regtervoet van haar siel was, en sy hulle uiteindelik omgeruil het. Soos in ’n pelsjas in voel sy haarself inwikkel in ’n ander bestaan.

Sy word wakker, haar ooglede dik papajaskille wat nie wil oopvou nie. Sy weet iets is anders. Dit voel asof sy voorheen net kleure gesien het. En nou is daar vorms ook. Fyn lyne van tekstuur asof die wêreld skielik buitelyne bygekry het. Sy voel doodnugter. Sy kyk op in Dennis se nekvelle vas. Dennis se nekvelle wat al slapper word. Dennis wat al ouer word. Dennis wat nou afkyk na haar toe, en besorgd lyk. Hy glimlag en streel haar voorkop. Sy gril. Hy moenie. Hy moenie nou aan haar vat nie. Sy sien sy mond naderkom. Sy spieëlglimlag, die geoefende een. Hy wil haar soen, hy wil haar op die voorkop soen. Nee. Nee hy kan nie dit nou doen nie. Sy druk haar hand onder sy ken, en stoot hom weg. Sy proe iets bitters in haar mond, en voel met bewende vingers die hardgeworde slymstrepe oor haar lippe.

“And now for Pilates!” hoor sy iemand skree, terwyl sy haar arm oor haar oë hou. Sy kan nie vir Dennis sien nie. Sy dink aan sy skouers, aan sy kuite, aan sy perfekte piel. Sy gril. Nie nou nie nie nou nie nie nou nie.

Sy staan op, en sien ’n klomp groot blou balle bons tussen die mense deur. Iemand skree. Dennis sit kruisbeen op die vloer. Hy steek sy hand uit en probeer hare gryp.

Nee.

“Los!” skree sy. Hy probeer haar aan haar rok aftrek.

“Los!” skree sy. Sy ruk sy hand af van haar rok af, en voel haarself haastig wegstap van hom af. Waarheen? Waarheen kan sy gaan? Die mense lê almal op die blou balle en die vissermanne skree en lag. Maar die verhoog is leeg. Daar’s niemand op die verhoog nie. Waar is Huon dan?

KA-KA-KA-KA-KA, hoor sy. Sy sien vir Huon. Hy en een van sy maatjies mik na ’n groot voël, en skiet. Die voël sit doodstil agter op ’n kandelaar, en hulle skiet mis.

Maar die verhoog. Die verhoog is leeg. Sy kan daarlangs uit! Dennis staan op en begin praat, iets van "skat" en "sit" en dit en dat maar sy wil nie hoor nie. Sy wil uitgaan, en iewers alleen sit en sit en dink en dink tot sy weer weet hoe haar boude in haar rok pas. Sy spring op die verhoog. KA-KA-KA-KA-KA hoor sy Huon-hulle skiet. Die verhoog is glad van die olie. Sy glip haar skoene af en hardloop-ski-hardloop-ski tot in die wings. KA-KA-KA-KA-KA-KA-KA hoor sy skiet hulle nog daarbinne. Hier is dit skaduwees en koelte en sagte gordyne. Backstage. Sy voel die opgewonde fladderinge van universiteitsproduksies, adrenalien wat pomp en sy wat soos ŉ gejagte bokkie haar woorde probeer onthou. Maar sy hoor ŉ slag agter haar. Iets het geval. Het sy iets gestamp? Nee. Sy kyk om. Dennis. Op die verhoog. Hy't ... het hulle hom geskiet? Nee, nee, hy staan op. Hy't gegly. Sy wit pak is een kant swart van die olie. Hy lig sy hande op. Sy hoor iemand by die trappe ophardloop. Hulle's agter haar aan, hulle almal! Sy moet wegkom. Sy hardloop by die verhoogdeur uit en al langs die kleedkamers. Oor die teëlvloere, tot sy weer mat onder haar sole voel. Sy hardloop op met die trappe, al boontoe. Die hele skip is leeg.

Buite is dit ŉ stil stil nag. ŉ Groot wit maan sterdruppeltjies op die horison en ŉ geslosj van die see. Sy kyk af na die geslosj. Doflyne spring oor die wit golfies wat die boot maak.

Nog boontoe wil sy gaan. Al die pad op. Sy tel haar rokspante op en draf, verby Dennis se motorfiets, op met die trappe tot by 360. Klam lug vou om haar skouers en sy vryf die vel maar dis gevoelloos, dood. Daar's ŉ warm urn op die kroegtoonbank wat sy kan omhels. Sy vou haar arms om die blink rondheid en voel haar are begin klop. Kom terug vriendelike bloed kom al deur my kop en my hart en my lyf en my lende. Sy haal asem en haar hart klop en klop en sy weet alles gaan anders wees van nou af. Sy's nie seker hoe nie, maar dit gaan anders wees.

Gelukkig het sy haar koki in haar bra ingedruk, anders was sy nou in die moeilikheid. Maar die notaboekie. Die notaboekie lê onder in haar handsak. Fok.

Sy skryf op haar linkerhand, klein oormekaardeurmekaarletters:



Sy maak Chai tea en gaan sit met haar kaal voete al hangende voor oor die kant van 360. Die beker warm tussen haar hande, en sy sluk versigtig bietjies hitte in haar lyf in. Sy wil die hele wêreld in haar in sluk. Die dolfyne die seeskuim die liggies van dorpies doer op die horison daar voor. Sy wil alles alles hier in haar hartjie hê.

Sy wonder watter dorpie dit is daar voor. Voor die voorkant van die skip. Net ’n paar liggies. Dit moet ’n klein plekkie wees, dalk Koffiebaai o die Transkei en mushrooms en krewe en warm warm water. Of dalk Scottburgh.

Snaaks, dink sy. Die dorpe se liggies was altyd aan die kant van die skip. Aan die linkerkant. Hoekom is dit dan nou dáár voor?

&

"Ek het uitgevind dat daardie vallei later die dag so gebombardeer is dat daar so te sê niks van oorgebly het nie."

Simon sien hoe Vloog se goeie oog afkyk. Terwyl hulle nou so hartsgeheime deel, kan hy seker maar vra.

"Wat het met jou oog gebeur, Vloog?"

Die goeie oog vernou, en kyk hom verwoed aan.

"Ek het genoeg gepraat, Simon."

Hy moes nie gevra het nie. Vloog staan op en stap badkamer toe. Hy sluit die deur agter hom. Jan, sittend op die voetenent van die bed, steek sy pyp op:

"Man praat nie alte graag oor die dinge wat hy homself aangedoen het nie. Soos 'n gebroke huis, jy weet. Mens glimlag maar vir die familiefoto's."

Simon wil weet hoe Vloog ooit uit die inrigting ontslaan is. Hoe hy skeepskaptein geword het. Dennis moes iets daarmee uit te waai gehad het.

"Sê jy nou vir my, Simon, dat jy nie ons organisasie se portefeulje interessant vind nie," pols Jan.

Simon skud sy kop.

"Ek is nie 'n moordenaar nie."

Die hees ratelslang is al weer aan die dans. Jan knipoog vir hom.

"Hel, dink jy ek is? Dink jy hierdie ou hande kan 'n man verwurg? Of 'n mes in sy maag druk?"

"Miskien," sê Simon.

"Daai heuningkwas gaan jou nêrens bring nie, Casso."

"Ek dog julle't almal sáám vir Andries vermoor."

"Nee, hel. Laat die moord aan die malles oor." Hy beduie na die badkamer. "Laat die ouens wat hulle vrede gemaak het die vuilwerk doen. Daai moord was nie eers

nodig nie. Vloog wou maar net een of ander siek beginsel demonstreer. Sien, my ou grootpraatmater, in ons skema gaan dit nie eintlik oor die werklike gevaar nie. Dis nie nodig om iemand dood te maak om ’n bietjie vrees in te boesem nie. Solank jy die ding reg aanbied. Kyk, partymaal moet jy onsigbaar wees. ’n Ander dag moet die hele wêreld jou kan sien. Dis maar ’n doodgewone bemarkingsstrategie.”

“Moord is moord, Jan. As jy dit toelaat is jy ewe skuldig.”

“Jy reken,” sê Jan. “En ek stem seker saam met jou. Maar Simon ou vriend, besef jy nie dat daar elke dag ’n moord gepleeg word met jou toestemming nie?”

“Nee. Ek besef dit nie.”

“As jy deel is van ’n samelewing, as jy ’n ID-boekie het, ou vriend, is iemand besig om namens jou ’n moord te pleeg.”

“En ek sê vir hulle dankie,” sê Simon. “Want hulle beskerm daardie samelewing waarvan ek deel is.”

Die ratelslang begin samba deur Jan se bors. Hy kry sy lag onder bedaring, en praat hortend.

“Ou vriend ou vriend ou vriend. Jy’s vir my so oulik as jy jouself dom hou. Ons ou terrarium van ’n landjie, en al die terrariumpies om hom, en dié oorkant die ou blou see, en dié wat lankal nie meer bestaan nie, het hulle vir jou nog niks bewys nie? Is almal net besig om hulself te verdedig? Wie begin die moeilikheid?”

“Nee, sommige state is kwaadwillig. Of dom.”

“En ek neem aan jy besluit watter?”

“Nee, daar is ... menslike waardes waarvolgens jy kan besluit.”

“Is so, is so,” knik Jan. “Menslike waardes.”

Simon hoor die toilet spoel, en Vloog wat sy hande was. Hy kom uitgestap soos Wolraad Woltemade voor sy laaste rit die see in.

“Kyk die een,” sê Jan. “Stap daar uit asof kak ’n godservaring is.”

“Partymaal is dit,” sê Simon.

“Los hom uit, Jan,” sê Vloog. “Simon verstaan. Hy sal sy keuse maak.”

Nou’s dit Cyril wat met hom spot:

“Based on what? Ons medical scheme is maar kak, nê Simon? No company car, nuh m’lanie?”

“Julle wil versteekte geskiedenis hê. Ek is ’n publieke storieverteller,” sê Simon. “Ek kan vir julle niks beteken nie.”

“Jy kan vir ons alles beteken,” sê Vloog. “Die wêreld is dik geëet aan die vet wat op die oppervlak dryf. Hy kan nie meer sy eie tril sien onder sy rolpens nie. Ons sal vir jou die stink voue onder sy gordel wys.”

“Uhm, dankie, maar ek dink ek het klaar genoeg gesien. En ek sien nie kans vir ruik ook nie.”

“Ons sal jou saamneem na die oop see, jou groen boekie uit jou sak uit haal en dit in jou geboortesertifikaat toedraai. Ons kan dit verpulp en vir jou origami-papier maak. Ons sal jou die vormpies laat vou wat jy wil, elke dag iets anders,” sê Vloog.

“Wat wil jy hê, Simon?” vra Jan opgewerk.

“’n Troeteldier, ’n vrou en twee en ’n half kinders,” hoor Simon homself sê. “’n Pensioenplan en ’n affair met my sekretaresse.”

Hy sien letterlik hoe Jan hom afskryf. Die frons verdwyn en sy skouers val.

“Jy wil die res van jou lewe met ironie leef, ou maat. Liewe Here nou’s ek teleurgesteld. Dis nie die moeite werd nie, vriend, dis nie die moeite werd nie. Jy sal vir jouself donnerse goeie stories moet vertel as jy aan die lewe wil bly.”

Miskien sal hy. Miskien sal hy donnerse goeie stories vertel.

“Besef jy,” sê Vloog, “dat ons aan die voetenent van ’n nuwe era staan, Simon? Hierdie ding, hierdie heksejagtery wat hulle die oorlog teen terreur noem, is nie gerig teen die paar vadoekkoppe met bomme in hul agterplase nie. Dis ’n oorlog teen die God van die Ou Testament. Ongelukkig is die drie wyse manne se kamele omgekoop. Dis ’n oorlog teen oorlog self. En oorlog is ’n swanger hermafrodiet met ’n spieël. Die oorlog gaan nooit einde kry nie.”

“Wel, julle’t uit die aard van die saak klaar kant gekies.”

Skielik skop Vloog die televisie om. Vonke skiet oor die mat en om Simon se voete.

“Luister na my!” brul Vloog. “Verstaan jy nie? Daar is nie kante te kies nie! Die ratel eet die skerpioen, die ratel sterf! Dit is alles om’t ewe! Al wat gaan oorbly is

die handelsmerke. Die straatbrakpis van ekonomiese grondgebied. Verstaan jy nie?"

Hy kom al nader aan Simon. Simon voel die roofvisse aan sy derms kou. Vloog fluister:

"Ek wil vir jou 'n wêreld wys waar ons handewerk vir ewig onthou sal word. Ek sal jou wys hoe ons die finale woord oor die mensdom kan sê. En jy, jy sê jy wil stories vertel. My God, kind, ek sal vir jou stories gee om te vertel."

"Die finale woord oor die mensdom?" vra Simon, maar voel hoe 'n groot katonkel sy blindederm afkou. Vloog se dooie glasoog is sentimeters van sy gesig af. In die land van die blindes. Die eenoogsultan sê die woorde saggies, lettergreep vir lettergreep:

"Terreur, B-P-K."

&

Kristina probeer alles in haar kop bymekaarsit legkaarte bou wat sy vir die res van haar lewe op die sonkamertafel van haar siel kan los. Sy onthou die droom elke dingetjie daarin en veral die spoegslymsel op oom Pedrie se voorkop. Sy wonder waar oom Pedrie deesdae is. Hulle't getrek, sy onthou hulle't getrek toe sy hoërskool toe is. Sy't nooit weer van hom gehoor nie nooit weer aan hom gedink nie. Maar nou wonder sy oor hom. As sy kon opstyg op tussen die sterre en oor die horison loer miskien sou sy hom kon sien. Sy sal wegkruip agter 'n komeetjie en loer waar hy is. Oor die berge en oor die liggies tussen wolkies deur loer. Sy't nog altyd gehou van berge. Groot, rotsige berge. Die see kan skuif soos in Holland. Riviere droog op. Bosse word afgekap. Maar berge is maar altyd nog daar. Eendag wil sy nog Kilimandjaro klim. En haar asem voor haar sien mistig met groot vriendelike Masai's wat groet en sneeu en beautiful Afrika orals om jou en miskien 'n kind wat 'n liedjie sing en miskien…

Die liggies. Die liggies kom al nader. Hoekom is die liggies voor die skip? Is hulle op pad hawe toe?

Sy onthou die gesigte daar onder, toe sy op die verhoog was. Alfie. En om hom al die ander oulike outjies met hulle wit uniforms.

Oeps.

Sy weet daar is 'n groot stuurwiel daar bo die trappies. So 'n groot koper- en houtwiel, en daar't altyd een van hulle daaragter gestaan en die skip bestuur. Wie

staan nou daar?

Sy los haar chai tea en hardloop af met die houttrappe en oor ’n bruggie en af met nog trappies tot sy kom by die bestuurkamer met die venster wat vorentoe kyk. Klomp kleure liggies en skermpies. Daar’s niemand binne nie. Daar’s die stuurwiel. Dit draai heen en weer, dit swaai soos ’n kermiswiel. Sy gaan staan wydsbeen agter die wiel en probeer dit vang. Dit ruk! Sy val amper om! Maar gelukkig is sy kaalvoet en sy bly staan. Haar kneukels pyn soos sy druk teen die houtpenne. Wow. Sy bestuur die skip!

OK OK OK sy moet mooi dink. Hulle’s op pad na die liggies en hulle wil nie in hulle vasry nie. Sy moet draai. Maar waarheen? Wel, seker maar net omdraai? Of wat? Dis seker beter om dieper te gaan as vlakker? Ja. Sy gaan heeltemal omdraai. Iemand sal seker later kom help.

Sy’t al gesien hoe hulle dit doen. Hulle gooi die wiel en laat hom op sy eie draai. Watter kant toe sal sy gaan? Olke bolke regs. Sy maak seker sy staan stewig en gryp ’n pen vas met altwee en trek so hard soos sy kan regs. Die wiel draai en draai en draai om. En die skip ruk! Hy draai regs! Sy sukkel om op haar voete te bly. Maar sy klou vas aan die wiel. Die liggies skuif na links! Kristina in the house!

Nou moet sy mooi kyk tot die liggies net mooi agter hulle is. Maar die ding het nie spieëltjies nie! Sy sal buite moet gaan loer en dan weer inkom en dan die wiel reguit hou. Sy stap uit en kyk. Nee maar nou kom die liggies weer terug. Sy kyk na die wiel. Hy’t weer anderkant toe geswaai! Sy hardloop in en probeer hom vang. Hy draai te vinnig! Sy kan nie haar hand inkry nie. Sy staan terug en druk met haar voet lekker Vrystaatse diksool dink sy sy druk met haar voet teen die wiel en hy gaan bietjie stadiger. Nou kan sy hom weer vat. Die keer gooi sy hom links. En sy hou hom daar. Hier’s ’n ronde ding voor haar wat omdraai soos die skip draai. Miskien kan sy net daarna kyk. Wag tot hy anderkant toe wys. Nog so ’n entjie. NE, sê hy. ENE. Nog ’n entjie. E. Sy hou die wiel styf vas. ESE. En nou’s hy omtrent omgedraai, dink sy. SE. Sy laat die wiel stadig terugswaai. Die pyltjie draai stadiger. SSE. En hy begin weer omdraai. Stadig nou. Hy gaan weer terug. SE. Miskien as sy die ding daar hou, sal als OK wees. Wydsbeen. Sterk staan. Sy moet stuur.

Iets kggh. “Kristina! Kristina!” skree iets. Dit kom van hier voor af. Waar? Dis bietjie donker, sy kan nie als sien nie.

“Kristina, look at the console.”

Wat is ’n console?

“Kristina, there’s a microphone a step or so to your right. There’s a red button under it. Press it and speak. Let it go when you’re done.”

Dis ’n vrouestem, al klink dit so krapperig. Sy druk die rooi knoppie.

“Helloooo?”

Sy los weer die knoppie.

“Kristina, thank God. It’s Judith. You’ve just saved everyone on the ship. We’ve got you on the bridge cam. Listen to me, Kristina, listen carefully. There’s a man here who’s going to speak to you. You need to stop the ship. He’s going to explain to you what you need to do. OK?”

Kristina soek die rooi knoppie.

“OK,” fluister sy, en los weer die knoppie. Die man se stem is grof en hy praat vinnig.

“Hallo Kristina, dis Rolf hier.” Rolf! Sy’t eenkeer met ’n outjie genaamd Rolf uitgegaan!

“Hallo, Rolf.”

“Kristina ons gaan die skip se enjin in neutraal probeer sit. Soek vir my ’n groot hefboom wat mens kan vorentoe of agtertoe skuif.”

Hefboom? Alles voor haar lyk of dit vorentoe of agtertoe kan skuif.

“Uhm...”

“Kristina, ons het nie baie tyd nie. Gou-gou, kyk daar aan die ander kant van die console.”

Wat is ’n console fok? Sy kyk. Dit lyk vir haar alles dieselfde.

“Kristina kry jy dit? Sit die ligte aan dammit!”

Die ligte? Waar? Sy hardloop al met die binnekant langs en voel vir die ligte. Hy moet darem vir haar kom rondjaag...

“Kristina! Kalmeer!”

Sy druk die rooi knoppie.

“MOET NÓÓIT VIR MY SÊ OM TE KALMEER NIE!!!!”

“Dammit meisie staan net stil!”

Sy sien slymsels drup uit oom Pedrie se piel. Sy hoor hoe hy agter haar aanskree. Nee nee nee nee nee. Sy druk die rooi knoppie.

“LOOP KAK IN JOU POES!”

Sy kan nie sy kan nie sulke woorde sê nie maar sy weet nie hoekom nie hulle’t uitgekom sy moet die skip afsit sy weet nie hoe nie maar sy skop na die fokken ‘console’ en sy skree en sy voel hoe haar hele lyf inmekaarintrek en sy slaan die knoppies en draai en druk en trek en sy sien daar’s rooi bloed oor dit en sy skree tot sy nie meer kan nie en Rolf skree ook en Judith skree en sy sien daar’s nog rooi ’n ding teen die muur en dis ’n brandblusser sy ruk dit af en slaan en slaan en slaan tot sy nie meer haar arms kan oplig nie. Sy sak inmekaar teen wat seker die fokken console is en vir ’n rukkie wil sy net daar lê. Hulle moenie met haar praat nie. Maar sy hoor Judith se stem.

“OK Kristina don’t worry don’t worry we’ll work around it. Just relax... I mean, just stay there... or whatever.”

Sy lê op die vloer. Haar hande is seer. Maar sy wil nie kyk nie. Sy wil net hier lê. Sy hoor ’n diep klank bgggh iewers en voel hoe die skip ruk. O fok o fok o fok o fok o fok o fok o fok. Was dit sy? Het hulle in iets vasgery? Sy staan op. Miskien moet sy nog regs draai? Of links? Sy draai links. Sy gooi die wiel links maar haar hande is nie lekker nie. Eina. Sy gooi die wiel links en byt op haar tande. Die pyltjie beweeg nie. Die wiel draai om en om maar die pyltjie beweeg nie meer nie. O fok o fok. Wat het sy gedoen?

“Kristina,” hoor sy weer Judith se stem. “Don’t do anything. In fact, I think it’s probably best if you got out of the way. Just go somewhere ... out of the way. We’ll handle it.”

Sy kyk op na die kamera. Flits flits flits flits die rooi liggie. Kom uit die pad uit Kristina. Jy’s niks werd nie. Sy los die wiel net so en stap uit. Op met die trappies. Op 360 toe.

&

“Wat was dit?” roep Simon uit. Hy het gevoel hoe hulle draai. En toe trek daar ’n bewing deur die skip. ’n Rommeling het iewers onder hulle gedreun. Ten minste hoef hy nie meer in Vloog se glasoog vas te staar nie. Die post-traumatiese sikloop sit met op die vensterraam en kyk belangstellend af na die water toe.

“Dit,” sê hy, “was waarskynlik die laaste van ons dryfskroef.”

“Klaar gelag,” sê Jan.

“Nou dobber ons soos ’n champagneprop,” sê Cyril.

“Ai,” sê Harold. “Hoe dink jy het hulle dit gedoen?”

“Nie seker nie,” sê Vloog. “Miskien een van daai stuurtorpedo’tjies. Hulle kan mos enige plek inswem.”

Simon kyk vir Williams. Die kameraman staar nou al ure lank roerloos deur sy kamera-oog. It’s a wrap. Grappies op stokkies, kom in kinders uit die reën en looks at the scoreboard. Common sense 1, apokalips 0. Hy beter hier wegkom, voor die ding begin Bagdad en Hamlet en almal saam lykpiramides bou. In Williams se kamera het hulle die scoop van die eeu.

“Ons tyd is min,” sê Vloog. Sê jy, dink Simon.

“Is djy in m’lani?” vra Cyril.

“Ek sou graag wou saamspeel,” sê Simon. “Maar ek het Maandag ’n haarkappersafspraak.”

“Jou mos gesê,” hyg Jan. “Die res van jou lewe.”

Vloog stap nader.

“Dis reg so, Simon. Ek sou jou graag wou saamvat. Jy’t ’n skerp kop op jou skouers. Jy sou vir ons baie kon beteken. Sal jy my toelaat om ’n laaste iets vir die kamera te sê?”

“Kry vir jou,” sê Simon.

Vloog maak keel skoon. Hy kam sy hare vinnig met sy hand. Williams fokus. Vloog se stem is vriendelik, onrusbarend.

“Hallo. My naam is Vloog van Dyk, en ek kan jou help met jou terreurprobleem. Vir die skrale bedrag van 7.5 miljoen dollar, plus kostes, kan jy die wêreld laat weet dat

jy nié net nog ’n ontstoke anargis met ’n selfmoorddrang is nie. Koop nóú vir jou respek. Die Terreur BPK teken van gehalte. Ons is beskikbaar vir kapings, gyselaarsdramas, ag, bykans enige geleentheid wat jy jouself kan verbeel. Ons voeg ons persoonlike kenteken van gehalte by jóú terreurdaad. Daar is soveel kompetisie in vandag se mark. Ons kan jou onderskei van die res.”

Hy kon net sowel reisversekering verkoop het.

“Dis nie so maklik om ons in die hande te kry nie, maar híérdie stelsel mag dalk werk: by enige CNN-verslag van ’n terreurdaad, staan in die agtergrond met ’n ‘Terreur BPK’ T-hemp soos dié een aan.”

Hy maak sy sweetpaktrui oop en Simon lees die wit letters op ’n swart hemp. “TERREUR BPK. Koop jou respek.”

Jan krul om van die lag. Vloog gaan voort.

“Ons sal jou kontak. Maar wag, daar’s meer: as jy binne die volgende drie maande met ons besigheid doen, stuur ons vir jou verniet ’n video-opname van die gebeure. Ekstra video-opnames beskikbaar teen 79.95. Terreur BPK. Koop jou respek.”

Die kunsmatige glimlag op Vloog se gesig laat Simon sidder. Hy beduie Williams kan maar ophou.

“Dankie, Simon, ’n bietjie bemarking, jy verstaan.”

Simon skud sy kop.

“Dink jy regtig ek gaan dit uitsaai?”

Vloog steek sy hand uit en neem Simon s’n met ’n slap greep.

“Ek weet jy gaan.”

“Wat my verstom,” sê Simon, “is dat julle dink terroriste gaan met swart T-hemde aan op CNN probeer kom.”

Jan slymlag weer.

“Nee jong, dis maar net ’n ou bemarkingsfoefie. Om bietjie die maatskappy se sigbaarheid te verhoog. Ons kliënte staan al tou.”

’n Bemarkingsfoefie. Simon verstaan. Saai dit uit en elke snotkop wat sy ouers haat gaan ’n ‘Terreur BPK’ T-hemp dra. Hoe’s daai vir viral marketing.

“Ons dink aan die toekoms,” hyg Jan.

“En waar het julle die ouens hierbo gekry? Julle eerste ‘kliënte’?”

“Ai, siestog,” sê Jan. “Ek’s bevrees hulle gaan nie tevrede wees met ons diens nie. Vloog het die kêrels in Taiwan ontmoet. ’n Sekte, jy verstaan. Ek is nie seker hoe hy hulle oortuig het dat hulle ’n geestelike leier het nie, of dat hy in Suid-Afrika gevange gehou word nie. Hy’t ’n manier van praat met hierdie ouens. Hulle glo enigiets wat hy sê.”

“Maar as jy nie saamkom nie, is dit regtig nou tyd dat jy gaan, Simon. Jammer.” Vloog beduie na die deur. Simon aanvaar sy aanbod graag. Maar eers wil almal koebaai sê. Dis drukkies, vuil sweetdrukkies, en omhelsings, en beenkraakhanddrukke.

“Ek sal jou mis, m’lanie,” sê Cyril. “Sal jou mis. But we’ll meet again.”

“Simon, ou vriend,” hyg Jan, “ek dink ek praat namens ons almal as ek sê dat jy in hierdie kort tydjie tot ons beskikking in ons harte ingekruip het. Jy was vir ons meer as ’n onderhoudvoerder. Jy was vir ons ’n uitdaging, ’n vriend, ’n vennoot, en meer. Hel, Simon, ons gaan jou mis. Die aanbod bly natuurlik oop...”

“Wat moet ek doen?” sê Simon. “Swart T-shirt op die Nuus? Kwinkslagkans vir Riaan Cruywagen?”

“Hoekom nie?” sê Jan. “Ag wat, jy sal ’n manier vind. Nou ja. Ons hoop om jou weer te sien. Jý sal óns beslis weer sien.”

Jan omhels hom, soos ’n groot kamferroombeer. Simon kyk na die groepie. Hy sê koebaai, laaste koebaai aan die mal maters. Want hy weet hy gaan hulle nooit weer sien nie. Nie lewend nie. Maar Williams roep al in die gang. Hy kyk nog eenmaal in elke stel oë. Hulle lyk só lewendig, en binnekort, binnekort...

Binnekort gaan hý beroemd wees, en hulle dood. Sy apies gevang in die hardeskyf op Williams se kamera. Agter tralies van hul eie psigoses. Hy knik ’n laaste keer vir die mal maters, en maak die deur stewig agter hom toe.

&

“Dankie,” sê Faye, en hou haar hand bak vir die paar sent kleingeld. Sy hou die eenliterbottel onder haar arm en sit die kleingeld in haar beursie. Sy’t hom al van

lankal af, die beursie met die blou borduurwerk op. Daar's niemand anders in die allnight nie, en die kassier sit vasgenael voor die TV. Sy hou mos nooit van die helder lig in die plekke nie. Dis te klinies.

Buite lê 'n petroljoggie op sy arms en slaap. Daar's dan nie eers karre in die strate nie! Waar is al die mense? 'The witching hour' het haar ma altyd dié tyd genoem. Toe sy klein was het sy verbeel hoe die hekse uitstap op die sypaadjie en sit en gesels by die bushaltes. Te skaam om in die dag uit te kom want hulle's so lelik. Ai, sug sy. Die dinge wat 'n mens in jou kop in kry.

Daar's 'n soutreuk in die lug. Lekker as die wind so effens opstoot van die see se kant af, Hannes het haar eenkeer verduidelik hoekom dit gebeur maar sy kan nie lekker onthou nie. Lekker as mens die lug wat jy inasem kan proe, selfs al is daar partymaal bietjie van 'n vrot seegrasklankie by.

Sy stap om die draai, in Cavendish street in. Nog net hierdie blok en dan om die draai, dan's sy by Glynnville. Sy kyk af na die wit tone van haar skoene. Wel ook nou nie meer so wit nie, dis regtig tyd dat sy vir Hannes 'n nuwe paar vra. Sy hou van die wit maar dit raak so maklik vuil, jy sien. Veral hier in die strate hier rond. In die Kaap is die strate skoner, al is daar tien, al is daar honderd keer meer mense as hier. Daar maak hulle mos die strate skoon in die aand. Met daai groot spuit-en-veetrokke.

"Ahoy m'lady," hoor sy die stem agter haar, en raak koud.

"M'lady, you don't have a fifty cent for me?" sê 'n ander een. Sy stap aan. Hulle kom stap langs haar, albei kante. Die een het een van daai toppe aan wat al die pad tot op sy knieë gaan, en 'n mus tot amper oor sy neus. Hy moet sy ken lig en teen 'n hoek kyk om vir haar te kan sien. Sy hoor nog voetstappe agter haar.

"M'lady, just a fifty cent," sê die een weer. Sy skud haar kop. Hulle moet haar net uitlos. Sy voel hoe haar hart in haar keel klop.

"She's too good for us, the lady," sê die ander een.

Sy stap net. Sy kyk af na haar wit skoene.

En toe hoor sy die een agter haar beweeg, en iets kouds teen haar nek, skerp, en sy gil maar daar's niemand op die strate nie. Sy wil nog die een slaan met die Coke-bottel, maar dan's die lem styf in haar nek en sy weet sy moet nou net alles doen wat

hulle sê. Die twee kom staan voor haar.

"Nay, m'lady moenie skrik nie, this ain't a rape," sê die een met die mus. Die ander een het 'n wessie en 'n pet aan, met 'n goue ketting om die nek.

"Fokkers!" skree sy, en voel die lem nog stywer in haar keel druk.

"No worries lady jus' han' it over an' we'll be on our way, come on don' be a hassle."

Hy vat die beursietjie, en kyk binne-in. Hy haal die sente uit.

"Dis al wat ek het, asseblief," sê sy. Dis al wat sy kan dink om te sê.

"What's this kak you spinning me? This is all you got? A whitey? Where you hiding it? Come on…"

Hy beweeg nader aan haar en druk 'n hand oralster oor haar. Hy ruk haar bloes oop.

"What have we here…?"

"I don't have money, I swear, I don't have nothing…"

"Fuckin' bitch!" skree hy, en skielik steek hy sy hande uit en sy voel hoe haar rok oopskeur en sy laat val die Coke stukkend op die grond. Sy wil nog keer maar die een agter het haar arms vas.

"Maybe we should rape this bitch. I'm sommer pissed off now."

Die een agter haar sê niks.

"You fuckin' bitch!" skree die een met die mus in haar gesig. En toe stap hulle verby haar agtertoe, en die een agter haar los haar arms en hy's ook weg. Hulle stap al in die straat af met daai snaakse halfval-manier van stap. En daar aan die onderpunt, daar by die ander grootpad, sien sy hulle stap oor die pad. En die een met die mus gooi iets weg. Dis haar beursie.

Sy maak toe so goed soos sy kan, en stap terug woonstel toe. Ties gaan kwaad wees. Miskien moet sy sê daar was nie Coke nie. Sy kan nie nou vir Ties ook nog in die oë kyk nie.

&

Grys lug in die ooste. Die koudste deel van die nag, dink Simon. Op hierdie leë dek het hy en Williams nog niks vir mekaar gesê nie. Hulle is seker veronderstel om

noodseine uit te stuur, inligting deur te gee. Maar hy wil nie regtig deel word van die hele storie nie. Sy deel van die storie het hy reeds, dankie. Op die hardeskyf wat hy vir Williams uit die kamera maak haal het, en wat hy tussen sweterige vingerpunte in sy baadjiesak vashou. Net ʼn bietjie data. Dis al. Binêr. 1's en 0'e, mooi gerangskik.

"Kom ons gaan op 360 toe," sê hy vir Williams. "Sal ʼn paar goeie skote van daarbo af kan kry. En ek wil nie juis hier rondhang nie."

"Sure, ek herlaai gou," sê Williams.

Simon hoor sy voetstappe weerklink oor die dek. Hy luister met behae na die egalige ritme van sy leerskoene.

Op 360 kry hy vir Kristina. Sy is, surprise-surprise, aan die drink. Hy gaan sit versigtig langs haar, en laat sy leerskoene oor die kant hang.

"Goeiemôre, stormtroep," sê sy afgemat.

"Pandoer, suster. Noem my pandoer."

"Ek dink my oom het my gerape toe ek klein was," sê sy.

Simon knik.

"Ek het so vermoed."

"O. Jy's slim."

Sy skroef ʼn klein botteltjie gin oop, en drink dit uit. Haar lippe lyk bleek, klein en droog. Dit lyk asof sy ʼn midnight snack saam met die duiwel geniet het.

"Ek het vanaand besluit wat ek wil doen," sê Simon.

"Dis baie lekker," sê Kristina. "Wat?"

Sy gooi die bottel ver oor die reling weg.

"Ek wil donnerse goeie stories vertel. Wel, probeer."

"O," sê sy. "Skryf een oor my. As jy tyd kry."

"Ek sal."

Sy kyk na die horison, en hy probeer sien wat sy sien. Die sterre is stadig besig om hul skerpte te verloor.

“Poes!” skree sy.

Simon voel sy oë lag. Hy weet sy skree nie op hom nie. Sy’t nog nooit op hom geskree nie. Niemand besef dit nie, dink hy. Maar dis nooit eintlik hulle op wie sy skree nie.

“Jy’s die oulikste alkoholis wat ek ken, Kristina,” sê hy.

“En soveel meer,” sê sy. Hy voel haar kop op sy skouer leun:

“Ek moenie eintlik drink nie.”

Sy vat sy hand en tel dit flou op.

“Jy moet my regklap,” sê sy. “Klap my reg.”

Sy laat sy hand val.

“Poes!”

&

Faye bewe soos ’n riet. Sy kan nie die rok toehou en terselfdertyd die sleutel inkry nie. Sy kry dit net nie reg nie. Op die ou end staan sy teen die traliehek en snik. Sy wil inkom en by die ander voor die TV gaan sit en vergeet van die straat. Sukkel-sukkel kry sy dit reg om die buzzer te druk. Wat sal hulle nou dink?

“Hallo?” gil Ties. Sy wens dit was Hannes. Sy wil net wegkruip in sy arms. Dis Ties wat oopmaak. Haar oë word groot, en die skrilheid verdwyn uit haar stem.

“Faye... meisiekind?”

Hannes is in die kombuis. Hy los die yskasdeur net so oop. Sy gaan sit op die bank. Ties begin tee maak en Hannes vra vrae, maar sy wil nie nou antwoord nie. Sy wil net sit. Net so doodstil sit.

Die mense op die skip. Shame hulle’t nou almal omgeval. Al die moeë lywe in die helder kleure. Sy voel lam skok. Soos as mens besef daar’s iemand in jou huis, of jy besef jy’s uitgevang terwyl jy in iemand anders se goed krap. Sy vat versigtig aan haar nek. ’n Ry klein rofies. Sy kan praat as sy wil, maar daar is nou niks wat die moeite werd is om te sê nie.

“Wil jy nie maar ietsie rook nie Faye?” vra Tiesie, en bied haar pakkie Dunhills aan. Maar Faye kyk hoe lyk haar tande – al heeltemal bruin hier tussenin. En nou met ’n

lipstiekvlek ook op die een kiestand. Ties se oë trek op so ŉ effense frons, en mens kan sien daar waar haar haartjies vaskleef aan die make-up. Sy sê mens moet op jou beste lyk, maak nie saak waar jy gaan nie.

"En nou, Faye? Bly om te sien jy kan nog smile jong, maar wat gaan aan?"

Faye skud haar kop. Almal is seker maar net mense. Sy wil nie dink hoe sý lyk soos sy hier sit nie. Maar daar is ŉ gepraat op die TV. Dis die hoofman.

"Kind ladies and gentlemen. We have had fun. But now it is time for the government of South Africa to deliver. I will give one minute grace. Starting … now. 59 … 58 …"

"O heretjie," sê Ties.

"Flippit," sê Hannes.

Faye weet nie hoekom sy dink dis snaaks nie, maar sy voel hoe haar maag op en af wip soos sy die lag probeer wegsteek.

"47 ... 46 ..."

Hulle't vir Samantha le Roux op die verhoog. Sy dra ŉ pers leotard, met geel leg-warmers. Sy kniel met haar hande agter haar rug. Hulle wys haar gesig, en dis net trane en sweet.

"Gggghhh," begin Faye se lag uitglip. Sy kan nie meer uithou nie. Dis te snaaks!

"Faye!" skree Ties. "Kom nou."

"36 … 35 …."

Faye voel die giggels tussen haar lippe deur druk. O jitte jitte!

"27 … 25 …"

Samanthatjie se gesig trek op ŉ punt en haar rooi lippe kramp oop en toe soos ŉ guppy. Hie-hie-hie-hie.

"9… 8 …"

Faye voel Ties en Hannes se oë op haar, maar sy kan nie haarself beheer nie.

"3… 2 …"

Skielik is daar weer da-da-da's. Die hoofman val agteroor, en die twee langs hom

ook. Samantha bly kniel. Daar's nog da-da-da's. Wat gaan aan?

Faye rol vooroor tot op die vloer en lag en lag en lag. Hoe lekker het die Huon-ding nie agteruit gehop nie! En kyk die nat kol daar by Samantha se leotard!

"Faye!" Hannes kom trek aan haar arms, maar sy wil nie opstaan nie. Da-da-da, hoor sy gaan dit op die TV. Nog geel mans val om en blou mans met gewere storm orals in. Da-da-da. Ha-ha-ha. Da-da-da. Ha-ha-ha.

Hannes lig haar op en sit haar op die bank neer. Hy sit 'n kombers oor haar. Sy voel hoe die lagbuie minder word. Hy bring vir haar suikerwater. Skielik is die lag weg.

"Jammer oor die Coke," sê Faye. Sy wil vir Hannes sê "hou my vas", maar sy sê dit nie.

"Drink julle fokken brandewyn met fokken suurlemoensap," hoor sy haarself sê.

Hannes kyk om. Hy frons. Hy moet nou vir haar kom rev, hy moet nou moeilikheid soek!

"Toe nou, duif," sê hy. "Kom hier. Kom ek hou jou vas."

Sy wil stry en sy wil opstaan en hulle uitkak, vir wat stuur hulle haar alleen? Vir wat moet sy elke donnerse dag sorg dat die hele paleis van hulle suffering nie inmekaarstort nie?

Maar hy sit sy arm om haar en hy ruik na man en na veilig wees. Sy weet sy is nou terug in haar nessie. Sy huil, diep onder sy skouer in.

&

'n Geel smeersel lig op die horison. In walms van Kristina en gin vroetel Simon aan die hardeskyf in sy baadjiesak. So 'n klein reghoekige plaatjie, met 'n ganse wêreld daarin. Sleutels wat deure oopsluit in gange wat hy nog nie eers bedink het nie. Die stukkie silikoon en metaal loop kraaipootjieplooie oor sy toekoms.

"Ek moet Vrystaat toe gaan," sê Kristina. "Ek moet gaan swem."

"Hmm," sê hy.

Hy sal natuurlik moet bedank by *V*. Hy en Williams sal stilweg daar moet loop. Dennis sal óf nie sy scoop uitsaai nie, óf hy sal al die regte daarop behou. Hy sal sy kontrakte moet deurkyk, Williams het dit op sy eie kamera geskiet, en alhoewel hy

in Dennis se diens was, sou dit seker nie as gewone werksomstandighede beskou kan word nie. Sy prokureur sal dit kan uitsorteer.

“Ek moet gaan kyk hoe my gesig lyk,” sê Kristina. “Ek hoop nie die dam het opgedroog nie.”

En dan. Wanneer die mediastorm bedaar, en almal net-net begin vergeet van die kaping van die *Fantasy*. Of begin wonder wat van Cyril en die mal maters geword het. Dan sal hy toeslaan. Met die scoop van die eeu. Die storie agter die storie.

“Ek het die skip gered,” sê Kristina.

“Goeie werk,” sê Simon.

“Op my eie.”

“Hmm.”

Hy wonder aan wie hy dit moet verkoop. SABC? Te platvloers. M-Net? Maar hy wil hê almal moet dit kan sien. E-tv hou van sensasie, en neem hulleself ernstig genoeg op. Of miskien moet hy sommer direk met CNN praat, BBC nog beter. Of miskien moet hy net die voëltjies laat fluit, en wag vir die aanbiedinge om in te stroom.

“Soen my, Simon,” sê sy. “Net so bietjie.”

“OK.”

“Ek het jou lewe gered. Jy moet,” sê sy.

“OK.”

Haar lippe is koud en droog. Hy proe suur ensieme en die smaak van metaal.

“Dankie,” sê sy.

“Nice,” hoor hy Williams se stem agter hom. Hy’t nie eers gehoor toe hy opstap nie. Hy kyk om en sien die PD150 op hulle gerig. Williams is al weer besig met die regstreekse uitsending. Nou sal hy seker nie hoef te bedank nie. Dennis sal hom vinnig laat loop as hy dié prentjies sien. Hoe lank smag hy nie eintlik al daarna nie.

Wat moet hy volgende doen? Die land is propvol stories. As hy net die kans kry om hulle te vertel. Die land teel stories aan soos rotte voor daar Vigs was. Hy moet ’n tuinslang kry en die riool oopspuit. Wag vir die rotte om uit te skarrel. Hy sal seker ’n paar ekstra rotvangers moet aanstel.

Stemme, onder, op die dek. Hy loer af. Dennis lei ’n bedremmelde optog gaste op iTshona uit. Die een kant van sy wit pak is pikswart gevlek. Laat hy kyk. Simon gee nie om nie. Laat hy dink wat hy wil.

“Wow, what a shot,” hoor hy Williams agter hom sê. Die kameraman staan agter die reling en Simon hoor die sagte kir van sy PD150. En hy’s reg. Dis ’n Rapport-voorblad. Die eerste lig op die horison, nog lank voor die son, maar genoeg om die skimmelwolkies te belig, die neonkleure van die gaste in gimnasiumpakke te laat gloei. Hy sal tog na die heruitsending moet kyk.

Maar iets is nie pluis nie. Die seesoldate wat daar onder saam met die gaste uitstap. In blou uniformpies, die homogene mag van die gereg. Hy’t geweet hulle moet aan boord wees. Maar waar is hulle fregat, of helikopter, of skiboot? Of valskerms? Hy het niks gehoor nie. Hoe het hulle hier geland?

“Vriende,” hoor hy veraf Dennis se stem. Hy gaan staan langs Williams. “Vriende, ek wil vir julle sê dat julle, sonder uitsondering, helde is. Dat die aanslag wat vannag op ons gemaak is, deur lafaards van die laagste soort mensemateriaal gemaak is. Nee wag. Ek noem hulle nie eers mense...”

Simon hoor die oe’s en aa’s, die oe’s en aa’s wat voorheen sy loopbaan bepaal het, wat hom laat spring het soos ’n vlakhaas, na een of ander jong held wat sy roomys laat val het op die dek van die *Fantasy*. Aan die stuurboordkant leun ’n paar gaste oor die reling. Iets daar onder het hulle aandag getrek. Dennis kyk ’n oomblik regs, maar gaan voort:

“Vriende, ek noem hulle nie eers mense nie. Hulle is diere.”

Niemand luister na hom nie. Almal drom saam aan die stuurboordkant, en loer oor die reling. Iemand skree, ’n mansstem, en Simon sien hoe een van die soldate deur die skare nael, terug die skip in.

’n Klein grys vormpie. Dis al wat Simon kan sien. ’n Grys vierkantige vorm, so vier meter hoog. Aan die bakboordkant van die skip, in die donker.

“Wow,” sê Williams. Hy kan natuurlik inzoem, die fokker.

“Wat?” sê Simon. “Kan jy sien?”

“Dis ’n duikboot,” sê Williams.

Williams vou die skermpie uit. Simon sien die romp van ’n duikboot, donkergrys in die donkergrys water.

“Beweeg in,” beveel Simon. Die boeg is amper onder die water. Maar tussen golwe deur is die wit letters teen die romp sigbaar. ‘Umkhontu’.

Umkhontu. Simon ken die naam maar alte goed. Een van die twee steelduikbote wat die vloot uit die pitsweer van die wapentransaksie gekry het. So te sê onsigbaar op ’n radarskerm, bedek met ’n sponsagtige metaalallooi, wat die radarsein absorbeer, in plaas van terugkaats. Dis hoe die soldate hier aangekom het. Sonder dat enigiemand geweet het. Dis die beste manier om ’n skip te bekruip. Swem ’n donker paadjie tussen die blaasoppies en jellievisse deur.

’n Luik bo-op die romp maak oop. ’n Wit vlag, handgeverf, met skedel en gekruiste bene steek uit. En daaronder, in oneweredige hoofletters: ‘TERREUR BPK’.

Briljant. Simon voel aan die hardeskyf in sy sak. Dit is doodeenvoudig briljant. Dit is belaglik, betreurenswaardig, besete, begryplik, berserk, bewimpelend, boos, brutaal, en briljant. Dit is onverskrokke, onnosel, ontoerekensvatbaar, onanisties, onsigbaar, onbeskaaf, en onbetwisbaar ongelooflik. Onnavolgbaar. Waar gaan hy die woorde vind om hierdie storie te vertel?

Die enigste rede vir die kaping was die duikboot. Een sin. Maar dit is nie wat gebeur het nie. Wat gebeur het lê tussen, onder, en deur die woorde. Dit is vasgebind, al om die bene van die letters. Maar die letters vertel nie die verhaal nie. Vloog het die einde geken voor die ‘b’ van die begin geskryf is. Vloog het geweet wat die magte van die staat sou doen, voor hulle dit self geweet het. Vloog, die student van versteekte geskiedenis. Vloog wat uiteindelik sy duikboot gekry het.

Die Umkhonto vaar stadig om die boeg van die skip, haar vlag wapperend. Simon kyk op die skermpie van Williams se kamera. Hy kan net-net die hand uitmaak wat die vlag vashou. ’n Bruin hand. Met goue ringe op elke vinger. Goue ringe wat nie voorheen daar was nie. Hy verbeel homself hoe Cyril aan ’n leer vasklou, ’n pelsjas om sy skouers, Fila-tekkies en halssnoere. En begeesterd sy vlag omhoog hou.

Simon onthou Jan se woorde: die aanbod. Hy kon daarbinne gewees het. Maar hy wil nie. Hy weet nou, hy wou nog nooit daarbinne gewees het nie. Al het hy soms so gedink. Al sien hy nou Dennis se patetiese, oliebevlekte woede. Al gril hy vir die gaste, die hiënas wat sy storie soos ’n kreupel bokkie gaan opvreet. Vir hulle fyn

gemanikuurde hande wat beduie na die duikboot. Al gaan hy nooit weer na ʼn sjampanje-ontbyt genooi word nie. Hy weet waar hy hoort. Hierbo, onopsigtelik, met ʼn kamera.

Die duikboot vaar al om die stuurboordkant. Een van die soldate wil skiet, maar ʼn ander een druk sy geweer af. Wat sou hy in elk geval kon uitrig? Die Umkhonto vaar met ʼn draai uit, en kom weer in, al stadiger, agter die agterstewe en die verminkte skroef in. Dit lyk of hy stop. Lyk of hy net agter die boot gaan stop. Is hulle mal? Natuurlik is hulle mal.

ʼn Stem praat oor ʼn megafoon. Dit klink na Cyril.

"Greetings, ladies and gents. Hierie is almal se favourite waiter. From now on it's seafood platters on the house. We'll meet again en al daai."

Simon dink aan Jan se woorde. ʼn Lewe vol ironie. Afstandelik, lag-lag vir jouself tot in die kis. Dis seker nie so erg nie. Maar daar is nog een ding wat hy moet doen. ʼn Laaste koebaai vir die *Fantasy*, en ʼn laaste koebaai vir die mal maters. Hy trek sy baadjie uit. Hy gee dit vir Williams en sweer hom die dood voor die oë as hy dit verloor. Hy hardloop af met die trappe. Hy hardloop af na iTshona. Die gaste in hul neonpakke kyk verontwaardig na hom. Hy lyk seker frisvars, vergeleke met hulle.

Uit die stoorhokkie gryp hy ʼn tafelblad, en sit dit teen ʼn hoek oor die agterste reling. Niemand let eers op toe hy op die swart rostrum klim en wydsbeen oor die Harley klim nie. Hy skroef die klamp af, en skop die staander op. Die enjin brul met die eerste draai van die sleutel. Nóú kyk hulle om. Nou kyk hulle almal met groot oë. Hy los die clutch en val amper af, maar hou net-net sy balans. Hy skiet vorentoe. Mooi mik, mooi mik, en hy vlieg by die moeë, verwarde gesigte verby. Hy tref die tafelblad teen ʼn helse spoed en vlieg, oor die reling, ver oor.

"Whoooooe-hoooeee!" skree hy, en los die handvatsels. Die Harley val onder hom uit en hy steek sy arms in die lug, voel hoe sy hemp wapper in die wind.

Hy tref die water met ʼn slag. Die duikboot is nog dertig, veertig meter weg. Hy begin swem. Hy trek sterk hale deur die water, en skop sy leerskoene uit. Hy skop so al wat hy kan.

"Oraait, me hearties," hoor hy Cyril se stem oor die megafoon. "Dit was ʼn uiterste plesier. Leave you and love you."

Hy sien die grys metaal net ’n paar hale voor hom. Nes hy opklim, sy broek swaar aan sy bene, hoor hy die luik toemaak. Hy hardloop na die leertjie, klim op, en klop. Dit bly toe. Hy klop weer. Niks.

Hy sien die water al nader kom. Die duikboot is aan die duik.

“Koebaai!” skree hy, en gaan staan kniediep op die romp. Dis eintlik al wat hy wou sê. Nog ’n keer, miskien kan die mal maters hoor. Hy weet niemand op die *Fantasy* sal kan hoor nie.

“Koebaai!” skree hy, met ’n laaste klop teen die romp van die Umkhonto.

Die water styg tot by sy bors. Hy skop homself van die romp af, draai op sy rug, en begin terugswem. Daarbo, tussen die sterre deur, trek ’n geelgrys ligstraal uit die newel.

&

Die tee is warm tussen Faye se hande. Ties en Hannes sit soos robotte langs haar, hulle praat nie eers meer nie. Sy hou die koppie onder haar kombers, styf teen haar bors vas. Dié Simon. Hy lyk skoon simpel so in die water. Hoe’t hy nie getrek oor die water nie! Faye lag. Dís mos nou snaaks. Dís mos nou goeie TV. Eintlik moet mens maar net mense laat lag, hulle ’n warm gevoel hierbinne gee. Dis eintlik al waaroor dit gaan.

&

Die albatros kyk hoe die groot grys blokvis in die water verdwyn. Sy voel hoe die donsveertjies onder haar vlerke al warmer word. Sy sprei haar vlerke wyd uit, en flap hulle een keer, twee keer, voor sy opstyg. Die reling is koud onder haar kloue. Sy laat los, en voel hoe die wind haar vlerke volmaak.

Epiloog

Simon gooi kookwater by die twee lepels Ricoffy, twee lepels suiker. Aah, die vars sigoreismaak. Hy gaan sit by sy rekenaar, en steek ŉ Ransom aan. Hy sal net ŉ paar sinne aanmekaarsit. Hy is nie haastig nie.

Van sy penthouse-balkon in De Waterkant sien hy die herstelde *Fantasy* in die hawe lê, skitterblink en nuut. Maar hý weet. Die skip onthou. Sy hou die herinneringe diep in haar maag. En hý onthou. Dennis probeer vergeet. Maar Kristina onthou. Kristina, aka Wanda Fischer, *Streamlines* se intimiderende polisievrou, wat die gees van die wet dien, maar nie die letter nie. Daar word selfs gepraat van ŉ opvolgreeks, bloot getiteld *Fischer*. Na sy as gewildste deelnemer aan *Fantasy* bekroon is, was dit net cocktail parties en tydskrifvoorblaaie. Maar hy en sy kon mekaar nie baie lank uitstaan nie.

Hy waardeer die stilte. Hy waardeer gesprekke met die koerantverkoper op die hoek. Hy waardeer die opwinding elke oggend om die hoofopskrif te sien. Hy waardeer die bang woorde van onsekere joernaliste as nóg ŉ skip in die Indiese Oseaan gekaap word. Hy waardeer die nuwe verbod op die bekendmaking van aanspreeklikes. Hy waardeer Walker, Texas Ranger. Hy waardeer die all you can eat by Saul's. En die meisie, wat miskien agter sy geld aan is, maar miskien nie. Hy waardeer die nou en dan wat hy op straat herken word. Hy waardeer die weke wat verbygaan sonder dat hy herken word. Hy waardeer die rotvangers, wat elke oggend opgewonde bel met nuwe moontlikhede, leidrade, bespiegelings. Hy waardeer die stil namiddag en die stadige besluitneming: watter rioolpyp moet môre uitgespoel word. Hy waardeer die kriptiese e-posse wat hy af en toe kry van cyril@terreur.com. En hy waardeer die swart T-hemp wat hy vir homself laat maak het, en wat al stywer om sy maag span: 'TERREUR BPK'.

Hy druk sy sigaret dood, en laat sy vingers ŉ bietjie oor die sleutels hang, voor hy begin tik:

Daar is min dinge so mooi soos ŉ Hollywood-einde.